



Jaarverslag 2015/2016
Onderwysdepartement

Inhoudsopgawe

Deel A: Algemene inligting

1. Departementele algemene inligting.....	1
2. Lys van afkortings/akronieme	2
3. Voorwoord deur die Minister.....	3
4. Verslag van die Rekenpligtige Beamppte.....	6
5. Verklaring van verantwoordelikheid en bekragting van die akkuraatheid van die jaarverslag	13
6. Strategiese oorsig	14
6.1 Visie	14
6.2 Missie	14
6.3 Waardes	14
7. Wetgewende en ander mandate	14
8. Organisasiese struktuur.....	15
9. Entiteite wat aan die Minister rapporteer	15

Deel B: Prestasie-inligting

1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde doelwitte	18
2. Oorsig van departementele prestasie	18
2.1 Diensleweringomgewing	18
2.2 Diensleweringverbeteringsplan	21
2.3 Organisasiese omgewing	31
2.4 Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderings	34
3. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte.....	37
4. Prestasie-inligting per program	40
4.1 Program 1: Administrasie.....	40
4.2 Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys.....	48
4.3 Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole	67
4.4 Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys	72
4.5 Program 5: Vroeëkindontwikkeling	79
4.6 Program 6: Infrastruktuurontwikkeling.....	84
4.7 Program 7: Eksamen- en Onderwysverwante Dienste.....	88
5. Oordragbetalings	93
5.1 Oordragbetalings aan openbare entiteite.....	93
5.2 Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite	93

Deel B: Prestasie-inligting (vervolg)

6.	Voorwaardelike toelaes	95
6.1	Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal	95
6.2	Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang	95
7.	Donateursfondse	99
7.1	Donateursfondse ontvang	99
8.	Kapitale belegging	99
8.1	Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan	99

Deel C: Korporatiewe Beheer

1.	Inleiding	104
2.	Risikobestuur	106
3.	Bedrog en korrupsie	107
4.	Minimalisering van belangebotsing	108
5.	Gedragkode	108
6.	Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies	108
7.	Portefeuljekomitees	108
8.	SKOOR-besluite	108
9.	Vorige wysigings aan ouditverslae	110
10.	Interne Kontrole-eenheid	111
11.	Interne oudit en Ouditkomitees	112
12.	Verslag van die Ouditkomitee	113

Deel D: Menslike Hulpbronnebestuur


1.	Wetgewing van toepassing op MH-bestuur	116
2.	Inleiding	116
3.	Oorsig van menslike hulpbronnestatistiek	119

Deel E: Finansiële inligting

1.	Verslag van die Ouditeur-Generaal	152
2.	Finansiële jaarstate	156

BYLAES

1.	Bylae A: Aksieplan tot 2019 en leweringsooreenkoms-aanwysers (nasionaal)	226
2.	Bylae B: Statistiese tabel	228
3.	Bylae C: Programprestasiemaatstawwe (nasionaal) – tegniese aanwysers	230
4.	Bylae D: Programprestasie-aanwysers (provinsiaal) – tegniese aanwysers	249
5.	Bylae E: Tegniese aanwysers vir jaarlikse teikens vir vyfjaar- strategiese doelwitte	253



Deel A
Algemene Inligting

1. Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) Algemene inligting

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) is verantwoordelik vir openbare skoolonderwys in die provinsie, vanaf Graad R tot 12. Die WKOD is in agt onderwysdistrikte werksaam en het 'n hoofkantoor in Kaapstad.

Ligging	Posadres	Telefoon	Faks
WKOD-hoofkantoor	Privaatsak 9114, Kaapstad 8000	021 467 2000	021 467 2996
Metro-Sentraal	Privaatsak X4, Mowbray 7705	021 514 6700	021 514 6953
Metro-Oos	Privaatsak X23, Kuilsrivier 7579	021 900 7000	086 556 9519
Metro-Noord	Privaatsak X45, Parow 7500	021 938 3000	021 938 3180
Metro-Suid	Privaatsak X2, Mitchells Plain 7785	021 370 2000	021 372 1856
Kaapse Wynland	Privaatsak 3102, Worcester 6849	023 347 4600	023 342 2898
Eden en Sentraal Karoo	Privaatsak X6510, George 6530	044 803 8300	044 873 3428
Overberg	Privaatsak X08, Caledon 7230	028 214 7300	028 214 7400
Weskus	Privaatsak X3026, Paarl 7620	021 860 1200	021 860 1231

WKOD-inbelsentrums:

Navrae oor personeel en finansies: 086 192 3322; Veilige Skole: 080 045 4647

Webwerf: WKOD-aanlyn <http://wced.school.za>

E-poslys: WKODnuus <http://list.pgwc.gov.za/mailman/listinfo/wcednews>.

Twitter (mikro-webjoernaal)

WKODnuus <http://twitter.com/wcednews> (vir twiete wat met nuus in onderwys te doen het);

WKODleer <http://twitter.com/wcedlearn> (vir onderwysverwante twiete)

Tumblr (webjoernaal)

WKOD/Nuus/Tuiste <http://wcednewshome.tumblr.com/>; WKODnuus

<http://wcednews.tumblr.com/>

Posterous (webjoernaal)

WKODnuus <http://posterous.com/wcednews>

2. Lys van afkortings/akronieme

AHO: Algemene Huishoudelike Opname	NSVP: Nasionale Skoolvoedingsprogram
AOO: Algemene Onderwys en Opleiding	OBIS: Onderwysbestuurinligtingstelsel
ASIDI: Versnelde Skoolinfrastruktuur-ontwikkelingsinisiatief	OIT: Onderwysinfrastruktuurstoelae
DBO: Departement van Basiese Onderwys	PILIR: Beleid en prosedure oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid
DHOO: Departement van Hoër Onderwys en Opleiding	PPA: Programprestasie-aanwyser
EAT: Eerste Addisionele Taal	PPM: Programprestasiemaatstaf
G-BBP: Gebruiker-batebestuursplan	SAKO: Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid
GOS: Gevorderde Onderwyssertifikaat	SASA: Suid-Afrikaanse Skolewet
Gr: Graad	SBL: Skoolbeheerliggaam
HOI: Hoër Onderwysinstelling	SBS: Skoolbestuurspan
HSE: Heelskoolevaluering	SETA: Onderwys-en-opleidingsektorowerheid
HT: Huistaal	SIM: Monitering van Skoolverbetering
IBB: Institusionele Bestuur en Beheer	SOBIS: Sentrale Onderwys-bestuursinligtingstelsel
IKT: Inligting- en Kommunikasie-tegnologie	SVP: Skoolverbeteringsplan
JNA: Jaarlikse Nasionale Assessering	T(B)OO: Tegniese Beroepsonderwys en -opleiding
JSO: Jaarlikse Skoolopname	UOWP: Uitgebreide Openbare Werkeprogram
KABV: Kurrikulum- en Assesserings-beleidsverklaring	VDW: Verbetering in diensvoorwaardes
KOLI: Kaapse Onderwys- en Leierskap-instituut	VKB: Voorsieningskanaalbestuur
LOOM: Leer-en-onderrig-ondersteuningsmateriaal	VKO: Vroeëkindontwikkeling
LSOB: Leerders met Spesiale Onderwys-behoefte	VOO: Verdere Onderwys en Opleiding
MTUR: Mediumtermyn Uitgaweraamwerk	VRL: Verteenwoordigende Raad van Leerders
NEPA: Wet op Nasionale Onderwysbeleid	VVW: Vergoeding van werknemers
NKR: Nasionale Kwalifikasieraamwerk	WKOD: Wes-Kaap Onderwysdepartement
NKV: Nasionale Kurrikulumverklaring	WOFB: Wet op Openbare Finansiële Bestuur
NSS: Nasionale Senior Sertifikaat	

3. Voorwoord deur die Minister

Dit is nou byna twee jaar sedert ek die amp as Provinsiale Minister van Onderwys Wes-Kaap betree het.

As 'n regering glo ons dat 'n toekoms met meer indiense neming, minder ongelykheid, beter onderwys en groter vryheid om geleenthede na te streef 'n visie is wat deur alle Suid-Afrikaners gedeel word en dit moet met ywer nagestreef word. Om hierdie visie te verwesenlik moet ons verseker dat ons leerders toegang tot gehalte-onderwys het, wat van kardinale belang vir 'n goeie lewensgehalte is.

Aan die spits van hierdie visie is om seker te maak dat ons onderwysuitkomste verbeter, en ons het in 2015/16 onself verbind tot besteding op projekte, hulpbronne en mense wat gehalte-onderwys aan al die leerders in hierdie provinsie voorsien.

Ons het 'n aantal inisiatiewe bekendgestel wat regstreeks inskakel by ons drie hoofaanwysers van sukses wat in ons Strategiese Plan uiteengesit is, naamlik:

1. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe

As ons terugkyk na die afgelope jaar en die vordering meet wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die geheel gemaak het, kan ons trots op ons prestasie wees.

Ons het nie slegs 'n toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die 2015 NSS gehad met die Wes-Kaap wat 'n slaagkoers van 84.7%, die hoogste slaagkoers in die land, behaal het nie, maar ons het ook 'n rekordgetal leerders gehad wat toelating tot 'n B-graad behaal het, 'n styging van 2.9% van 38.8% in 2014 na 41.7% in 2015. Die Wes-Kaap het, sedert ons in 2009 oorgeneem het, 'n toename van 9% in die slaagkoers ervaar. Na die hernasiening en aanvullende eksamens het ons slaagkoers na 85.9% gestyg.

Ons distrikte het almal uitstekend presteer en daar was uiters bevredigende verbeterings in ons meer behoeftige gemeenskappe. Elke liewe persoon wat die NSS aan die einde van 2015 geslaag het, het gekwalifiseer om toegang tot een of ander vorm van hoër onderwys te verkry.

Ons het deurgaans groot klem daarop geplaas om te verseker dat ons soveel leerders as moontlik vir so lank as moontlik in die skoolstelsel behou. Ek is dus tevrede dat ons weereens daarin kon slaag om ons retensiekoers met 3% te verhoog, van 63.8% in 2014 na 66.8% in 2015.

'n Verbetering in Taal en Wiskunde is 'n belangrike fokusarea vir hierdie regering en ek is dus verheug dat die uitslae van die 2015 sistemiese toetsing 'n duidelike verbetering in Wiskunde en Taal oor die afgelope vyf jaar in die Wes-Kaap getoon het.

As 'n provinsie glo ons in die waarde om 'n diagnostiese evaluering van die provinsiale onderwysstelsel te bied sodat ons die bestuur van opvoeder- en leerderprestasie kan verbeter. Ons is die enigste provinsie in die land om toetsing van hierdie aard uit te voer – wat onafhanklik opgestel, geadministreer en nagesien word om te verseker dat die uitslae geloofwaardig en in lyn met internasionale standaarde is.

Die Sistemiese Toetse bied die mees objektiewe prentjie moontlik van leerderprestasie in Taal en Wiskunde en gee ons die geleentheid om te bepaal of ons die gehalte van onderwys in die provinsie verbeter.

Die sistemiese toetse is uiteindelik 'n bewys dat ons ingrypings werk, en dat die gehalte van onderrig en leer in ons skole beter word.

Ons primêre doelwit is om gehalte-onderwys aan elke leerder in hierdie provinsie te bied, met 'n fokus op leerders in meer behoeftige gemeenskappe. Dit is duidelik in alles wat ons doen en sal aanhou doen.

Ons is trots op die verskeie inisiatiewe wat ons geneem het om meer behoeftige leerders en skole te ondersteun. Ten spyte van die feit dat ons in die 2015/2016-jaar ernstige begrotingsbesnoeiings in die gesig gestaar het as gevolg van die verhoging in verbetering van diensvoorwaardes (ICS) vir staatsamptenare, wat ver bo inflasie was, asook swak ekonomiese groei in die land, het ons as 'n regering 'n doelbewuste besluit geneem om nie befondsing te sny op gebiede waar dit ons skole die meeste raak nie, veral in ons meer behoeftige gebiede.

Hierdie gebiede het die volgende ingesluit:

- Die vergoeding vir vrystelling van skoolgeld vir armer leerders. Die WKOD het in 2015 bykans R44 miljoen uitbetaal aan geen-skoolgeld-skole wat minder gegoede gemeenskappe bedien.
- Leerdervoer – die WKOD vervoer elke dag meer as 55 000 leerders in ons armer landelike gebiede skool toe en terug.
- Die WKOD verskaf ook gesubsidieerde koshuisverblyf aan leerders om toegang tot skole te verbeter vir leerders wat in die armer landelike gebiede woon. Die koshuise voorsien leerders van 'n veilige en geborge leeromgewing en toegang tot naskoolse sportaktiwiteite.
- Die befondsing van 216 bykomende geen-skoolgeld-skole wat behoeftige gemeenskappe bedien en gekies het om in die 2014-skooljaar geen-skoolgeld-skole te word nadat hierdie geleentheid aan hulle gegun is.

Dit is ook merkwaardig dat, gegewe die grootte en kompleksiteit van die departement, die Wes-Kaap Onderwysdepartement 'n skoon oudit vir die 2014/2015-boekjaar behaal het – die eerste onderwysdepartement in Suid-Afrika om dit reg te kry. Ons finansiële bestuur was uitstekend, en ek wil hulde bring aan almal in die departement wat hierby betrokke was, gelei deur SG Penny Vinjevold en HFB Leon Ely.

Die volgende finansiële jaar gaan 'n uiters uitdagende een wees, gegewe die fisikaal-beperkende omgewing waarin ons funksioneer.

Die WKOD het hierdie jaar 'n nuwe Taalstrategie en Wiskundestrategie van stapel gestuur, met die doel om die gehalte van onderrig en leer in alle grade verder te verbeter om, in ooreenstemming met ons strategiese doelwitte, beter leerderprestasie en toenemende retensie van leerders in die skoolstelsel te verseker.

Die WKOD het ook 'n nuwe en opwindende inisiatief geloods wat ons die Graad R-3 projek noem en in 105 skole in die Wes-Kaap bekendgestel sal word. Die projek is gemik op die verbetering van taal- en wiskunde-onderrig en -leer op 'n jong ouderdom deur te verseker dat alle leerders aan die einde van Graad 3 die vereiste vlakke van lees en hoofreken bereik het.

Gegewe die langtermyngevolge van armoede en ongelykheid, benodig baie openbare skole in meer behoeftige gemeenskappe ekstra ondersteuning vir bestuur, onderwysers en leerders, asook bykomende finansiële hulpbronne. Om toenemende toegang tot gehalte-onderrig in ons armer gemeenskappe te help versterk, het die WKOD, in vennootskap met 'n groep skenkers, aan die begin van 2016 'n opwindende nuwe loodsprogram geïmplementeer as deel van ons uitgebreide pogings om die onderwysuitkomst van ons openbare skole te verbeter.

Deur middel van Medewerkende Skole poog die WKOD om 'n nuwe model van skoolonderwys te toets, naamlik om sterk bestuurs- en opleidingshulpbronne van die privaat sektor aan te wend om die onderwysuitkomst in openbare skole wat bykomende steun nodig het, deur middel van funksionele vennootskappe te versterk. Alle funksionerende vennote is organisasies sonder winsbejag wat befonds word deur filantropiese skenkers en stigtings. Hierdie loodsprojek stel ons in staat om die basis te verbreed vanwaar hulpbronne en kundigheid aangewend kan word om gehalte- openbare onderwys vir ons mees behoeftige leerders in die provinsie te verbeter.

Ons het oor die afgelope jaar ook baie gevorder met ons e-leer-spelwysiger, met 676 skole wat WAN ontvang het en 50 nuwe draadlose LANS wat alle onderriglokale dek.

Daarbenewens het ons 4 267 tegnologie-geaktiveerde slim klaskamers in 309 skole geïnstalleer. Ons het die spelwysiger verfyn om op Wiskunde en Taal te fokus. Ons onderwyseropleiding fokus sterk op hoe om e-onderrig en e-leer by die klaskamer te inkorporeer.

Die 2015- akademiese jaar was in die geheel 'n uitstaande sukses en ek is uiters trots op wat ons leerders, skole en distrikte verrig het.

Ek is bewus dat baie nog gedoen moet word om ons visie van Een Nasie met Een Toekoms gebou op Vryheid, Billikheid en Geleenthede vir Almal te bereik, maar ek is vol vertroue dat die ingrypings wat ons instel die leerderuitkomst sal verbeter en ons sal help om te verseker dat alle leerders in hierdie provinsie 'n gehalte-onderwys ontvang wat hulle sal bemagtig om bevredigende werk te kry en 'n bydrae tot die ekonomie te lewer.



Debbie Schäfer
Provinsiale Minister van Onderwys
Wes-Kaapse Regering

4. Verslag van die Rekenpligtige Beampte

Oorsig van die werksaamhede van die departement

Die WKOD het in 2014/15 sy vyfjaarplan vir onderwys in die Wes-Kaap geformuleer en gepubliseer.

Die volgende faktore het 'n invloed op ons werk in 2015/16 gehad: 'n aansienlike toename in leerdergetalle; 'n beperkte begroting; en sosio-ekonomiese toestande wat baie kinders se geleenthede om te leer beïnvloed. Hierdie faktore moet met die lees van die jaarverslag 2015/16 in ag geneem word.

Die jaarverslag is uiteengesit volgens die sewe begrotingsprogramme van alle provinsiale onderwysdepartemente. Ons doen verslag oor elke program se vordering in 2015/16. Ons doen ook verslag oor aspekte waar die WKOD beter kon en moes gevaar het.

Al die programme is van doeltreffende en effektiewe administrasie vir die sukses daarvan afhanklik, veral gegewe 'n toename in inskrywings en begrotingsbeperkings. Die WKOD se pogings met betrekking tot verbeterde administrasie word in **Program 1** aangegee. Die verslag oor hierdie program wys dat die begroting volgens beplanning bestee is en dat aansienlike stappe ingestel is om gerieflike, doeltreffende en effektiewe dienste aan skole en onderwysers te lewer. Dit het sorgvuldige beplanning; betroubare data; bewysgebaseerde beleidskeuses; toegewyde en aanspreeklike personeel en deurlopende monitering en evaluering geverg.

In Program 2 tot 5 doen ons verslag oor inskrywings by elk van die vier soorte instellings wat deur die WKOD befonds en ondersteun word; die uitslae van eksterne assessering van leerders in hierdie instellings, en die verskeie vorme van ondersteuning wat aan leerders, onderwysers en bestuurders by hierdie instellings gebied word.

Program 2 - Openbare Gewone Skoolonderwys

Program 3 - Subsidies vir Onafhanklike Skole

Program 4 – Openbare Spesiale Skoolonderwys

Program 5 – Vroeëkindontwikkeling

Die toename in leerdergetalle en die verouderende aard van ons skoolinfrastruktuur het gelei tot 'n aansienlike verhoging in die begroting vir nuwe klaskamers en skole, en verskuiwings in begrotings om die instandhouding van bestaande infrastruktuur te ondersteun. **Program 6** beskryf die stappe wat ingestel is om die omgewing te verbeter waarin ons onderwysers en leerders werk.

Ten einde te bepaal of ons leerders met hulle leerwerk vorder, gebruik die WKOD 'n verskeidenheid teikens, maatstawwe en instrumente vir interne en eksterne assessering. **Program 7** beskryf die eksterne eksamens en toetse wat deur die WKOD geadministreer word.

Die WKOD poog om inskrywings te verhoog en leerders en studente in geskikte opvoedkundige programme te behou. Ons sukses om leerders by opvoedkundige instellings te hou is duidelik in hierdie verslag.

Ons grootste uitdaging is om te verseker dat elke leerder gehalte-onderrig in 'n versorgende en veilige omgewing ontvang. Daar is baie uitstekende en roerende voorbeelde van hoe WKOD-personeel en -onderwysers dag na dag dit aan duisende leerders voorsien. Ons bedank hulle vir die toewyding in hierdie moeilike tye.

Oorsig van die finansiële resultate van die departement:

Departementele ontvangste

Departementele ontvangste	2015/16			2014/15		
	Beraming	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderinvordering Uitgawes	Beraming	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/Onderinvordering Uitgawes
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Verkoop van goedere en dienste buiten kapitale bates	10,841	12,100	(1,259)	13,499	11,762	1,737
Boetes, strafgeld en verbeurings	855	1,175	(320)	228	1,185	(957)
Rente, dividende en huur vir grond	2,090	1,017	1,073	1,998	2,216	(218)
Finansiële transaksies in bates en laste	15,320	8,541	6,779	12,502	19,526	(7,024)
Totaal	29,106	22,833	6,273	28,227	34,689	(6,462)

Eie inkomste wat deur die departement gegenerer is, beloop 0,1% van die totale begroting. Dit was in ooreenstemming met die begrote bedrag. Die departement se belangrikste bronne van eie inkomste is –

- Invordering van skuld aan die departement verskuldig.
- Kommissie op versekering en loonbeslagorder-aftrekkings.
- Gelde gehef vir eksamenverwante dienste, bv. die hernasiging van vraestelle en versoeke om afskrifte van senior en ander sertifikate. Die tariewe vir hierdie dienste word deur die (nasionale) Departement van Basiese Onderwys bepaal.
- Reprografiese dienste aan ander provinsiale departemente.

Alle tariewe word in 'n tariefregister aangeteken en word jaarliks hersien om vir inflasie voorsiening te maak. Die onderinvordering op departementele ontvangste vir 2015/16 is R6.273 miljoen en word hoofsaaklik toegeskryf aan die feit dat minder skuld afgeskryf is as wat verwag is, wat ontvangbare inkomste sou beïnvloed. Alle skuld is afgeskryf in ooreenstemming met die departement se beleid oor die afskryf van skuld. Hierdie beleid sit sekere stappe uiteen, insluitend pogings om debiteure op te spoor.

Programuitgawes

Naam van program	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1. Administrasie	1,317,372	1,230,688	86,684	666,659	661,621	5,038
2. Openbare Gewone Skoolonderwys	13,094,980	12,959,597	135,383	12,156,707	12,156,526	181
3. Subsidies vir onafhanklike skole	95,384	95,384	-	89,845	89,845	-
4. Openbare Spesiale Skoolonderwys	1,075,020	1,049,773	25,247	973,642	973,642	-
5. Vroeëkindontwikkeling	488,464	482,163	6301	511,778	511,778	-
6. Infrastruktuurontwikkeling	1,549,959	1,549,959	-	1,453,432	1,439,491	13,941
7. Eksamen- en Onderwys- verwante Dienste	278,190	269,778	8412	759,745	755,870	3,875
8. Verdere Onderwys en Opleiding	-	-	-	377,913	377,865	48
9. Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes	-	-	-	36,609	34,633	1,976
Totaal	17,899,369	17,637,342	262,027	17,026,330	17,001,271	25,059

Die departement het 98.54 persent van die aangesuiwerde begroting vir 2015/16 bestee. Die onderbesteding het R262.027 miljoen of 1.46 persent van die aangesuiwerde begroting beloop, wat binne die nasionale norm van 2 persent is.

Redes vir onderbesteding is soos volg:

- *R260.311 miljoen vir die Billike Aandeel.* Die onbestede bedrag van R126.199 miljoen was vir vergoeding van werknemers oor alle programme as gevolg van minder as verwagte tydelike aanstellings (gedurende die maande van Julie en Januarie) en vakatures onder opvoeders en staatsamptenare in die departement as gevolg van die stadige vulling van vakante poste en 'n besparing in toelaes wat aan laer-vlak werknemers betaal is wat in hoër-vlak vakante poste waargeneem het. Die onbestede bedrag van R52.631 miljoen was vir Program 1: Administrasie as gevolg van verkryging vir die e-Werwing IKT LAN en ander kostebekampingsmaatreëls wat geïmplementeer is. Die onderbestede bedrag van R64.553 miljoen vir Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys was as gevolg van 'n vertraging in die aflewering van meubels by skole en ander kostebekampingsmaatreëls wat geïmplementeer is. Die onbestede bedrag van R16.928 miljoen is oordrag vir die volgende: Program 1: Administrasie – R9.463 miljoen; Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys – R635 000; Program 5: Vroeëkindontwikkeling – R1.278 miljoen en Program 7: Eksamen- en Onderwysverwante Dienste –R5.552 miljoen.
- *R35 000 vir die Toelae vir die Nasionale Skoolvoedingsprogram.* Hierdie bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- *R1 000 vir die Maatskaplike Sektor UOWP Aansporingstoelae vir Provinsies.* Minder eise is van VOO-kolleges ontvang vir die opleiding van datavasleggers. Die bedrag is onverbonde en moet aan Nasionale Tesourie teruggegee word.
- *R1.680 miljoen vir die onderwysaansporing wat vir MOD-sentrums geoormerk is.* Die volle bedrag is onverbonde en moet aan Provinsiale Tesourie teruggegee word.

Buiten die onverbonde befondsing wat aan Nasionale Tesourie teruggegee is, is alle verbonde, onbestede fondse van Provinsiale Tesourie aangevra vir omrol om hierdie projekte te voltooi. Dit beteken dat die fondse vir die beoogde doel aangewend sal word.

Viremente/omrolle

Provinsiale Tesourie het die volgende viremente tussen hoofafdelings in die begrotingspos goedgekeur:

- Verskuiwing van R410 000 vanaf Program 1: Administrasie na Program 7: Eksamen- en Onderwysverwante Dienste vir die hoër as verwagte uitgawes vir professionele ondersteuningsdienste by die distrikskantore.
- Verskuiwing van R59.977 miljoen vanaf Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys na Program 6: Infrastruktuurontwikkeling vir die instandhouding van infrastruktuur en opgradering van skoolsale en sportterreine by openbare skole.
- Verskuiwing van R241 000 vanaf Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys na Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys vir die hoër as verwagte toename in daaglikse voertuigtariewe.
- Verskuiwing van R1.004 miljoen vanaf Program 5: Vroeëkindontwikkeling na Program 2: Openbare Spesiale Skoolonderwys vir die hoër as verwagte uitbetalings vir skeidingspakkette en verlofgratifikasie.
- Verskuiwing van R301 000 vanaf Program 5: Vroeëkindontwikkeling na Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys vir die hoër as verwagte toename in daaglikse vervoertariewe.
- Verskuiwing van R705 000 vanaf Program 7: Eksamen- en Onderwysverwante Dienste na Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys vir die hoër as verwagte toename in daaglikse vervoertariewe.

Die volgende omrolle is versoek:

- R40.879 miljoen van die e-Onderwys IKT is versoek vir die uitgawes wat nie teen 31 Maart 2016 vir plaaslike area netwerk (LAN)-installasies by skole betaal is nie.
- R4.336 miljoen van die meubels is versoek vir die uitgawes wat nie teen 31 Maart 2016 gelewer is nie weens die vorige verskaffer wat nie kontraktuele verpligtinge nagekom het nie.

Die volgende hertoewysings is versoek:

- R50.911 miljoen vir verhoging in vergoeding van werknemers vir die tekort in lewenskoste-aanpassing vir die 2016/17 finansiële jaar.
- R75.288 miljoen is versoek om die finansiële druk te verlig op openbare gewone skole wat by die onlangse MTEC 2-samesprekings uitgelig is. Die vier gebiede waar die druk bestaan is handboeke, skoolvoeding, norme en standaarde, en munisipale dienste.

'n Beskrywing van die redes vir ongemagtigde, vrugtelose en verkwiste uitgawes en die bedrae betrokke, asook stappe wat gedoen is om 'n herhaling daarvan te verhoed.

Die departement het nie gedurende die oorsigtydperk enige ongemagtigde besteding aangegaan nie. Ten einde onreëlmatige uitgawes te bekamp, het die departement voorsieningskanaal-kampvegters in elk van die 42 direktorate geïdentifiseer. Die voorsieningskanaal-kampvegters is in alle aspekte van VKB opgelei. VKB-template is opgestel om die nodige prosesse en prosedures te struktureer en beheer. Om voorvalle van onreëlmatige uitgawes te verminder, het die eenheid Interne Kontrole 'n post-oudit op alle betaalbewyse uitgevoer. Die eenheid het daarna terugvoering aan VK-kampvegters en hul direktorate gegee oor potensiële onreëlmatige uitgawes. Hierdie stappe het verseker dat onreëlmatige uitgawes beperk word.

Toekomstige planne van die departement

Die drie oogmerke van die WKOD vir die volgende vier jaar (2016 tot 2019) is

1. 'n verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole;
2. 'n toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat; en
3. 'n verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in armer gemeenskappe.

Die drie oogmerke sal bereik word deur aandag te skenk aan die volgende tien doelwitte.

1. Uitstekende administrasie wat deur aanlyn dienste versterk word

Die WKOD sal 'n verskeidenheid aanlyn dienste aan skole, onderwysers en leerders verskaf. Die aanlyn dienste het ten doel om die administratiewe las van skole te verlig en akkurate, doeltreffende en kostedoeltreffende voorsiening van hulpbronne en dienste aan skole te verseker. Hierdie dienste word gemonitor deur kliëntetevredenheidsopnames en die opvolg van klagtes en voorstelle.

2. 'n Vyfjaarplan vir onderwyserontwikkeling

Die vyfjaarplan vir onderwyserontwikkeling (2015 tot 2019) bied 'n duidelike raamwerk en plan vir voordiensopleiding van nuwe toetreders tot die onderwysberoep en indiensopleiding van bestaande onderwysers. Die opleiding is gefokus, relevant en prakties. Die plan behels planne vir meesteronderwysers en aansporings vir onderwysers wat hul kwalifikasies, onderrigpraktyk en leeruitkomste wil verbeter.

3. Provinsiale strategieë vir kurrikulumbestuur

Die WKOD Taal- en Wiskundestrategie vir 2015 tot 2019 is in 2015/16 bekendgestel. Hierdie strategieë het ten doel om die akademiese prestasie van alle Graad R- tot 12-leerders te verbeter deur middel van i) ontwikkeling van die kennis en pedagogiese praktyke van kurrikulumamptenare, departementshoofde en onderwysers; ii) ondersteuning van LOOM-voorsiening; en iii) deurlopende besinning oor en evaluering van praktyke, planne en vordering. Die WKOD sal ook toegang tot en ondersteuning vir beroepsgerigte vakke verhoog. Goeie kurrikulumbepanning verseker dat skole die beste plan vir die lewering van onderwys in elke geografiese gebied aanbied.

4. Goeie skoolbestuur

Die WKOD sal die prosesse vir die werwing, keuring en ondersteuning van skoolhoofde, adjunk-skoolhoofde en departementshoofde versterk. Distrikskantore sal daarop fokus om te verseker dat skole optimaal funksioneer en dat skoolbestuurspanne doeltreffende en effektiewe akademiese programme aanbied. Dit sluit die hantering van uitdagende gedrag en ander onderbrekings van die 200-dag onderrigprogram in.

5. Voorsiening van behoeftegebaseerde onderwys

Die WKOD sal die hulpbronne verskaf wat nodig is om goeie onderrig en leer te laat plaasvind. Dit sluit personeel, boeke, toerusting, fasiliteite en toegang tot IKT in.

6. Maatskaplike ondersteuning en 'n platform vir jeugontwikkeling

Die skoolvoedingsprogram, vrystelling van skoolgelde en veilige skole-ingrypings het ten doel om 'n stabiele leeromgewing te skep wat leerders gesond en veilig en vir so lank as moontlik op skool te hou. Die WKOD sal op 'n aantal maniere tot jeugontwikkeling bydra en vennootskappe ontwikkel waar dit die kwesbaarste jeug help.

7. Ondersteuning vir onafhanklike skole

Onafhanklike skole wat leerders uit arm gemeenskappe inskryf, sal ondersteun word met subsidies, programme vir onderwyseropleiding en skoolbesoeke.

8. Programme om hindernisse tot leer te verminder

Die WKOD bied versorging en geleenthede aan leerders wat hindernisse tot leer ervaar of leerders wat 'n risiko loop. Die WKOD werk met ander regeringsdepartemente soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, Departement Gesondheid en Departement van Kultuursake en Sport, asook NRO's om hierdie leerders te ondersteun.

9. Gehalte Graad R

Die klem sal op die verbetering van leergehalte in Graad R wees. Dit sal geskied deur 'n fokus op onderwysers se vaardighede en professionele status, en die vroeë identifisering van diegene wat remediërende hulp nodig het. Die doel is om te verseker dat die Graad R-jaar 'n doeltreffende grondslag vir leer bied.

10. Doeltreffende infrastruktuurprogram om 'n inspirerende leeromgewing te skep

Die fokus is op die bou van nuwe skole en klaskamers waar daar 'n behoefte vir bykomende akkommodasie bestaan, die vervanging van skole wat van ongeskikte materiaal gebou is en beplande instandhouding sodat meer skole en leerders by die infrastruktuurbegroting baat.

Publieke-Private Vennootskappe

Die departement het geen sodanige reëling gedurende die oorsigtydperk aangeaan nie.

Gestaakte aktiwiteite/aktiwiteite wat gestaak gaan word

Geen.

Geskenke en donasies wat in goedere van nieverwante partye ontvang is

Geen.

Vrystellings en afwykings van Nasionale Tesourie ontvang

Geen.

Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Geen.

Nuwe of beoogde aktiwiteite

Benewens die oogmerke en doelwitte hierbo gelys, is die WKOD die leierdepartement vir Provinsiale Strategiese Doelwit (PSD) 2: Verbetering van onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling. Die eerste drie oogmerke van die doelwit stem ooreen met die drie doelwitte van die WKOD, naamlik

1. 'n verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole;
2. 'n toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat; en
3. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in armer gemeenskappe.

Die ander twee doelwitte is: "Om meer maatskaplike en ekonomiese geleenthede vir ons jeug te bied" en "Om gesinsondersteuning aan kinders en die jeug te verbeter en ontwikkeling te fasiliteer".



PA Vinjevoold
Rekenpligtige Beampte
Onderwysdepartement
Datum: 31 Mei 2016

5. Verklaring van verantwoordelikheid en bekragtiging van die akkuraatheid van die jaarverslag

Na die beste van my kennis en wete, bevestig ek die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag bekendgemaak word, is konsekwent.

Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.

Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne vir die jaarverslag, soos uitgereik deur Nasionale Tesourie.

Die finansiële jaarstate (Deel E) is in ooreenstemming met die gemodifiseerde kontantstandaard en die betrokke raamwerke en riglyne uitgereik deur Nasionale Tesourie voorberei.


Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die voorbereiding van die finansiële jaarstate en vir die menings wat in hierdie inligting gestel word.

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne kontrole wat ontwerp is om redelike gerusstelling oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële jaarstate te verskaf.

Die eksterne ouditeure is verantwoordelik om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate te gee.

In my opinie is die jaarverslag 'n redelike weerspieëling van die bedrywighede, die prestasie-inligting, die menslike hulpbronne-inligting en die finansiële sake van die departement vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2016.

Die uwe



PA Vinjevoold
Rekenpligtige Beampte
Onderwysdepartement
Datum: 31 Mei 2016

6. Strategiese oorsig

6.1 Visie

Om geleentheid vir almal deur verbeterde onderwysuitkomst te skep.

Daar word deur drie oorkoepelende doelwitte hieraan uiting gegee:

- i. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
- ii. 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
- iii. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in armer gemeenskappe

6.2 Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te verskaf:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleentheid vir onderwysers en nie-onderwysers
- 'n Geteikende voedingsprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemerwelsynsprogram

6.3 Waardes

- Die allergrootste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe en steunfunksies

7. Wetgewende en ander mandate

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)

Die Grondwet van die Wes-Kaap Provinsie, 1998 (Wet 1 van 1998)

Die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

Die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASA), 1996 (Wet 84 van 1996)

Die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid (NEPA), 1996 (Wet 27 van 1996)

Die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999)

Die Wet op die Jaarlikse Verdeling van Inkomste, 2012 (Wet 5 van 2012)

Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

Die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid, 1995 (Wet 58 van 1995)


Die Wet op die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, 2000 (Wet 31 van 2000)

8. Organiseriese struktuur

Sien keersy.

9. Entiteite wat aan die Minister/LUR rapporteer

Nie van toepassing nie.





Deel B
Prestasie-inligting

1. Verslag van die Ouditeur-Generaal: Voorafbepaalde doelwitte

Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika (OGSA_) voer tans sekere ouditprosedures op die prestasie-inligting uit om redelike gerusstelling in die vorm van 'n ouditbevinding te gee. Die ouditbevinding oor die prestasie teenoor voorafbepaalde doelwitte word onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die verslag oor ander regs- en regulatoriese vereistes van die ouditeur se verslag aangegee.

Verwys na bladsy 160 van die verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële inligting.

2. Oorsig van departementele prestasie

2.1 Diensleweringomgewing

Die Suid-Afrikaanse onderwysplan is vervat in Aksieplan 2019, na Skoolonderwys 2030, wat nou aangepas is by die Nasionale Ontwikkelingsplan en Nasionale Uitkoms 1. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 doelwitte handel oor leeruitkomste en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomste bereik kan word.

Die aanspreeklikheidstelsel eie aan hierdie plan is gekoppel aan die Suid-Afrikaanse onderwysdoelwitte en die **aanwysers** daarvoor, en aan die **teikens** en **mylpale** daarvan. Die getal doelwitte is beperk; die aanwysers is meetbaar. Die teikens moet 'haalbaar' wees en moet daarop gemik wees om onderwysuitkomste toenemend te verbeter. Dit word per provinsie ingedeel en moet nie as 'n plafon beskou word nie. Terwyl nasionale teikens oor die langtermyn gestel is, fokus mylpale gewoonlik op gewenste prestasie in die medium termyn (tot vyf jaar vooruit). Mylpale is gestel vir doelwitte 1 tot 13, maar is nie vir doelwitte 14 tot 27 gestel nie.

Die doelwitte vir **leeruitkomste** is:

- 1 ► Verhoog die getal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2 ► Verhoog die getal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3 ► Verhoog die getal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.
- 4 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureus-program op universiteit.
- 5 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat wiskunde slaag.

Die doelwitte vir **leeruitkomste** (vervolg):

- 6 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskappe* slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *taale*.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *wiskunde*.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie in *wiskunde* van Graad 8-leerders.

- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► Verbeter die toegang van kinders tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot Verdere Onderwys en Opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

- 14 ► Lok in elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.
- 15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.
- 16 ► Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers regdeur hulle loopbaan.
- 17 ► Streef na 'n onderwyswerksmag wat gesond is en 'n sin van werksbevrediging ervaar.
- 18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hulle huidige skooljaar behoort te dek.
- 19 ► Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.
- 20 ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitend rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.
- 21 ► Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n manier wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.
- 22 ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.
- 23 ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word, en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.
- 24 ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te gaan om te leer, en vir onderwysers om te onderrig.
- 25 ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.
- 26 ► Verhoog die getal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.
- 27 ► Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.

Die WKOD se prestasie volgens bovermelde nasionale aanwysers verskyn in Bylae A (bladsy 235).

2015/16 was 'n stabiele tydperk wat arbeid betref. Dit het die WKOD in staat gestel om op sy belangrikste werk – die verbetering van onderwysuitkomste – te fokus. Menslike en finansiële hulpbronne en alle ingrypings is toegespits op die skole wat ondersteuning die meeste nodig gehad het.

Sukseste in 2015/16 het 'n verbetering in die bereiking van leeruitkomste ingesluit, soos aangedui deur akademiese uitslae. Daar was 'n goeie rekord met betrekking tot die insette en uitkomst van voorwaardelike toelaes en die omsigtige aanwending van hulpbronne het voordele opgelewer deur stappe soos die grootmaat-aankope van boeke. Die ekonomiese omgewing het uitdagings op 'n paar fronte gebied aangesien herprioritering moes plaasvind om druk te verlig.

Dienste het die verskaffing van infrastruktuur en regstreekse én onregstreekse hulp aan skole ingesluit, ondersteun deur goeie kommunikasie met rolspelers en belanghebbendes. Alhoewel daar oonthoude met bouprojekte was en druk met akkommodasie en hulpbronvoorsiening ervaar is, het die WKOD tydelike oplossings gereël en in behoeftes voorsien, byvoorbeeld deur die plasing van bykomende bestellings vir handboeke en vir mobiele klaskamers. Bykomende fondse is toegeken om leerdervoer te verskaf en maaltye en norme- en standaard-befondsing te bied vir die ondersteuning van leerders wat dit nodig het.

Geweld, misdaad en sosio-ekonomiese toestande stel volgehoue eise aan skole, skoolonderwys en die WKOD. Die WKOD het oral waar moontlik ondersteuning gebied om die impak van misdaad en armoede te verlig.

2.2 Diensleweringverbeteringsplan

Die departement het 'n diensleweringverbeteringsplan (DLVP) voltooi. Onderstaande tabelle toon die diensleweringplan en prestasie tot hede.

Hoofdienste en standaarde

Hoofdiens	Begunstigdes	Huidige/ werklike diensstandaard	Gewenste diensstandaard	Werklike prestasie
Verskaf 'n telekommunikasie-diens by WKOD-hoofkantoor	<ul style="list-style-type: none"> • Leerders • Opvoeders • Amptenare by hoofkantoor • Lede van die publiek 	<p>a-d) Inligting oor werklike prestasie t.o.v. die skakelbordstelsel vir hierdie boekjaar is nie beskikbaar nie</p> <p>Die Cyber Call-stelsel en Private Automatic Branch Exchange (PABX)-stelsels is nie vervang nie. Die staatsagentskap vir inligtingtegnologie (SITA) het 'n tenderproses vir 'n nuwe, omvattende stelsel voltooi. Die VKB-prosesse sal binnekort afgehandel word</p>	<p>a) Skakelbordoperateurs beantwoord en verwys jaarliks 211 432 inkomende en interne oproepe</p> <p>b) Bestuur die afname in onbeantwoorde oproepe na 52 096 jaarliks deur amptenare</p> <p>c) Behou jaarliks 1% van verlore oproepe</p> <p>d) Telekommunikasiekantoor bestuur die behoeftes van 1 060 amptenare by hoofkantoor, wat oor twee geboue versprei is</p> <p>*Let wel: Getal amptenare by hoofkantoor kan wissel na gelang van nuwe aanstellings en amptenare wat die WKOD verlaat</p>	<p>a-d) Die WKOD Private Automatic Branch Exchange (PABX) se werklike syfers is nie beskikbaar nie a.g.v. 'n verouderde stelsel wat geïmplementeer is vir vervanging. Die WKOD het SITA se aanbeveling vir 'n nuwe kontaksentrumbestuurstelsel van Interactive Intelligence (ININ) aanvaar, na afloop van 'n tenderproses. ININ het die stelsel geïnstalleer wat die Cyber Call-stelsel by die WKOD- en Veilige Skole-inbelsentrums vervang het</p>
Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings	<ul style="list-style-type: none"> • 1 000 000 leerders • 32 000 opvoeders • 9 000 staatsdienswerkers • Leerders van 1 500 skole en 240 onafhanklike skole • Lede van Skool-beheerliggame (SBL'e) • Lede van die gemeenskap, insluitend ouers • Let wel: Syfers is afgerond 	<p>a) Die Cyber Call-stelsel wat die WKOD se Veilige Skole-inbelsentrum bestuur, is nie vervang nie. Inligting oor werklike prestasie t.o.v. die Veilige Skole-inbelsentrum vir hierdie boekjaar is nie beskikbaar nie. Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname van 2014 het 'n verbetering in dienslewering vanaf 2013 vir die Veilige Skole-dienste aangeteken</p>	<p>a) Verminder die koers van verlore oproepe na 8%</p>	<p>a) Die WKOD het SITA aanbeveling vir 'n nuwe kontaksentrumbestuurstelsel van Interactive Intelligence (ININ) aanvaar, ná 'n tenderproses. ININ het die stelsel geïnstalleer wat die Cyber Call-stelsel by WKOD- en Veilige Skole-inbelsentrums vervang. Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname van 2015 het 'n verbeterde resultaat in die lewering van Veilige Skole-dienste aangeteken</p>

Hoofdienste	Begunstigdes	Huidige/ werklike diensstandaard	Gewenste diensstandaard	Werklike prestasie
		b) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 6 464 oproepe aangeteken (40% van alle oproepe met eerste oproepe afgehandel) c) 3 890 (60%) veilige skole-oproepe het verdere hulp en ondersteuning benodig, 738 was misdaadverwante voorvalle; terwyl 1 097 oproepers diefstal en vandalisme aangemeld het d) 439 gevalle van mishandeling aangemeld – waarvan 39 met afknouery verband gehou het en 277 oproepe het berading en sielkundige ondersteuning benodig. 'n Verdere 538 oproepe was navrae oor SBL'e	b) 87% van oproepe word met die eerste oproep afgehandel b) 10% van oproepe word vir opvolg na Veilige Skole-koördineerders verwys a) 8% van oproepe word vir verdere berading verwys	b) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 6 180 oproepe aangeteken (45% van alle oproepe met eerste oproepe afgehandel) c) 3 411 (55%) veilige skole-oproepe het verdere hulp en ondersteuning benodig, 709 was misdaadverwante voorvalle; terwyl 959 oproepers diefstal en vandalisme aangemeld het d) 463 (7.5%) gevalle van mishandeling is aangemeld – 58 het met afknouery verband gehou en 392 (6%) oproepe het berading en sielkundige ondersteuning benodig. Kleiner kategorieë is as 'ander' nie-spesifiek geïdentifiseer. Nuwe stelsel sal vir beter verslagdoening voorsiening maak. 'n Verdere 454 oproepe was navrae oor SBL'e

Batho Pele-reëlings met begunstigdes (toegang tot raadgewing, ens.)

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
Verskaf 'n telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor Raadpleging: a) 'n Effense afname in goedkeuring m.b.t. tot telefoonoproepe by hoofkantoor is in die kliëntetevredenheidsopname van 2014 aangeteken, vergeleke met die stemme van die vorige jaar b) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie	Raadpleging: a) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie aangesien kliënte geteiken word b) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word gebruik om die vlakke van huidige dienslewering te verbeter	Raadpleging: a) Die reaksie op telefoonoproepe by hoofkantoor en onderwysdistrikskantore het 'n verbetering oor die tydperk 2013-2015 aangedui, soos getoon in die 2015 kliëntetevredenheidsopname b) Die aanlyn terugvoerstelsel het die Theta Nathi-stelsel vervang. Alle interne klagtes is goed bestuur
Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies

<p>c) Klagtes wat intern in die WKOD geregistreer word, word inderminne bestuur</p> <p>d) Alle oproepers (kliënte) is by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>e) 306 interne klagtes is ontvang en suksesvol hanteer</p> <p>Toegang:</p> <p>a) WKOD-hoofkantoor in Kaapstad b) Bedryfsure van die inbelsentrum is: 07:30 – 16:00 (gesluit vir middagete 12:30 – 13:00)</p>	<p>c) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die 'Kontak WKOD-vorm' op die WKOD Aanlyn webwerf</p> <p>d) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>e) Skakelbordbestuurder hanteer klagtes</p> <p>Toegang:</p> <p>a) WKOD-hoofkantoor in Kaapstad b) Bedryfsure van die inbelsentrum is: 07:30 – 16:00 (gesluit vir middagete 12:30 - 13:00)</p>	<p>c) Die WKOD het 1 233 navrae beantwoord wat deur die 'Kontak die WKOD'-fasiliteit op die WKOD Aanlyn-webwerf ontvang is</p> <p>d) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>e) Interne klagtes is suksesvol deur die Skakelbordbestuurder opgelos</p> <p>Toegang:</p> <p>a) WKOD-hoofkantoor in Kaapstad b) Skakelbord word van 7:00 tot 16:00 (Maandag tot Vrydag) bedryf. Die inbelsentrum word van 7:30 tot 17:00 (Maandag tot Vrydag) bedryf. Vir na-ure is daar 'n opsie om die terugbelfunksie te kies. Terugbel van opgeneemde boodskappe vind eerste ding soggens plaas</p>
<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die amptenare hulle tot diens kan wees</p> <p>b) 'n Paar klagtes oor opeenhoping is van Goue Akkergebruikers ontvang. Primêre Koers Skakeling-lyne (PRI's) is verkry om aandag aan hierdie probleem te gee</p> <p>c) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>d-f) Interne klagtes gedurende die verslagjaar ontvang is onmiddellik met skakelbordpersoneel behandel en suksesvol opgelos</p>	<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die amptenare hulle tot diens kan wees</p> <p>b) Oproepers meld onbeantwoorde lyne en oorlading by skakelbordoperateurs aan. Operateurs teken die klagtes aan om die verslae oor telefoonbestuur in te lig</p> <p>c) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente wat in die WKOD Dienslewerings-handves verskyn, is 'n meganisme om oor amptenare se optrede te kla</p> <p>d) Die bestaan van die Theta Nathi-diens sal aan kliënte uitgesaai word terwyl hulle wag om na die onderskeie amptenare deurgesit te word</p> <p>e) Terugvoer aan Direkoraat Kommunikasie deur die 'Kontak WKOD-vorm' op die WKOD Aanlyn webwerf</p> <p>f) Klagtes word na die Skakelbordbestuurder verwys</p>	<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Alle oproepers (kliënte) word by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die amptenare hulle tot diens kan wees</p> <p>b) Telefoon-affyd word deur WKOD-amptenare by hoofkantoorgeboue ervaar. Die WKOD is tans besig om 'n nuwe telekommunikasie-oplossing deur die WKR se breëbandkontrak te bekom</p> <p>c) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente wat 'n wyse bied om oor amptenare se gedrag te kla, is in die WKOD-dienslewerings-handves gepubliseer</p> <p>d-f) Interne klagtes gedurende die verslagjaar ontvang is onmiddellik met skakelbordpersoneel behandel en suksesvol opgelos. Die terugvoermeganisme het 1 233 navrae ontvang deur die 'Kontak die WKOD'-fasiliteit op die WKOD Aanlyn-webwerf</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Aanspreeklikheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Geen voorstelle om die Kliëntekontaksentrums te verbeter is gedurende die verslagtydperk via die WKOD-webwerf ontvang nie</p> <p>b) Geen voorstelle om die Kliëntekontaksentrums te verbeter is gedurende die verslagtydperk via die ideëbusse ontvang nie</p> <p>c) 4.3% van kommentaar wat in die 2014 kliëntetevredenheidsopname ontvang is, was op die WKOD-webwerf gemik, waarvan slegs 11 as klagtes beskou kan word. Geen tasbare voorstelle om die diens te verbeter is aangeteken nie</p> <p>d) 36% van aangetekende kommentaar van die 2014 kliëntetevredenheidsopname was klagtes, wat 'n verbetering is op die vorige jaar se opname-uitslae van 59%</p> <p>e) Beleid oor telekommunikasiebestuursdienste is bygewerk en wysigings is goedgekeur</p>	<p>Aanspreeklikheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Op die WKOD-webwerf</p> <p>b) Kliëntekontaksentrums het ideëbusse vir kliënte se kommentaar</p> <p>c) Insette wat in die ideëbusse ontvang word, word gemonitor, verslag oor gelewer en praktiese insette word by die WKOD se beleid oor telekommunikasiebestuur ingesluit</p> <p>d) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied 'n geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>e) Die beleid oor telekommunikasiebestuur word jaarliks hersien</p>	<p>Aanspreeklikheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Geen voorstelle om die Kliëntekontaksentrums te verbeter is gedurende die verslagtydperk via die WKOD-webwerf ontvang nie</p> <p>b) WKOD se personeel by die inloopsentrum versamel, notuleer, ontleed en reageer op terugvoer via die ideëbusse in die sentrum</p> <p>c) 4.4% van kommentaar wat in die 2015 kliëntetevredenheidsopname ontvang is, was op die WKOD-webwerf gemik, waarvan slegs 12 as klagtes beskou kan word teen 32 komplimente. Geen tasbare voorstelle om die diens te verbeter is aangeteken nie</p> <p>d) 50% van aangetekende kommentaar van die 2015 kliëntetevredenheidsopname was klagtes</p> <p>e) Die beleid oor telekommunikasiebestuur is hersien maar teruggehou tot die nuwe stelsel geïnstalleer is</p>
<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Skakelbordoperateurs het daagliks oproepe vir die inbelsentrum ontvang. Die PABX-stelsel kon nie die nodige statistiek voorsien nie</p> <p>b) Toegewyde lyne vir WKOD Veilige Skole en Eksamens (gedurende spitsye) is ter inligting met kliënte gedeel</p> <p>c) Een bykomende, toegewyde operateur het gedurende die verslagtydperk hulp verleen met oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Ondersteunende toestelle is gebruik om personeel met gesiggestremdheid by die skakelbord te ondersteun</p> <p>e) Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en -steun verskyn op die WKOD-webwerf</p> <p>f) Beleid oor telekommunikasiebestuursdienste is bygewerk en wysigings is goedgekeur</p>	<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Oproepers wat navraag doen oor korporatiewe dienste (menslike hulpbronne en finansiële bestuur) is deur die skakelbord na die WKOD se inbelsentrum vir toegewyde aandag verwys</p> <p>b) Toegewyde lyne vir WKOD Veilige Skole en Eksamens (gedurende piektye) word met kliënte gedeel, ter inligting</p> <p>c) Vier toegewyde operateurs bestuur die oproepe na hoofkantoorgeboue</p> <p>d) Hulptoestelle word gebruik vir personeel wat uitdagings met gesigsgestremdheid ervaar</p> <p>e) Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en -steun verskyn op die WKOD-webwerf</p> <p>f) Beleid oor telekommunikasiebestuursdienste word bygewerk soos wysigings goedgekeur word</p>	<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Skakelbordoperateurs het daagliks oproepe vir die inbelsentrum ontvang. Die PABX-stelsel kon nie die nodige statistiek voorsien om akkurate verslagdoening te ondersteun nie</p> <p>b) Toegewyde lyne vir WKOD Veilige Skole en Eksamens (gedurende spitsye) is ter inligting met kliënte gedeel</p> <p>c) Vier toegewyde operateurs en een aflos-operateur het die oproepe na hoofkantoorgeboue hanteer</p> <p>d) Hulptoestelle is gebruik om die personeellid wat uitdagings met gesigsgestremdheid ervaar by die skakelbord te ondersteun</p> <p>e) Beleid vir telekommunikasiebestuursdienste en -steun verskyn op die WKOD-webwerf. Die 2015 kliëntetevredenheidsverslag dui op volgehoue verbetering ten opsigte van Veilige Skole-ondersteuning vanaf die hoofkantoor asook vanaf die onderwys-distrikskantore aan skole vir die tydperk 2013 tot 2015</p> <p>f) Die beleid oor telekommunikasiebestuur is hersien maar teruggehou tot die nuwe stelsel geïnstalleer is</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</p> <p>Raadpleging:</p> <p>a) Die Cyber Call-stelsel en PABX-stelsels is nie vervang nie. Die staatsagentskap vir inligtingtegnologie (SITA) het 'n tenderproses vir 'n nuwe, omvattende stelsel voltooi. Die WKOD wag vir bevestiging van die suksesvolle bieder</p> <p>b) 'n Opnamevorm is saamgestel om persepsies oor diens met die hand aan te teken. Dit is afgehandel en goedgekeur vir gebruik in die 2015/16-boekjaar</p> <p>c) 'n Opnamevorm is saamgestel om persepsies oor diens met die hand aan te teken. Dit is afgehandel en goedgekeur vir gebruik in die 2015/16-boekjaar</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) het plaasgevind terwyl oproepe aangeteken en gevalle opgevolg is</p> <p>e-g) Die kliëntetevredenheidsopname oor die tydperk 2012 – 2014 het 'n verbetering aangedui in die diens wat deur Veilige Skole aangebied is</p>	<p>Raadpleging:</p> <p>a) Volle implementering van die aanlyn gradering van dienste</p> <p>b) Telefoniese konsultasies</p> <p>c) Distrikte konsulteer met veilige skole-kusters</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) vind plaas terwyl oproepe aangeteken en gevalle verwys word</p> <p>e) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname is 'n bron van konsultasie aangesien opvoeders geteiken word</p> <p>f) Die distrik-webwerf terugvoerfasiliteit</p> <p>g) Die insette van die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word gebruik om die vlakke van huidige dienslewering te verbeter</p>	<p>Raadpleging:</p> <p>a) Die WKOD het SITA se aanbeveling vir 'n nuwe kontaksentrumbestuurstelsel van Interactive Intelligence (ININ) aanvaar, na afloop van 'n tenderproses. ININ het die stelsel geïnstalleer wat die Cyber Call-stelsel by die WKOD- en Veilige Skole-inbelsentrums vervang het</p> <p>b) 'n Opnamevorm is saamgestel om persepsies oor diens met die hand aan te teken</p> <p>c) Die WKOD Veilige Skole-program beplan en werk saam met nasionale en provinsiale staatsdepartemente, plaaslike munisipaliteite, parastatale en NRO's aan uitdagings in gemeenskappe van die Wes-Kaap</p> <p>d) Regstreekse konsultasie met navraers (oproepers) het plaasgevind terwyl oproepe aangeteken en gevalle opgevolg is</p> <p>e) Die 2015 kliëntetevredenheidsverslag illustreer volgehoue verbetering ten opsigte van Veilige Skole-ondersteuning vanaf die hoofkantoor asook vanaf die onderwysdistrikkantore aan skole vir die tydperk 2013 tot 2015</p>
<p>Toegang:</p> <p>a) 2^e verdieping, Grand Central-gebou (per telefoon/professionele inbelsentrum) Deeloproepnommer 0861 923 322</p> <p>b) Tolvrye Veilige Skole-lyn: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die inbelsentrum: 07:00 – 17:00. Na-nurse opnames van navrae is op die volgende werksdag opgevolg</p>	<p>Toegang:</p> <p>a) 2^e verdieping, Grand Central-gebou (per telefoon/professionele inbelsentrum)</p> <p>b) Tolvrye lyn: Veilige Skole: 0800 45 46 47</p> <p>c) Bedryfsure van die inbelsentrum is: 07:30 – 16:00. Na-nurse aantekening van navrae</p>	<p>Toegang:</p> <p>a) 2^e verdieping, Grand Central-gebou (per telefoon/professionele inbelsentrum) Deeloproepnommer 0861 923 322</p> <p>b) Tolvrye Veilige Skole-lyn: 0800 45 46 47</p> <p>c) Skakelbord word van 7:00 tot 16:00 (Maandag tot Vrydag) bedryf. Die inbelsentrum word van 7:30 tot 17:00 (Maandag tot Vrydag) bedryf. Vir na-ure is daar 'n opsie om die terugbelfunksie te kies. Terugbel van opgeneemde boodskappe vind eerste ding soggens plaas</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Bestuurder Onderwysveiligheid het tydig aan alle navrae aandag geskenk</p> <p>b) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>c) Alle oproepers (kliënte) is by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe hulle gehelp kon word</p> <p>d) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>e) Soos en wanneer klagtes geregistreer is, is sodanige klagtes op geskeduleerde vergaderings bespreek om deur distrikskoördineerders en veldwerkers reggestel te word</p>	<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Bestuurder Onderwysveiligheid het tydig aan alle navrae aandag geskenk</p> <p>b) Terugvoer aan Direktoraat Kommunikasie deur die 'Kontak WKOD-vorm' op die WKOD Aanlyn webwerf</p> <p>c) Alle oproepers(kliënte) word by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe die konsultante hulle tot diens kan wees</p> <p>d) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik as standaarde nie nagekom word nie</p> <p>e) Distrik-webwerfterugvoerfasiliteit</p>	<p>Hoflikheid:</p> <p>a) Bestuurder Onderwysveiligheid het alle navrae hanteer en hoflikheid getoon</p> <p>b) Die WKOD het op 1 233 navrae gereageer wat via die WKOD-aanlyn fasiliteit vir terugvoer ontvang is</p> <p>c) Alle oproepers (kliënte) is by die WKOD-hoofkantoor verwelkom, met waardigheid behandel en gevra hoe hulle gehelp kon word</p> <p>d) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>e) Soos en wanneer klagtes geregistreer is, is sodanige klagtes op geskeduleerde vergaderings bespreek om deur distrikskoördineerders en veldwerkers reggestel te word</p>
<p>Aanspreeklikheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Die aanlyn terugvoerstelsel, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen spesifieke klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie. Ideëbusse is nie gebruik nie</p> <p>b) Die kliëntetevredenheidsopname oor die tydperk 2012 – 2014 het 'n verbetering aangedui in die dienste wat deur Veilige Skole gebied is</p> <p>c) Die Veilige Skole Distrikskoördineerders en die Veilige Skole-veldwerkers by die distrikte lewer die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum. Posbeskrywings is gewysig om hierdie faktore te akkommodeer</p> <p>d) Geen telefoonbemarking is gedurende die verslagtydperk deur middel van die Veilige Skole-inbelsentrum uitgevoer nie</p>	<p>Aanspreeklikheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Op die WKOD-webwerf; en die kliëntekontaksentrums het ideëbusse vir kliënte-insette</p> <p>b) Die jaarlikse kliëntetevredenheidsopname evalueer die persepsie van WKOD-dienste en bied 'n geleentheid vir kritiek, voorstelle vir verbetering en klagtes</p> <p>c) Veilige Skole-koördineerders op distriksvlak sluit die dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum in</p> <p>d) Telefoonbemarking</p>	<p>Aanspreeklikheid en deursigtigheid:</p> <p>a) Die WKOD het 1 233 navrae beantwoord wat deur die 'Kontak die WKOD'-fasiliteit op die WKOD Aanlyn-webwerf ontvang is. Die WKOD se inloopsentrum het insette vir diensverbetering wat in die ideëbusse geplaas is, ingesamel soos vereis</p> <p>b) Volgehoue verbetering volgens aangetekende terugvoer t.o.v. die dienste wat deur Veilige Skole aangebied word, is deur die kliëntetevredenheidsopname oor die tydperk 2012-2015 aangeteken</p> <p>c) Die Veilige Skole-distrikskoördineerders en die Veilige Skole-veldwerkers by die distrikte sluit dienste van die Veilige Skole-inbelsentrum in</p> <p>d) Telefoonbemarking is gedurende die verslagtydperk deur middel van die Veilige Skole-inbelsentrum uitgevoer</p>

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) 3 890 Veilige Skole-oproepe het verdere bystand en ondersteuning benodig. Daar was:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 738 misdaadverwante voorvalle; • 1 097 aanmeldings van inbraak en vandalisme; • 439 gevalle van mishandeling aangemeld – waarvan 39 met afknouery verband gehou het en 277 oproepe het berading en sielkundige ondersteuning benodig; en • 'n Verdere 538 oproepe was in verband met kwessies oor skoolbeheerliggame <p>b) Die Veilige Skole-veldwerkers het leerders opgevolg wat stokkiesdraai, leerderprobleme geëvalueer en die herintegrasie van leerders in die skool gefasiliteer d.m.v. samewerking met betrokke rolspelers soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p>c) Die Veilige Skole-veldwerkers het leerders in gevaar gementor en onderrig om te verseker dat leerders toegang kry tot die dienste wat hulle benodig het</p> <p>d) Die Veilige Skole-inbelsentrum het 267 insidente van stokkiesdraai aangeteken, waarvan 220 na die distrik vir ingryping deur die Veilige Skole-veldwerker verwys is</p> <p>Die 23 Veilige Skole-veldwerkers het die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram aangebied</p> <p>72 jeugklubs is ingestel</p> <p>115 lokale vir vakansieprogramme het vir 15 485 leerders voorsiening gemaak</p>	<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) Terwyl die getal personeel by die inbelsentrum min is en die getal oproepe wat geregistreer word, minimaal is, word die werklike waardetoevoegende werk in die veld, deur vennootskappe, en die benutting van veldwerkers en sielkundiges verrig</p> <p>b) Veiligheidsveldwerkers volg leerders op wat stokkiesdraai en assesser leerderprobleme</p> <p>c) Bied mentorskap en afrigting aan leerders in gevaar en verseker dat hulle toegang kry tot dienste wat hulle nodig het</p> <p>d) Fasiliteer die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram</p>	<p>Waarde vir geld:</p> <p>a) 3 411 (55%) Veilige Skole-oproepe het verdere bystand en ondersteuning benodig. Daar was:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 709 misdaadverwante voorvalle; • 959 aanmeldings van inbraak en vandalisme; • 463 (7.5%) gevalle van mishandeling is aangemeld – 58 het met afknouery verband gehou en 392 (6%) oproepe het berading en sielkundige ondersteuning benodig. Kleiner kategorieë is as 'ander' niespesifiek geïdentifiseer. Nuwe stelsel sal vir beter verslagdoening voorsiening maak; en • 'n Verdere 454 oproepe was navrae in verband met kwessies oor skoolbeheerliggame <p>b) Veilige Skole-veldwerkers het leerders opgevolg wat stokkiesdraai, leerderprobleme geëvalueer en die herintegrasie van leerders in die skool gefasiliteer d.m.v. samewerking met betrokke rolspelers soos die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling</p> <p>c) Veilige Skole-veldwerkers het leerders in gevaar gementor en onderrig om te verseker dat leerders toegang kry tot die dienste wat hulle nodig het</p> <p>d) Veilige Skole-inbelsentrum het 179 voorvalle van stokkiesdraai aangeteken, waarvan 170 na die distrik vir ingryping deur die Veilige Skole-veldwerker verwys is. Dit is buiten regstreekse verwysings deur skole na die distrikskantoor ingevolge die beleid oor leerderbywoning</p> <p>Die 23 Veilige Skole-veldwerkers het die Veilige Skole-jeugklubs aangebied as deel van die vakansieprogram. 2 900 naskoolprogramme en 6 000 vakansieprogramme oor al agt distrikte in die Wes-Kaap is aangebied en het die volgende ingrypings en onderskeie teikengroepe ingesluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Opleiding in die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid (skoolhoof, adjunk-skoolhoof en veiligheidsbeampte); • Opleiding in middelmisbruik; Toetse vir dwelms en deursoeking en beslaglegging (skoolhoof, veiligheidsbeampte en 'n bykomende opvoeder van 'n ander geslag);

Huidige/werklike reëlings	Gewenste reëlings	Werklike prestasies
Waarde vir geld:	Waarde vir geld:	Waarde vir geld: <ul style="list-style-type: none"> • Konfliktbestuur en portuurbemiddeling (leerders - Graad 6, 8 en 9, opvoeders, skoolhoofde, ondersteuningspersoneel, veiligheidskomitees, skoolveiligheidskoördineerders, veiligheids- en ander vrywilligers op skoolpersele); en • Jeugontwikkeling (leerders, opvoeders, skoolhoofde, ondersteuningspersoneel, veiligheidskomitees, skoolveiligheids-koördineerders, veiligheids- en ander vrywilligers op skoolpersele)

Inligtingshulpmiddel vir dienslewering

Huidige/werklike inligtingshulpmiddels	Gewenste inligtingshulpmiddels	Werklike prestasies
Verskaf 'n telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor		
a) Alle interne kliënte en gekoppelde kliënte het die amptelike korrespondensie ontvang (omsendbriewe/minute). Dit word op die webwerf vir algemene kliënte geberg	a) Kommunikasie met alle interne kliënte en kliënte wat aan skole gekoppel is, vind d.m.v. amptelike korrespondensie (omsendbriewe/minute) plaas, wat op die webwerf vir algemene kliënte se toegang verskyn	a) Die afdeling Telekommunikasie het langdurige onderbrekings van telefoondienste aan interne kliënte gekommunikeer
b) Briefhoofde, insluitend die terrein-spesifieke Diensleweringshandves per distrik en hoofkantoor, is by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar	b) Briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, is by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar	b) Kommunikasie met alle interne kliënte en kliënte wat aan skole gekoppel is, vind d.m.v. amptelike korrespondensie (omsendbriewe/minute) plaas, wat op die webwerf verskyn vir algemene kliënte om toegang te verkry. WKOD Aanlyn verskaf 24/7 toegang tot alle omsendbriewe en minute wat deur die departement uitgereik word
c) E-pos	c) E-pos	c) Briefhoofde, insluitend die terrein-spesifieke Diensleweringshandves per distrik en hoofkantoor, is by alle onderwysterreine en steunkantore beskikbaar
d) Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf	d) Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf	d) E-pos
e) Die Skakelbordbestuurder en/of die onderskeie adjunktdirekteure het per e-pos met interne kliënte gekommunikeer oor onderbrekings in die telefoondiens	e) Skakelbordbestuurder	e) Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf

Huidige/werklike inligtingshulpmiddels	Gewenste inligtingshulpmiddels	Werklike prestasies
<p>Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</p> <p>a) Geskeduleerde vergaderings is met distrikskoördineerders en veldwerkers gehou</p> <p>b) Brosjures met inligtingstabelle is by gebeure versprei</p> <p>c) Brosjures met inligtingstabelle is by gebeure versprei. Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer word op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk</p> <p>d) Die Veilige Skole-inbelsentrum voorsien die distrik van statistiek oor alle voorvalle wat hulle help met die beplanning van ontwikkelings- en ingrypingsprogramme</p> <p>e) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer het op alle amptelike WKOD-briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves verskyn wat toeganklik was by alle onderwysterreine en steunkantore</p> <p>f) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer verskyn op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes. Die nommer verskyn ook op metaalopspoorders en bemarkingsmateriaal soos inligtingsborde oor beroepsgesondheid- en veiligheid en ander tekens by alle skole (wat onwettige middels en gevaarlike wapens verbied)</p>	<p>a) Veilige Skole-klustervergaderings</p> <p>b) Versprei brosjures by byeenkomste</p> <p>c) Inligtingstabelle by byeenkomste</p> <p>d) Distrik-webwerfvervoerfasiliteit</p> <p>e) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer verskyn op alle amptelike WKOD-briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves, wat by alle onderwysterreine en steunkantore toeganklik is</p> <p>f) Bemarkingsmateriaal word jaarliks versprei om die deel van inligting te verbeter en om die unieke diensaanbiedings te adverteer</p>	<p>a) Geskeduleerde vergaderings is met distrikskoördineerders en veldwerkers gehou</p> <p>b) Brosjures met inligtingstabelle is by gebeure versprei</p> <p>c) Brosjures met inligtingstabelle is by gebeure versprei. Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer word op alle amptelike briefhoofde gedruk</p> <p>d) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer word op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes gedruk. Die 2015 kliëntetevredenheidsverslag het volgehoue verbetering ten opsigte van Veilige Skole-ondersteuning vanaf hoofkantoor asook die onderwysdistrikskantore aan skole vir die tydperk 2013 tot 2015 geïllustreer</p> <p>e) Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer het op alle amptelike WKOD-briefhoofde, insluitend die Diensleweringshandves verskyn wat toeganklik was by alle onderwysterreine en steunkantore</p> <p>f) Bemarkingsmateriaal word versprei om die deel van inligting te verbeter en om die unieke diensaanbiedings te adverteer. Die Veilige Skole-inbelsentrum se nommer verskyn op alle amptelike briefhoofde en skryfbehoeftes. Die nommer verskyn ook op metaalopspoorders en bemarkingsmateriaal soos inligtingsborde oor beroepsgesondheid- en veiligheid en ander tekens by alle skole (wat onwettige middels en gevaarlike wapens verbied)</p>

Meganisme vir klagtes

Huidige/werklike meganisme vir klagtes	Gewenste meganisme vir klagtes	Werklike prestasies
<p>Verskaf 'n telekommunikasiediens by WKOD-hoofkantoor</p> <p>a) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het nie spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>b) Geen telefoniese klagtes via die meganisme vir terugvoer is vir die tydperk aangeteken nie</p> <p>c) Die aanlyn terugvoer, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het nie spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>d) Die aanlyn terugvoer, wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het nie spesifieke eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>Voorsien eerste lyn van ondersteuning aan slagoffers van mishandeling, geweld en skoolmisdaad by WKOD-instellings</p> <p>a) Die Bestuurder Onderwysveiligheid stel toepaslike stappe in wanneer klagtes ontvang word; dit sluit in bemiddeling met die geraakte persoon/persone en/ of ingryping/regstellende stappe vir die Veilige Skole-sentrumkonsultant d.m.v. indiensopleiding. Volgens Cyber Call het die Veilige Skole-inbelsentrum 6 460 oproepe ontvang (gedeeltelike aantekening weens foute op die stelsel). Hierdie oproepe het voorvalle van diefstal en vandalisme, misdaad en geweld, bendebedrywighede, mishandeling en navrae oor skoolbeheerliggame ingesluit</p> <p>b-d) Die aanlyn terugvoerstelsel (het die Theta Nathi-stelsel vervang) het geen bepaalde klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie. Die kliëntetevredenheidsopname oor die tydperk 2012 – 2014 het 'n verbetering aangedui in die dienste wat deur Veilige Skole aangebied is</p>	<p>a) Die Theta Nathi-statistiek word gemonitor, verslag oor gelewer en strategieë word geïmplementeer om die status quo aan te spreek en verbeter</p> <p>b) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik as standaard nie nagekom word nie</p> <p>c) Klagtes word na die Skakelbordbestuurder verwys</p> <p>d) Terugvoerfasiliteit op die webwerf</p> <p>a) Bestuurder Onderwysveiligheid monitor klagtes en neem toepaslike aksie</p> <p>b) Bestuurder van inbelsentrum vir klagtes</p> <p>c) Terugvoerfasiliteit op die webwerf</p> <p>d) Die Theta Nathi-meganisme vir klagtes en komplimente word vir regstelling gebruik as standaard nie nagekom word nie</p>	<p>a-b) Een klagte oor die WKOD se skakelbord wat tydens middagete (tussen 12:30 – 13:00) gesluit was, is ontvang. Die stelsel is weer geprogrammeer en WKOD-skakelbord se bedryfsure is nou vanaf 07:00 - 16:00, Maandag tot Vrydag</p> <p>c-d) Die aanlyn terugvoer wat die Theta Nathi-stelsel vervang het, het geen bepaalde eksterne klagtes oor telefoonbestuur vir die verslagtydperk aangemeld nie</p> <p>a) Die Bestuurder Onderwysveiligheid neem toepaslike stappe wanneer klagtes ontvang word; dit sluit in bemiddeling met die geaffekteerde persoon/persone en/of ingryping/regstellende stappe vir die Veilige Skole-sentrumkonsultant d.m.v. indiensopleiding. Veilige Skole-konsultante het statistiek (6 180 oproepe) met die hand opgeteken weens die disfonksionele Cyber Call-stelsel. Hierdie oproepe het voorvalle van diefstal en vandalisme, misdaad en geweld, bendebedrywighede, mishandeling en navrae oor skoolbeheerliggame ingesluit</p> <p>b) Inbelsentrubestuurder beskikbaar om alle verwante klagtes te hanteer. Die inbelsentrum het geen skriftelike klagtes in 2015/16 ontvang nie maar het nege skriftelike boodskappe ontvang om kliëntediensagente met uitstekende diens geluk te wens</p> <p>c) Die WKOD het op 1 233 navrae gereageer wat via die aanlyn fasiliteit vir terugvoer ontvang is</p> <p>d) Die 2015 kliëntetevredenheidsverslag het volgehoue verbetering ten opsigte van Veilige Skole-ondersteuning vanaf hoofkantoor asook die onderwysdistrikskantore aan skole vir die tydperk 2013 tot 2015 geïllustreer</p>

2.3 Organisasoriese omgewing

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinstellings, insluitende gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine.

Daar is vier takke in die WKOD, elkeen met 'n Adjunkdirekteur-Generaal aan die hoof. Die takke is Onderwysbeplanning; Kurrikulum- en Assesseringsbestuur; Institusionele Ontwikkeling en Koördinasie en Finansies. Die Hoofdirektoraat vir Mensebestuur rapporteer aan die Departementshoof, asook die Direkorate vir Kommunikasie en vir Sakestrategie en Belanghebbendebestuur.

Die departement poog om 'n reaktiewe en doeltreffende organisatoriese kultuur te skep en sy sakeprosesse en -stelsels te verbeter. Die hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om 'n spoedige en deskundige responsdiens en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien. Die WKOD is tans besig om die dienslewingsmodel in die onderwysdistrikte te hersien. Voorsiening is gemaak om deur die bekendstelling van die nuwe diensmodel die negatiewe impak op skole te verminder.

Wat die organisasie betref, beoog die departement om die volgende te voorsien:

- amptenare te hê wat omgee en wat ingelig en georganiseer is om skole, onderwysers en leerders te ondersteun
- onderwysers te hê wat teenwoordig en voorbereid is en tekste gebruik
- befondsing te verskaf wat aangewend word om sukses te maksimeer en geteikende armoedeverligting te verseker
- voldoende en veilige skole te verseker
- 'n bevorderlike omgewing vir vennote in onderwys te voorsien om tot gehalte-onderwys by te dra: onderwysvakbonde, skoolbeheerliggame, die privaat sektor, nieregerings-organisasies, onafhanklike skole, hoër onderwysinstellings en BVOO-kolleges.

Veranderinge in die oorsigjaar

Die WKOD het ten doel om enige potensiële negatiewe impak van veranderinge aan bestuurstrukture te versag deur die tydigde advertering en vulling van poste.

Mnr John Lyners, lank-dienende Adjunk-direkteur-generaal, het aan die einde van April 2016 afgetree. Mnr Tau Matseliso is in sy plek aangestel. Me Marcia Harker, ADG vir Onderwysbeplanning, is in Oktober 2015 na die Gauteng Departement van Vervoer oorgeplaas en mnr Archie Lewis het in haar pos waargeneem.

'n Nuwe Direkteur: Bestuursrekeningkunde, me Merle Kock, het op 1 Junie 2015 diens aanvaar. Die Direkorate vir Interne Kontrole rapporteer vanaf 2015/16 aan die Hoof Finansiële Beampte.

Me Zan Rhoxo, Direkteur van die Onderwysdistrikskantoor vir Eden en Sentraal Karoo, het in 2015 afgetree en is opgevolg deur mnr Desmond Maarman. Mnr Benjamin Schercka is aangestel in die pos van Direkteur: Metro-Oos Onderwysdistrik.

Me Zodwa Modimakwane is bevorder na 'n pos by Umalusi en is opgevolg deur mnr Blackie Swart as Direkteur: Assesseringsbestuur. Mnr Norman Daniels het aan die einde van Januarie afgetree. Mnr Tau Matseliso is in die pos aangestel, maar is toe benoem vir die pos van ADG en die pos van Direkteur: Diensvoordele is dus geadverteer en die nuwe aanstelling, me Devigi Pillay, het op 1 Junie 2016 diens aanvaar.

'n Nuwe Hoofdirekteur vir Sake-intelligensiebestuur, mnr Salie Abrahams, het in November 2015 diens aanvaar. 'n Bykomende direktoraat is geskep, naamlik dié van Infrastruktuurbeplanning, en mnr Gerrit Coetzee het hierdie pos in Januarie 2016 betree.

WKOD-aktiwiteite – omvang en skaal

Leerders	
Leerders in openbare gewone skole Graad 1 – 12 inklusief	985 315
Leerders in Graad R in openbare gewone skole	64 648
Leerders in Graad R in onafhanklike skole	18 854
Leerders by spesiale behoefte-skole	20 139
Leerders in onafhanklike skole	48 153
Totaal	1 137 109
Personeel	
Opvoeders	32 039
Staatsdienspersoneel (goedgekeurde diensstaat)	8 802
Totaal	40 841
Instellings	
Openbare gewone skole	1 457
Skole vir leerders met spesiale behoeftes	72
Distrikskantore	8


Huidige instellings (alle openbare gewone skole) (31 Maart 2016)

Inskrywingsbron 2015: Jaarlikse opname in skole voor-Graad R tot matriek);

Opvoeders: PERSAL: 2015

Die agt onderwysdistrikte is in 49 kringe verdeel, wat regstreekse ondersteuning aan skole bied. 'n Verskeidenheid professionele persone, insluitend kringbestuurders, vakadviseurs en spesiale onderwysspesialiste (sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuningsadviseurs), bied ondersteuning aan skole vanuit die distrikskantore.

Die huidige verspreiding van skole word hieronder aangetoon



Distrik		1	2	3	4	5	6	7	8	Totaal
Kaapse Wynland	Skole	39	35	33	38	30	30	31	36	272
	Leerders	24 864	24 760	21 714	12 612	13 786	21 598	9 808	9 586	138 728
Eden en Sentraal Karoo	Skole	29	32	24	32	36	37	29		219
	Leerders	8 733	23 330	23 009	19 696	12 212	14 185	14 151		115 316
Metro-Sentraal	Skole	32	44	36	35	30	33			210
	Leerders	20 624	21 634	20 889	22 377	20 196	22 247			127 967
Metro-Oos	Skole	26	23	25	23	23	26			146
	Leerders	24 582	25 857	23 454	22 069	21 319	29 254			146 535
Metro-Noord	Skole	28	28	30	27	33	31	31		208
	Leerders	26 363	20 452	34 219	25 415	21 984	19 957	33 261		181 651
Metro-Suid	Skole	34	35	28	16	17	30	30		190
	Leerders	26 469	21 417	17 275	11 875	18 512	32 303	29 799		157 650
Overberg	Skole	28	30	25						83
	Leerders	10 129	19 495	9 868						39 492
Weskus	Skole	25	25	23	25	31				129
	Leerders	14 244	9 169	16 711	7 464	9 913				57 501
Groottotaal	Skole	241	252	224	196	200	187	121	36	1 457
	Leerders	156 008	166 114	167 139	121 508	117 922	139 544	87 019	9 586	964 840

2.4 Belangrike beleidsontwikkeling en wetgewende veranderingings

Die Minister van Basiese Onderwys, handelend volgens artikel 4(1) van die *Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012 (Wet 12 van 2012)*, het haar voorneme om 'n taalbeleid vir die Departement van Basiese Onderwys aan te neem in *Staatskennisgewing 325 in Staatskoerant Nr. 38679* gedateer 7 April 2015 gepubliseer en 'n beroep gedoen op skriftelike voorleggings deur belanghebbendes en belangstellende lede van die publiek. Die konsepbeleid sluit aspekte in soos die gebruik van amptelike tale deur die Departement van Basiese Onderwys, kapasiteitsbou, kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtal nie een van die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika is nie, kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtal Suid-Afrikaanse Gebaretaal is en meganismes vir klagtes.

'n Beroep op skriftelike voorleggings deur belanghebbende liggame en lede van die publiek is op 5 Mei 2015 in *Staatskoerant Nr. 38763, Staatskennisgewing 395 van 2015*, deur die Minister van Basiese Onderwys gepubliseer, wat die voorneme bekendgemaak het om die konsepbeleid van die Departement van Basiese Onderwys oor MIV, SOI's en TB ingevolge artikel 3(4)(o) van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)* goed te keur. Die konsepbeleid behels onder meer leidende beginsels en beleidstemas soos bemagtigende omgewing, voorkoming, behandeling, versorging, berading en ondersteuning, impak-versagting, werkplekkwessies en die bestuur van beleidsrespons met betrekking tot MIV, SOI's en TB.

'n Beroep op skriftelike voorleggings deur belanghebbende liggame en belangstellende lede van die publiek oor die konsepwysigingsbeleid insake die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is op 25 Mei 2015 in *Staatskoerant Nr. 38771, Staatskennisgewing 410*, deur die Minister van Basiese Onderwys gepubliseer. Die gepubliseerde konsepwysigings het wysigings aan die nasionale beleid oor die afneem, administrasie en bestuur van die assessering van die Senior Sertifikaat ingesluit, gepubliseer by wyse van *Staatskennisgewing Nr. 1081 in Staatskoerant Nr. 26789* van 17 September 2004 en gewysig as *Staatskennisgewing Nr. 827 in Staatskoerant Nr. 30267* van 7 September 2007; en *Staatskennisgewing Nr. 1151 in Staatskoerant Nr. 31535* van 31 Oktober 2008.

Die Departement van Basiese Onderwys het 'n kennisgewing in die *Staatskoerant Nr. 38820* gedateer 25 Mei 2015, *Staatskennisgewing Nr. 435*, gepubliseer waarin goedkeuring verleen is om 'n beroep op skriftelike voorleggings deur belanghebbendes te doen oor die konsepwysigingsregulasies vir die uitreiking van sertifikate deur die Raad vir Gehalteversekering van algemene en verdere onderwys en opleiding, ingevolge artikel 27 van die *Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)*. Die konsepregulasies sal sekere artikels van die regulasies wysig by wyse van invoegings en weglatings wat die uitreiking van sertifikate deur die Raad vir Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding sal reguleer.

Die Minister van Basiese Onderwys het ingevolge artikel 3(4)(l) en 7 van die *Wet op Nasionale Onderwys, 1996 (Wet 27 van 1996)*, deur publikasie in *Staatskoerant Nr. 39006* gedateer 20 Julie 2015, *Staatskennisgewing Nr. 620*, 'n beroep gedoen vir skriftelike voorleggings deur belanghebbendes oor die nasionale beleid oor die afneem, administrasie en bestuur van die jaarlikse nasionale assesserings (JNA). Hierdie beleidsdokument sal die grondslag vorm vir die

Minister van Basiese Onderwys om die norme en standaarde te bepaal, asook die prosesse en prosedures vir die afneem, administrasie en bestuur van die jaarlikse nasionale assessering (JNA), wat deel vorm van leerderprestasie soos bepaal in artikel 6A(2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)*. Hierdie beleid sal dus vir alle openbare en onafhanklike skole geld.

Die Minister van Basiese Onderwys het ingevolge die *Wet op Nasionale Onderwys, 1996 (Wet 27 van 1996)* en die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)* 'n beroep op skriftelike voorleggings van belanghebbende liggame en lede van die publiek oor die *konsepregulasies insake minimum eenvormige norme en standaarde vir provinsiale institute vir onderwyserontwikkeling en distriksentrums vir onderwyserontwikkeling in Suid-Afrika* in *Staatskoerant Nr. 39038, Staatskennisgewing Nr. 657*, gedateer 31 Julie 2015 gepubliseer. Die doel van die konsepregulasies is om 'n regulatoriese raamwerk te voorsien om sekere van die belangrikste kwessies rakende die rolle van institute en sentrums waarna daar in die dokumente verwys word, aan te spreek, met 'n spesifieke fokus op infrastruktuur en toerusting, personeelvoorsiening, korporatiewe beheer en bestuur en befondsing.

Kennisgewing 482, gepubliseer in *Staatskoerant Nr. 38822* van 29 Mei 2015, verklaar die voorneme van die Minister van Openbare Werke om die *regulasies vir boubedryfontwikkeling* gepubliseer in *Staatskennisgewing 692, Staatskoerant 26427* gedateer 9 Junie 2004, te wysig.

Die Minister van Basiese Onderwys het op 25 Mei 2015 'n beroep op kommentaar oor die *konsep- nasionale beleid oor die afneem, administrasie en bestuur van die Senior Sertifikaat-eksamen* in *Staatskennisgewing 420* in *Staatskoerant Nr. 38810* gepubliseer. Hierdie konsepdokument maak onder meer voorsiening vir liggame wat betrokke is by die gehalteversekering van assessering, toegangsgelde en toegewings.

Die Minister van Basiese Onderwys het 'n versoek om kommentaar gerig oor die *bepaling van minimum uitkomst en standaarde en 'n nasionale proses en prosedures vir die assessering van leerderprestasie soos uiteengesit in die beleidsdokument, nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* in *Staatskoerant Nr. 39405*, gedateer 13 November 2015, soos gepubliseer in *Staatskennisgewing 605*. Dit dek wysigings aan vakke en tydstoekenning per vak.

Die *konsepwysigings aan die beleidsdokument, nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die NKV Graad R-12, en die afneem, administrasie en bestuur van die Senior Sertifikaat-eksamen* is vir kommentaar in *Staatskoerant Nr. 39399, Staatskennisgewing 605*, gedateer 13 November 2015 gepubliseer. Dit sluit toevoegings tot die voorgeskrewe aantal amptelike tale en tydstoekenning per vak in.

Nuwe provinsiale wetgewende ingrypings

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement is daartoe verbind om alle moontlike opsies te verken om toegang tot gehalte-onderwys te verbeter, veral in ons armste gemeenskappe. Die departement glo daarin om innoverend met skole en vennote in regering, die privaat sektor, die burgerlike samelewing en die skenkergemeenskap te werk om te verseker dat ons alle beskikbare hulpbronne gebruik om hierdie doelwit te bereik. Die departement implementeer 'n wye verskeidenheid maatreëls om toegang tot gehalte-onderwys in arm gemeenskappe te verbeter. Die jongste voorbeeld is die *Beleid oor Samewerkende Skole Loodsprogram*, in vennootskap met onderwyskenkers en steunorganisasies, wat op 31 Augustus 2015 goedgekeur is.

'n 'Samewerkende Skool' is 'n nuwe tipe openbare skool wat bestuur word in 'n vennootskap tussen 'n nuwingsgewende skoolondersteuningsorganisasie (die 'funksionerende vennoot') en die WKOD wat toesig sal hou oor prestasie, en die skool en die funksionerende vennoot as deel van die openbare onderwysstelsel aanspreeklik sal hou. Die loodsprogram sal skoolleiers en funksionerende vennote in staat stel om toegang tot bykomende hulpbronne te verkry, en sal voorsiening maak vir meer buigsame bestuur om nuwe maniere te verken om die doeltreffendheid en effektiwiteit van onderrig te verbeter.

Skoolfunksionerende vennote sal deur middel van opleiding, bykomende hulpbronne, prestasiemonitering en gereelde terugvoer intensiewe ondersteuning aan onderwysers en skoolhoofde voorsien. Die oorkoepelende doel is om onderwysuitkomste vir leerders in hierdie skole te verbeter.

Die *Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)* (die Wet) het op 16 Januarie 1998 in werking getree en die eerste wysiging daarvan is op 6 Desember 2010 goedgekeur. 'n Paar bepalings in die Wet het oortollig geraak en 'n paar het oorbodig geraak, aangesien dit nie ooreenstem met toepaslike wetgewende ontwikkelinge in Suid-Afrika nie.

Die Wes-Kaapse Kabinet het op 24 Junie 2015 in beginsel goedkeuring verleen om konsepwetgewing op te stel om die *Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)* te wysig. Die Wysigingswetsontwerp, 2016 het ten doel om die Wet in ooreenstemming te bring deur voorsiening te maak vir sekere beleidsontwikkelings in die huidige onderwyslandskap en sal verder voorsiening maak vir die nodige wysigings waar onderwys in twee afsonderlike entiteite verdeel is, naamlik basiese onderwys en hoër onderwys. Dit sal sekere definisies wysig, nuwe definisies insluit en sekere tegniese foute soos verouderde uitdrukkings regstel. Regulasies ingevolge die *Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)* is soos volg voorberei:

Die *2015-regulasies oor die uitreiking van prestasie-aanwysers wat bindend op openbare skole is*, is in *Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7399* gedateer 2 Junie 2015 gepubliseer. Hierdie regulasies is aan openbare skole gestuur onder die dekking van Omsendbrief 0036 van 2015, gedateer 29 Junie 2015. Die regulasies het aanwysers vir openbare skole uiteengesit ten einde die akademiese prestasie van die openbare skole te monitor en evalueer om die departement in staat te stel om die betrokke openbare skole by te staan, adviseer en ondersteun om leer-/leerderprestasie te versterk.

Die Regulasies insake die Instelling en Funksies van die Onderwysraad is in die Buitengewone Provinsiale Koerant No. 6910, gedateer September 2011, gepubliseer. Hierdie regulasies bevat die samestelling van die Onderwysraad, die ampstermyn van lede, diskwalifikasie en beëindiging van lidmaatskap, ontbinding van die Raad, vakatures op die Onderwysraad, die Uitvoerende Komitee en vergaderings en prosedures. Die 2015-wysiging van die 2011-regulasies met betrekking tot die instelling en funksies van die Raad van Onderwys is op 14 Desember 2015 in Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7549, Provinsiale Kennisgewing 435 gepubliseer om voorsiening te maak vir onder meer 'n verandering in die samestelling van die Raad van Onderwys, die voorlegging van 'n adviserende verslag aan die Provinsiale Minister, die termyn van raadslede, 'n verandering aan die minimum aantal vergaderings van die raad van twee na vier 'n jaar en 'n paar oorgangsbepalings.

Die Wes-Kaap Provinsiale Regering Rookbeleid, 2015 is op 15 Desember 2015 deur die Minister verantwoordelik vir Onderwys in die provinsie goedgekeur en onder dekking van Omsendbrief 0001/2016 versprei.

Uitdagings wat deur beleidsaangeleenthede gestel is

Skole:

Die Regulasies met betrekking tot Minimum Eenvormige Norme en Standaarde (November 2013) het 'n impak op die beplanning vir toekomstige geboue. Die potensiële impak hiervan sal 'n tydjie neem om te bepaal ten opsigte van bestaande geboue en groottes van skole.

3. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte¹

Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 1	'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
Doelwitverklaring	Leerders se akademiese prestasie in taal en wiskunde sal verbeter sodat: <ul style="list-style-type: none"> - Graad 3-leerders 'n slaagkoers van 50% in Taal en 64% in Wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadministreer word - Graad 6-leerders 'n slaagkoers van 48% in Taal en 40% in Wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadministreer word - Graad 9-leerders 'n slaagkoers van 53% in Taal en 21% in Wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadministreer word
Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 2	'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
Doelwitverklaring	Leerders se akademiese prestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) sal verbeter sodat: <ul style="list-style-type: none"> - Die getal leerders wat in 2019 die NSS slaag, 41 000 sal wees. - 'n Slaagkoers van 86% in 2019 behaal word. - Die getal leerders wat in 2019 op B-graad-vlak slaag, 20 100 sal wees. - Die getal leerders wat in 2019 wiskunde slaag, 11 770 sal wees. - Die getal leerders wat in 2019 natuurwetenskap slaag, 9 500 sal wees.


¹ Let daarop dat die teikens vir die buitejare in die Jaarlikse Prestasieplan van 2016/17 bygewerk is. Die teikens wat in 2015/16 gestel is, word vir hierdie verslag behou

Strategiese uitkoms-georiënteerde doelwit 3	'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe
Doelwitverklaring	<p>Die WKOD sal belê in behoeftige skole sodat:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Die getal skole met 'n Graad 12-slaagkoers van minder as 70% teen 2019 verminder tot 'n syfer van nul. - Daar 'n afname in onderprestasie in ander grade is, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9 (verwys na doelwit 1 en program 7 vir die teikens) - Die getal laerskole met swak uitslae in sistemiese toetse en 'n algehele slaagkoers van minder as 85% oor grade teen die einde van 2019 tot 30 verminder. - Die retensiekoers (Graad 10 tot 12) teen die einde van 2019 tot 68% styg. <p>Die getal besoeke vir skoolondersteuning gedifferensieer sal word om by die vereiste ondersteuning te pas.</p> <p>Infrastruktuur, maatskaplike ondersteuning en die voorsiening van fondse gerig sal word ten gunste van leerders en skole wat dit die nodigste het.</p>

Vordering met teikens in Strategiese Plan



Doelwit 1: 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole

Die nuwe Taal- en Wiskundestrategie vir Graad R – 12 is in 2015 opgestel, beraadslaag, afgehandel en geïnisieer, soos uiteengesit in die vyfjaarplan. Alhoewel die Jaarlikse Nasionale Assesserings nie formeel in 2015 afgeneem is nie, het die WKOD se Sistemiese Toetse belowende uitslae in veral Wiskunde opgelewer. As gevolg van groter verbeterings as wat voorspel is, is die vyf-jaar teikens in die Jaarlikse Prestasieplan van 2016/17 hersien.



Doelwitte 2 en 3: 'Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat' en 'Toename in die gehalte van onderwysvoorsiening in armer gemeenskappe'

Die WKOD-slaagsyfer van 84.7% het die teiken van 83.5% oorskry. Die vyf-jaar teiken vir die slaagkoers is gevolglik aangepas van 86% na 88%



Die volledige besonderhede is soos volg:

WKOD Vergelykende NSS-uitslae 2010 – 2015						
Jaar	Afgelê	Geslaag	% Geslaag	Toelating tot B-grad	% Toelating tot B-grad	Skole met slaagkoers <60%
2010	45 783	35 139	76.8	14 414	31.5	78
2011	39 988	33 146	82.9	15 215	38.1	30
2012	44 700	36 992	82.8	16 319	36.5	26
2013	47 636	40 558	85.1	19 477	40.9	23
2014	47 709	39 237	82.2	18 524	38.8	31
2015	53 721	45 496	84.7	22 379	41.7	27

Die uitslae vir die skole wat armer gemeenskappe (Kwintiel 1-4) bedien het die volgende verbeterings aangedui:

Slaagkoers per Nasionale Kwintiel (NK) Slegs openbare skole			
	Jr2014	Jr2015	Verskil: '14 & '15
NK1	66.5%	74.1%	7.6%
NK2	68.6%	71.7%	3.2%
NK3	71.3%	74.2%	2.9%
NK4	77.9%	82.7%	4.8%
NK5	92.2%	93.2%	1.0%
LSOB	84.4%	89.3%	4.9%
	81.6%	84.3%	2.7%

4. Prestasie-inligting per program

4.1 Program 1: Administrasie

Doelwit

Om algehele bestuur van die onderwysstelsel te verskaf in ooreenstemming met die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op die Bestuur van Openbare Finansiële Bestuur, en ander beleidsrigtings

Die Administrasieprogram bestaan uit die volgende subprogramme²:

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

Om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys, in lyn met die ministeriële handboek

Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste

Om aan die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie bepaald op onderwys gerig is nie.

Subprogram 1.3: Onderwysbestuur

Om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien.

Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

Om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te verskaf.

Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)

Om 'n Onderwysbestuursinligtingstelsel ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid beskikbaar te stel.

Strategiese doelwitte³

Program 1: Strategiese doelwitte	
Strategiese doelwit 1.1	Ontwikkel en implementeer 'n 5-jaar plan vir onderwyserontwikkeling.
Doelwitverklaring	1. Tweejaarlikse vergaderings tussen die WKOD en HOI's en DHOO om pre-diens vir onderwysers te beïnvloed 2. Ontwikkel en implementeer 'n vyf-jaar plan vir in-diens onderwyserontwikkeling (insluitend responsiwiteit op inligting uit toetsing; profielsamestelling van onderwysers; opleiding vir e-leer) 3. Ontwikkel en implementeer 'n omvattende onderwyser-aansporingsprogram vir onderwyserontwikkeling om die professionaliteit, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaargeletterdheid van onderwysers en skoolhoofde te verbeter 4. Werf, keur en behou bekwame en goeie-gehalte skoolhoofde en departementshoofde
Strategiese doelwit 1.2	Verbeter administratiewe en ander steun aan skole, wat toenemend deur aanlyn dienste verskaf word.
Doelwitverklaring	1. Verskaf alle gemandateerde dienste doeltreffend aan skole en monitor tevredenheidsvlakke deur middel van klagtemeganismes en 'n jaarlikse kliëntetevredenheidsopname. 2. Benut aanlyn dienste toenemend en optimaal om dienslewering te bespoedig en elimineer ondoeltreffendhede sodat die WKOD dienste aan skole, onderwysers, ouers en leerders op enige tyd, op enige plek lewer (e-Administrasie) 3. Onderwysbeplanning moet data-gedrewe en verantwoordbaar wees

² Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor se templaar en is kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in Program 1 dek koste wat met die administrasie van die stelsel verband hou.

³ Die strategiese doelwitte aangedui in die Strategiese Plan vir 2015-2019 word volledig hier aangegee

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Finansieel

Die WKOD het 98,54% van die goedgekeurde aansuiweringsbegroting vir 2015/16 bestee.

Fondse is aangewend om die doelwitte van Aksieplan 2015 en die drie doelwitte van die WKOD te bereik. 74.0% van die begroting is toegeken vir die vergoeding van werknemers (Kvl) en meer as R1.464 miljard vir sewe voorwaardelike toelaes en noodsaaklike dienste. Die WKOD is verbind tot oordeelkundige besteding ten einde fondse te verskuif om in die behoeftes te voorsien van diegene wat ondersteuning die meeste nodig het.

Besparings is aangeteken in die begroting vir die vergoeding van werknemers, hoofsaaklik as gevolg van minder as verwagte tydelike aanstellings (gedurende die maande van Julie en Januarie) en vakatures onder opvoeders en staatsamptenare in die departement as gevolg van die stadige vulling van vakante poste en 'n besparing in toelaes wat aan laer-vlak werknemers betaal is wat in hoër-vlak vakante poste waargeneem het.

Besparings is aangewend vir die verbetering van skoolinfrastruktuur en hulp aan skole wat finansiële uitdagings in die gesig staar. Oordragbetalings is aan skole gemaak om voorsiening te maak vir geen-skoolgeld-skole, vir vergoeding vir vrystelling van skoolgeld, vir hulpbronne, om skuld vir munisipale dienste te verlig en om bykomende, aanvullende handboeke vir alle grade te verkry.

Die WKOD het steeds op goeie korporatiewe beheer gefokus. Die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika het in sy audit van die 2014/15 finansiële jaarstate beslis dat die state in alle wesentliche opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van WKOD is. Die OGSA ook beslis dat die WKOD geen wesentliche nadelige aanwysers gehad het nie.

Mensebestuurspraktyke

Die bestuur van posttoekennings aan skole in die WKOD is van kritieke belang vir die sukses van skole. Die WKOD het as gevolg van die toename in leerderinskrywing altesaam 32 039 onderwysposte vir die 2015-skooljaar toegeken. Die WKOD het die 2016-toekenning met nog ses onderwysposte verhoog.

Die volgende tabel verskaf die posttoekennings vir die 2011- tot 2016- akademiese jare:

Akademiese jaar	Poste toegeken
2011	30 989
2012	31 091
2013	31 091
2014	31 357
2015	32 033
2016	32 039

Die WKOD streef voortdurend om die leerder-opvoeder-verhouding in die grondslagfase te verbeter. Die WKOD het oor die tydperk 2015/16 'n gemiddelde onderwyser-leerder-verhouding van 1:37 in laerskole en 1:33 in hoërskole gehandhaaf.

Die geskikte plasing van botallige onderwysers is noodsaaklik om te verseker dat hulle vaardighede ten beste benut word om tot verbeterde onderwysuitkomste by te dra. Die salarisse wat betaal word aan botallige onderwysers het 'n negatiewe uitwerking op opsies vir die aanstelling van onderwysers wat elders benodig word. Die WKOD het gedurende die tydperk 1 April 2015 tot 31 Desember 2015 die getal oortollige opvoeders met 84 verminder as gevolg van 'n ontwerpde ontplooiingsplan.

Die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR) is daarop gemik om te verseker dat diegene wat geregtig is op verlof met betaling dit ontvang, en dat daar geen onnodige vertraging is om geregtigheid op verlof of oorbetalings vir diegene wat nie op verlof geregtig is nie, te bepaal nie.

Gedurende die tydperk 1 April 2015 tot 31 Desember 2015, is 623 Funza Lushaka-beurshouers uit 819 wat aan die einde van 2014 as onderwysers gekwalifiseer het, suksesvol in permanente, aflos- of tydelike poste geplaas.

Vir die begin van die skooljaar in 2016 het die WKOD weer op die permanente aanstelling van nuwe toetreders gefokus (wat Funza Lushaka beurshouers insluit). Die sukses van die werwingsveldtog het gelei tot 1 010 nuwe toetreders wat aangestel is. Altesaam 1 128 opvoeders is met ingang van 1 Januarie 2016 permanent aangestel.

In 2015 is die fokus ook geplaas op die advertering en vul van adjunk-skoolhoof- en skoolhoofposte. Hierdie poste is in elk van die WKOD-vakaturelyste en in spesiale vakaturelyste geadverteer en is geprioritiseer om die spoedige verwerking van aansoeke te verseker. Hierdie inisiatief het beteken dat minder mense in bevorderingsposte waargeneem het, die gebruik van tydelike personeel is verminder en skoolstabiliteit is versterk.

Die WKOD het die aanstellingsvereistes en keuringsprosesse vir skoolhoofde versterk deur middel van die toepassing van 'n bevoegdheid-gebaseerde assesseringsinstrument (BGA) wat in 2015/16 gebruik is om met die keuring van skoolhoofde te help. Die meeste kandidate wat aan die BGA as deel van die werwings- en keuringsproses deelgeneem het, het die assessering as nuttig vir professionele ontwikkeling gevind. Terugvoer aan individue het bygedra tot die ontwikkeling van ingeligte Individuele Ontwikkelingsplanne vir nuutaangestelde skoolhoofde. Daarbenewens het die WKOD versoeke van in-diens skoolhoofde ontvang om aan die BGA deel te neem om hulle by te staan in die ontwikkeling van vaardighede vir die verbeterde funksionering van die instellings wat hulle bestuur.

Die WKOD het die profilering van die poste van adjunk-skoolhoof en departementshoof voltooi ten einde 'n BGA-instrument vir hierdie poste in 2016 te ontwikkel. Aansoekers vir poste van adjunk-skoolhoof en departementshoof kan nou ook aan BGA onderwerp word.

Die data oor nuwe skoolhoof-aanstellings in onderstaande tabel sluit aanstellings vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016 in en dui aanstellings by alle openbare skole aan.

Nuwe skoolhoofde per jaar								
Distrikte	Totale getal skole	2010	2011	2012	2013	2014	2015	Totaal
Kaapse Wynland	272	22	20	10	19	25	25	121
Eden en Sentraal Karoo	219	13	12	9	27	32	17	110
Metro-Sentraal	210	30	14	6	24	38	22	134
Metro-Oos	146	21	6	10	12	29	19	97
Metro-Noord	208	16	10	16	14	30	13	99
Metro-Suid	190	18	8	8	5	25	16	80
Overberg	83	9	5	4	9	18	5	50
Weskus	129	13	11	5	15	14	6	64
Totaal	1 457	142	86	68	125	211	123	755

Inligting en kommunikasie

Die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS)

Die WKOD-inligtingstelsel (SOBIS) het in 2015/16 gefokus op die handhawing en verbetering van bestaande sakeprosesse wat deur middel van SOBIS aangebied word. SOBIS speel steeds 'n deurslaggewende rol in besluitneming aangesien dit data oor inskrywing insamel wat gebruik word om historiese tendense te ontleed en vooruitskattings vir beplanningsdoeleindes ondersteun.

Soos in die verlede, het SOBIS eksamen- en assessering-administrasie en registrasieprosesse regstreeks ondersteun; data verskaf om die toekenning van personeel te bepaal; en is gebruik vir aanlyn-opnames in gewone en spesiale skole en ander administratiewe funksies.

'n Kwartaallikse moniteringsinstrument is deur distriksamptenare gebruik om vordering by skole met betrekking tot sekere kommerwekkende aangeleenthede deur EduInfoSearch na te spoor. In 2015/16 is skoolverbeteringsplanne op SOBIS gelaai. Die WKOD het ook die module vir skooltoelating-bestuursinligting op SOBIS bekendgestel en skole en distrikte bygestaan met die plasing van leerders vir 2015.

Die WKOD het in 2013 begin met die gebruik van 'n geoutomatiseerde e-Werwingstelsel. Alle vakatures in 2015/16 is via die aanlyn stelsel geadverteer. 49 564 gebruikers het tot hede op die stelsel geregistreer en 28 207 gebruikers het hul profiel op die stelsel voltooi.

Kommunikasie

Die getal mediaberigte waarin die WKOD genoem word, het gestyg van 4 280 in 2014/15 na 4 934 in 2015/16, wat op verdere intense belangstelling in onderwys in die provinsie dui.

Die WKOD het vier veldtogte gedurende die jaar bestuur: om vroeë inskrywing vir die skooljare 2016 en 2017 aan te moedig; om die departement se Taal- en Wiskundestrategie te ondersteun; en om NSS-eksamenvoorbereiding te ondersteun.

Die WKOD het 'n reeks publikasies geproduseer, insluitend 'n Matriek-hersieningsgids, 'n 'Wenke vir Sukses'-gids vir Graad 12's, 'n studiegids vir Graad 10 tot 12, die WKOD se koerant, Education Update, en WCED@work, 'n nuusbrieff vir amptenare.

Die WKOD se webwerf het meer as 'n miljoen besoeke gelok (1 189 392 teen 29 Februarie 2016), gemiddeld meer as 100 000 besoeke per maand (108 126). Belangrike aanlyn ontwikkelings het die bekendstelling van die WKOD se ePortaal ingesluit wat toegang tot digitale onderrig- en leerhulpbronne bied. Die ePortaal is 'n belangrike komponent van die provinsie se eLeer-spelwysigerprogram.

Die ePortaal bied 'n platform vir omvattende samewerking en die deel van hulpbronne, in ooreenstemming met die provinsie se verbintenis om vennootskappe te bou ten einde 'n bemagtigende omgewing vir onderwys te skep.

Die WKOD se aanlyn ondersteuning vir matrikulante het volgehoue aandag getrek. Die webwerf sluit skakels in na meer as 300 kort lesse op YouTube in Aardrykskunde, Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Lewenswetenskappe. Die video's het teen 16 Januarie 2016 altesaam 301 594 kykers gelok.


WKOD se Kliëntedienste bedryf 'n inloopsentrum, 'n besoekersentrum en 'n inbelsentrum. Die gemiddelde getal besoeke of oproepe na elke sentrum was onderskeidelik 3 165, 570 en 5 950.

Die WKOD-kliëntetevredenheidsopname is vir die sewende jaar in 2015 uitgevoer. Die steekproef was die tweede helfte van alle skole in die provinsie. In die vorige vyf jare is 'n vyfde van skole jaarliks getoets. In 2014 is die eerste helfte van alle skole getoets. Vyf opvoeders per skool op verskillende posvlakke het elke jaar die vraelyste voltooi.

Respondente		
Posbenaming	Totaal	%
Skoolhoof	256	23%
Adjunk-Skoolhoof	153	14%
DH	222	20%
Senior Opvoeder	103	9%
Opvoeder	345	31%
Ander	45	4%
	1124	100%

Die tellings dui elke jaar op 'n geleidelike verbetering in die waargenome dienslewingsvlakke sedert die eerste opname uitgevoer is.

Ondersteuning deur Hoofkantoor en OD-bestuurders						
Kategorie	Tydperk	Uitstekend	Goed	Bevredigend	Swak	Uiters swak
Hoofkantoor	2014	2%	31%	55%	10%	2%
	2015	3%	33%	52%	10%	1%
Onderwysdistrikskantore	2014	7%	47%	40%	5%	0,3%
	2015	9%	50%	38%	3%	0%
Ondersteuning in kurrikulumopleiding	2014	6%	41%	42%	9%	2%
	2015	7%	43%	40%	9%	1%
Ondersteuning in kurrikulum-skoolbesoeke	2014	7%	42%	41%	9%	2%
	2015	9%	42%	36%	11%	3%
CTM-ondersteuning	2014	9%	41%	42%	6%	1%
	2015	11%	42%	39%	6%	1%
IBB-bestuursondersteuning	2014	17%	44%	35%	3%	1%
	2015	19%	48%	28%	4%	1%



Aanspreeklikheid

Alle amptenare word na aanleiding van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou. Amptenare by hoofkantoor word vir tydiges en deskundige ondersteuning aan distrikte verantwoordelik gehou. Distrikte word vir ondersteuning aan skole en die prestasie van onderwysers en leerders aanspreeklik gehou.

In Februarie 2015 en weer in 2016 het alle skole die aanlyn Skoolverbeteringsplanne (SVP'e) voltooi, met teikens vir 3 jaar. Die SVP spesifiseer stappe wat elke skool sal instel om die gestelde teikens in hulle SVP'e te bereik. Die waarde van die aanlyn-verbeteringsplan is dat alle skole op belangrike ingrypings vir verbetering fokus. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheid-stelsel, aangesien die ondertekenaars van die plan die skoolhoof, die SBL en die WKOD behels.

Die WKOD het in 2015 kwartaallike Skoolverbeteringsmonitering (SVM) uitgevoer wat aan die Skoolverbeteringsplanne gekoppel is. Die SVM vir 2015/16 het die gebruik van handboeke en werkboeke en die sleutelaspekte van hulpbronvoorsiening en skoolfunksionaliteit nagespoor. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data onttrek en gebruik word om snelle ondersteuning in te lig. Die data het in die besonder die WKOD in staat gestel om op hoogte van die aflewering van werkboeke en handboeke te bly.

Aanspreeklikheid word uitgebrei deur die toesighoudende rolle wat deur Provinsiale en Nasionale Tesourie vervul word. Alle afdelings van die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die Departement van Basiese Onderwys waardeur strome van verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings gehandhaaf word. Die Departement van die Premier speel 'n toesighoudende rol oor belangrike WKOD-projekte, wat deur die provinsiale paneelbord en die aanlyn Biz-projekte-hulpmiddels gevolg word. Beheer word deur interne én eksterne ouditprosesse op kontroles uitgeoefen, wat daartoe bydra om funksionaliteit en omsigtige bestuur te verseker.

Wesenlike aanspreeklikheid berus in die formele verhouding tussen die WKOD en UMALUSI, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomst. Hierdie liggaam bied versekering oor die uitslae van die Nasionale Senior Sertifikaat. Hulle funksie sluit moderering van assesserings- en eksamenprosesse in die Wes-Kaap in.

Soortgelyk aan alle staatsdepartemente landwyd het die WKOD aan 'n nasionale moniteringsoefening, die assesseringshulpmiddel vir bestuursprestasie (MPAT), van vier gebiede van korporatiewe beheer deelgeneem: Strategiese Beplanning, Menslike Hulpbronne, Korporatiewe Beheer en Aanspreeklikheid en Finansiële Bestuur. Die MPAT het ten doel om te bepaal of departemente nakomend is, nienakomend is of slim werk op daardie gebiede.

Heelskoolevaluering, wat oor drie of vyf dae plaasvind na gelang van die grootte van die skool, is gegrond op nege gebiede vir evaluering wat in die HSE-beleid bepaal word: i) Basiese funksionaliteit; ii) Leierskap, bestuur en kommunikasie; iii) Korporatiewe beheer en verhoudinge; iv) Gehalte van onderrig en leer en onderwyserontwikkeling; v) Kurrikulumlewering en hulpbronne; vi) Leerderprestasie; vii) Skoolveiligheid, sekuriteit en dissipline; viii) Skoolinfrastruktuur; en ix) Ouers en gemeenskap.

142 skole is in 2015/16 geëvalueer. 'n Strategie vir klein skole is ontwikkel om 34 skole in die landelike gebiede in Mei en Junie 2015 te besoek. Die bevindinge is in verslae oor beste praktyke en tendense gedeel, benewens die uitgebreide individuele verslae wat aan die geselekteerde skole voorsien is.

Die tweede Wes-Kaapse Raad van Onderwys is formeel ingestel kragtens die regulasies met betrekking tot die Raad van Onderwys vir die Provinsie van die Wes-Kaap tydens 'n vergadering van die Wes-Kaapse Raad van Onderwys op 25 Februarie 2015. Die nuwe raad bestaande uit vorige asook nuutaangestelde lede sal oor die volgende drie jaar tegniese kennis en kundige advies aan die Minister verskaf, insluitend leiding oor die verbetering van taal en wiskunde, veral in Graad 8 en 9 en in die grondslagfase; die integrasie van IKT in die klaskamer; hoe om oerbetrokkenheid te versterk, wat 'n deurlopende probleem in onderwys regoor die wêreld is; en hoe om te verseker dat alle rolspelers in onderwys aanspreeklik is vir wat van hulle verwag word. Die Raad het in 2015 vier keer vergader.

Strategiese doelwitte

Program 1					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
1.1.1 Plan vir onderwyser-ontwikkeling	Nuut	Plan ontwikkel	Omvangsbepaling van plan uitgevoer		Sleutelbeginsels is ooreengekom. 'n Paar besonderhede moet nog aandag geniet.
1.1.2 Onderwysers wat twee-week kursusse by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut bywoon	Nuut	1 100	1 947	847	'n Hoë vraag na plekke en ekstra geleenthede aangebied.
1.2. Getal skole wat aanlyn-bestuursdienste gebruik om sake te doen	Nuut	1539	1 522	-17	Alle skole wat oop is gebruik aanlyn dienste is om sake te doen. Die syfer is die gemiddelde getal vir die jaar aangesien die getal oop skole gedurende hierdie tydperk verander het.

Prestasie-aanwysers

Program 1					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM101: Getal openbare skole wat die skool-administratiewe bestuurstelsels gebruik om data elektronies aan die nasionale leerder-opspoorstelsel te voorsien	1 524	1 539	1 522	-17	12 skole het op 31 Desember 2015 gesluit: Algerynskraal LB Laerskool, Boontjieskloof EK Laerskool, Buffelsfontein Laerskool, De Neus SSKV Laerskool, Dwarsrivier SSKV Laerskool, Lynedoch Laerskool, Ouplaas Laerskool, Palmietrivier VGK Laerskool, Rondevlei EK Laerskool, Swartheuwel NGK Laerskool, Uitvlugt UCC Laerskool, Urionskraal NGK Laerskool. Ses skole het teen 1 Januarie 2016 geopen: Heatherlands Hoërskool; Forest Village Leierskapakademie; Happy Valley Laerskool; VRT Pitt Laerskool; Kwanokuthula Laerskool; Silverleaf Laerskool Aantekening: Oop op die meesterlys maar nie by die totaal ingesluit nie: Een openbare gewone skool, Protea Heights Laerskool met 0 leerders, is bestem om te sluit. Daar is vier hospitaalskole met 0 leerders. Die syfer is die gemiddelde getal oor die jaar aangesien die getal oop skole gedurende hierdie tydperk verander het. 100% oop skole voorsien data aan die nasionale leerderopspoorstelsel.
PPM 102 Getal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word	1 524	1 539	1 522	-17	Sien hierbo. 100% van oop openbare skole is elektronies kontakbaar.
PPM 103: Persentasie lopende onderwys-uitgawes wat aan nie-personeelitems bestee word	19.42%	20.63	18.87%	-1.76%	Begrotingsdruk het 'n verskuiwing in prioriteite genoodsaak.
PPM104: Getal skole wat deur distriksamptenare besoek word vir die doel van monitering en ondersteuning	Nuut	1 539	1 522	-17	Sien hierbo. 100% van oop openbare skole is deur distriksamptenare vir die monitering en ondersteuning besoek.

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Die volgende is die belangrikste strategieë van die WKOD om onderprestasie aan te spreek:

- Posvoorsiening wat verseker dat onderwysers geplaas word by die skole wat aan die vereistes van skole voldoen.
- Werwing, keuring en aanstelling van skoolhoofde(aandag aan die verbetering van keuringskriteria en opleiding van SBL'e in hierdie verband; opleidingsgeleenthede vir aspirant-skoolhoofde)

- Aandag aan die aanstelling en ondersteuning van departementshoofde en adjunk-skoolhoofde by skole
- Opleiding van onderwysers en amptenare, soos nodig
- Skoolverbeteringsplanne, Distriksverbeteringsplanne en Skoolverbeteringsmonitering
- Gebruik van aanlyn-prosesse om die voorsiening van hulpbronne en dienste te stroomlyn en bespoedig
- Vrystelling van skoolgeld vir skole in kwintiel 4 en 5
- Bystand aan skole ten opsigte van munisipale skuld
- Die Direkoraat Interne Kontrole gee terugvoer aan bestuur ten opsigte van nienakoming en tekortkominge in interne kontroles
- Hersien sakeprosesse, soos nodig
- Verseker volgehoue verbetering in die toepassing van verkrygingsprosedures
- Kwartaallikse bywerking van alle bateregisters

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Die uitgawes aangegaan in Program 1 het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Bestuur van die diensstaat van die WKOD, werwing van onderwysers en staatsamptenare, personeelontwikkeling en prestasiebestuur, werknemerwelstand en arbeidsverhoudinge.
- Die WKOD Strategiese Plan, kwartaallikse verslae oor organisatoriese en skoolprestasie en die jaarverslag van die WKOD
- Samestelling van finansiële beplannings- en verslagdoeningsdokumente, insluitende die Skattings van Provinsiale Inkomste en Uitgawes (SPIU), maandeliks in-jaar moniterings-verslae (IJM) en die tussentydse en finansiële jaarstate
- Verkryging van bates, goedere en dienste
- Instandhouding van die WKOD-bateregister
- Betaling van verskaffers binne 30 dae
- Instandhouding en verdere ontwikkeling van die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
1.1 Kantoor van die LUR	7,663	6,917	746	6,504	6,504	-
1.2 Korporatiewe Dienste	284,579	263,987	20,592	264,120	264,120	-
1.3 Onderwysbestuur	990,251	928,826	61,425	361,789	356,751	5,038
1.4 Menslike Hulpbronontwikkeling	1,552	1,552	-	1,330	1,330	-
1.5 Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)	33,327	29,406	3,921	32,916	32,916	-
Totaal	1,317,372	1,230,688	86,684	666,659	661,621	5,038

4.2 Program 2: Openbare Gewone Skoolonderwys

Doelwit

Om openbare gewone onderwys vanaf Graad 1 tot 12 ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys te voorsien. E-leer is ook ingesluit.

Die Program Gewone Skoolonderwys bestaan uit die volgende subprogramme⁴:

Subprogram 2.1: Openbare primêre vlak

Om bepaalde openbare gewone laerskole (insluitend inklusiewe onderwys) met die hulpbronne toe te rus wat vir die Graad 1- tot 7-vlak benodig word.

Subprogram 2.2: Openbare sekondêre vlak

Om bepaalde openbare sekondêre gewone skole (insluitend inklusiewe onderwys) met die hulpbronne toe te rus wat vir die Graad 8- tot 12-vlak benodig word.

Subprogram 2.3: Menslike Hulpbronontwikkeling

Om departementele dienste te voorsien vir die ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare skole. (Insluitend inklusiewe onderwys)

Subprogram 2.4: Voorwaardelike Toelaes

Om voorsiening te maak vir projekte onder program 2 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.⁵

Strategiese doelwitte⁶

Program 2: Strategiese doelwitte	
Strategiese doelwit 2.1.	Ontwikkel en implementeer provinsiale kurrikulumbestuur- en ondersteuningstrategieë
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ontwikkel en implementeer 'n taalstrategie wat verseker dat <ul style="list-style-type: none"> - Alle leerders aan die norme vir vlotheid in lees en skryf per graad op laerskool voldoen - Alle in-diens-opleidingsprogramme gegrond is op die behoeftes wat in die ontlading van Graad 3-, 6- en 9-taaltoetse en die JNA's geïdentifiseer is 2. Ontwikkel en implementeer 'n wiskundestrategie wat verseker dat <ul style="list-style-type: none"> - Daar 'n fokus is op die bemeestering van basiese wiskundige begrippe in die grondslagfase. Daar in die voorskooljare, veral in Graad R, 'n klem op pre-gesyferdheids-vaardighede is. - Daar 'n klem is op die verbetering van wiskunde-onderrig regdeur die skoolloopbaan, met 'n fokus op onderrig in die intermediêre fase - Hoërskoolleerders met die potensiaal om wiskunde te doen, geïdentifiseer en vir wiskunde ingeskryf is. 3. Ontwikkel en implementeer 'n kurrikulumbestuurplan vir die ontwikkeling van wetenskaplike en tegniese vakke 4. Ontwikkel en implementeer 'n kurrikulumbestuurplan wat aan spesifieke behoeftes in die grondslag- en intermediêre fase aandag skenk 5. Ontwikkel en implementeer 'n plan van aksie om skole met die beplanning van kurrikulum-aanbiedinge te ondersteun.
Strategiese doelwit 2.2.	Verseker verbeterde skoolbestuur
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ontwikkel ondersteuningsprogramme en skedules vir ingrypings, soos opgesom in die Distriksontwikkelingsplan, wat voorsiening maak vir die volgende: 2. Verseker sterk kurrikulumbestuur in alle fases van skoolonderwys, met spesifieke aandag aan die grondslagfase

⁴ Die subprogramme vorm deel van die nasionale sektor se templaet en is kategorieë wat deur Tesourie befonds word. Die fondse in program 2 is toegeken om die hoofbegroting van die WKOD te dek en sluit onderwysers se salarisse, infrastruktuur en verkrygingskoste en die skoolvoedingsprogram in.

⁵ Skoolsport, kultuur en mediadienste is nie as 'n subprogram ingesluit nie aangesien hierdie funksie in die Wes-Kaap onder die Departement van Kultuursake en Sport val.

⁶ Die strategiese doelwitte aangedui in die Strategiese Plan vir 2015-2019 word volledig hier aangegee.

Strategiese doelwit 2.2.	Verseker verbeterde skoolbestuur
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Skoolbestuursplanne sal die affektiewe en leerbehoefte van die leerder op hoërskoolvlak suksesvol aanspreek 2. Aanstellingsvereistes sal die vermoë van die skoolhoof om kurrikulumbestuursprosesse in skole te lei, insluit 3. Die SBS sal ondersteun word met die hantering van alle aangeleenthede oor skoolbeheer, insluitende ontwrigtende gedrag en afwesigheid, ens. 4. Skoolbestuur sal 'n leerder-gebaseerde fokus verseker 5. Skoolbestuur moet aanspreeklikheid vir al hul funksies aanvaar. 6. Opleiding van en ondersteuning aan lede van skoolbeheerliggame en monitering van hul rolle en werksaamhede 7. Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word
Strategiese doelwit 2.3.	Verseker optimale onderwysvoorsiening vir almal, met 'n spesiale fokus op die mees behoeftige persone.
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Verhoog toegang tot biblioteke en leermateriaal deur die bou- en vernuingsprogram, vennootskappe met provinsiale en munisipale biblioteke, aankoop van biblioteekmateriaal deur norme-en-standaarde-befondsing en die implementering van die e-leer-strategie 2. Bou vennootskappe tot voordeel van leerders, insluitend dié met alle belanghebbendes, ander regeringsdepartemente, munisipaliteite en ouers Die program moet die gehalte en opleiding van skoolbestuurders verbeter en ouerlike ondersteuning aan skole en hul kinders versterk 3. Implementeer samesmelting van skole wat in die beste belang van leerders is en beplan die maksimum benutting van koshuise en die doeltreffende bepaling van die roetes vir leerdervervoer 4. Verseker 'n landelike fokus in die beplanning van onderwysvoorsiening. 5. Verseker toegang tot die kurrikulum-aanbod. Dit moet die voorsiening van beter leiding en advies oor vakkeuses insluit, insluitend beroepsgerigte en tegniese vakke vir leerders in geïdentifiseerde geografiese gebiede. 6. Verskaf geboue (sien program 6) en toerusting om onderrig en leer te ondersteun en leeruitkomste te maksimeer. Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer, en vir onderwysers om te onderrig 7. Implementeer die e-leer-program om akademiese prestasie te versterk
Strategiese doelwit 2.4.	Voorsien maatskaplike ondersteuning en die platform vir jeugontwikkeling
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Verseker dat alle skole teen die minimum per-leerder-vlakke befonds word. 2. Bied vrystelling van skoolgeld vir leerders in gevalle waar ouers nie die skoolgeld kan betaal wat deur die skool gevra word nie en daardie skole aansoek om vrystelling van skoolgeld doen 3. Verhoog die getal 'geen skoolgeld'-skole, indien fondse dit toelaat 4. Verbeter toegang tot gesondheidsdienste by skole deur middel van meer voedsame voeding en mobiele klinieke 5. Skenk aandag aan veiligheidskwessies by skole deur middel van die Veilige Skole-program, in oorleg met ander departemente 6. Verskaf doeltreffende ondersteuning ten opsigte van vakkeuses en loopbaanvoortligting. Verseker dat onderwysers toegerus is om op die behoeftes van leerders te reageer, met 'n fokus op die individuele leerder: help om toepaslike vakkeuses in Graad 9 te maak; verskaf studietegnieke; ander toepaslike inligting en verseker oerbetrokkenheid en -kommunikasie. 7. Implementeer die Jeugontwikkelingstrategie deur middel van die volgende: <ul style="list-style-type: none"> - Ondersteuning vir Massageleentheid- en Ontwikkelingsentrums deur die voorsiening van naskoolse steun – veral in areas waar retensie swak is - Internskappe (Premier se Bevordering van Jeug, Internskap Projek vir Gegradueerdes, Wes-Kaapse Jeug Oorbruggingsjaar Projek) – ontwikkel vaardighede en kennis gemik op werkgereedheid en inkomstegenerering. - Vaardighedsontwikkeling (Jeug Fokus Projek en Vaardighedskole) – beroepsgerigte leer en beroepsrigtings. - Onderwysveiligheidsbestuur – ontwikkel ingrypings wat veiliger skole, ondersteunende skoolgemeenskappe en die welstand van leerders bevorder. - Jeugleierskap en Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) – ontwikkel vaardighede en kennis gemik op die ontwikkeling van leierskap. - Gesondheid, sorg en ondersteuning – MIV/Vigs en onderwysprogramme vir portuurgroepe. - Skoolverryking – ontwikkel vaardighede en kennis wat nie op inkomstegenerering gemik is nie, bv. burgerlike opvoeding, geskilbeslegting, finansies/skuldbestuur, gesondheid.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

Die bevolking van die Wes-Kaap het tussen 2001 en 2011 met 28.7% gegroei, en groei steeds. Volgens die 2011 sensus wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) vrygestel is, is die Wes-Kaap 'n tuiste vir omtrent 5 822 734 mense, wat 11% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig.

Soos verwag kan word, was daar ook 'n toename in die getal leerders wat by openbare skole ingeskryf is.

Sektor	2012	2013	2014	2015 JSO	Verskil
					2012 – 2015
Graad R in OG skole	58 953	59 565	63 492	64 648	5 695
Graad 1 – 7 in OG skole	592 033	603 430	617 424	639 197	47 164
Graad 8–12 in OG skole	342 959	343 616	346 017	344 906	1 947
Spesiale-behoefte-skole	19 470	19 627	18 702 ⁷	18 777	-693

Die grootste enkele faktor wat alle beplanning en voorsiening in die onderwys beïnvloed, is die inskrywing van leerders. Die WKOD het toenemend Algemene Huishoudelike Opname-data en ander tendensontledings vir vooruitskattings en beplanning vir leerderinskrywings gebruik. Doeltreffende onderrig en leer hang af van 'n geskikte onderwyser:leerder-verhouding, fasiliteite en handboeke wat in plek is. Die toename in inskrywings in onlangse jare het tot aansienlike druk op akkommodasie en personeelvoorsiening in groot dorpe en die Stad Kaapstad gelei. Die grootste groei word in laerskole ervaar. Terselfdertyd word kwynende getalle in dele van die provinsie ondervind.

Beplanning vir inskrywing vereis die gebruik van alle beskikbare data. Die verhoogde getal kinders in die provinsie sal vir 'n paar jaar druk op akkommodasie in skole plaas.




⁷ Die klaarblyklike daling in 2014 se inskrywingsgetalle is as gevolg van die herklassifisering van drie skole as openbare gewone skole.

Inskrywing by openbare gewone skole													
Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
2004 ⁸	104 105	82 130	81 489	76 781	66 060	82 574	89 614	85 053	78 964	80 756	54 199	39 451	921 176
2005	93 515	94 231	80 695	80 809	74 984	66 141	81 953	88 778	82 169	81 577	56 657	39 303	920 812
2006	87 650	85 972	89 828	80 443	77 811	73 106	65 347	78 926	80 595	83 529	57 536	40 198	900 941
2007	92 818	82 562	83 914	89 973	78 674	78 021	72 733	66 406	80 697	86 495	61 938	42 624	916 855
2008	91 853	83 267	79 454	85 891	87 116	78 290	76 146	71 410	72 914	79 133	63 819	43 470	912 763
2009	93 601	82 158	80 385	83 150	82 382	85 621	76 262	75 227	79 795	68 405	60 812	45 692	913 490
2010	98 086	83 046	79 155	84 234	80 290	81 402	82 777	75 426	85 114	70 630	53 799	44 876	918 835
2011	100 423	85 216	79 489	83 490	80 205	79 022	78 207	81 312	84 957	73 470	56 995	38 990	921 776
2012	103 444	88 536	81 415	83 922	79 900	78 384	76 432	77 561	90 815	72 714	58 758	43 111	934 992
2013	104 678	93 506	85 762	85 599	79 210	78 437	76 238	75 528	87 132	78 812	56 109	46 035	947 046
2014	106 917	97 647	89 385	90 617	81 441	76 690	74 727	76 000	82 714	75 838	64 619	46 846	963 441
2015	108 233	101 934	94 342	95 212	84 554	79 250	75 641	75 753	79 114	72 430	63 220	54 390	984 073

Databron: 2015: Jaarlikse Skoolopname (Openbare gewone skole buiten LSOB-eenheidleerders)


Die tabel op die vorige bladsy toon 'n algehele toename van 62 897 leerders oor die 12-jaar siklus (2004 – 2015). Die tabel illustreer 'n beduidende groei in die inskrywing in Graad 1 en die impak van verbeterde retensie tussen Graad 10 en 12.

In-migrasie na die provinsie bly steeds 'n belangrike bydraer tot inskrywingsyfers en verhoog die druk op alle hulpbronne.




Die Wes-Kaap is die provinsie wat die tweede vinnigste groei.

⁸ Inskrywingspatrone is beïnvloed deur die verandering wat in 2000 op nasionale vlak aangebring is met die beleid oor die toelatingsouderdom vir Graad 1, wat skole toegelaat het om slegs leerders toe te laat wat in die eerste skooljaar sewe word. Gevolglik was die Graad 1-inname laer as in vorige jare. Toe die ouderdomsvereiste in 2004 weer verander het, was daar weereens 'n toename in inskrywings. Dit word in hierdie tabel aangetoon.




Die Wes-Kaap ervaar 'n groter netto in-migrasie as die meeste ander provinsies.




Wes-Kaapse volwassenes het 'n gemiddelde van 9.9 jaar van skoolonderwys voltooi. Hierdie syfer word slegs deur Gauteng met 10.5 jaar oorskry. Die nasionale gemiddelde is 9.3 jaar (SA Sensus). 2011

Toetse en uitslae

Die grafiek hieronder toon onlangse vordering in slaagkoerse aan. Die getalle in Graad 1 en 9 is 'n aanduiding dat 'n aantal leerders hierdie grade herhaal. Hierdie aangeleenthede ontvang aandag en daar is spesiale ingrypings om die slaagsyfer te verbeter.



Daar is tekens van verbetering in verband met leerderretensie, soos deur die volgende statistieke aangedui.



Besonderhede oor prestasie in WKOD- sistemiese toetse en in die Nasionale Senior Sertifikaat word in die prestasie-oorsig in die inleidende gedeelte van hierdie verslag verskaf.

Opleiding

Onderwysers

Distrikondersteuning het in 2015 gefokus op skole en onderwysers wat hulp die nodigste gehad het. Alle opleiding van onderwysers word aangevul deur 'n program van klaskamer-gebaseerde ondersteuning.

Die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut (KOLI) het 19 twee-week-lange opleidingskursusse en 5 een- of twee-daagse seminare en konferensies in Tale en Wiskunde aan 2 484 Graad R-, Grondslagfase- en Intermediêre Fase-onderwysers verskaf. Inklusiewe onderwys en IKT-integrasie vorm 'n integrale deel van hierdie ingrypings.

Skoolbestuur (insluitend skoolhoofde)

Die WKOD het in 2015 opleiding en ondersteuning gebied aan skoolbestuurders wat onervare is, ekstra mentorskap nodig het of diegene wat gretig is om verdere professionele ontwikkeling te ondergaan. Kursusse vir skoolbestuurders het gefokus op rolle en verantwoordelikhede van adjunk-skoolhoofde, rolle en verantwoordelikhede van departementshoofde, aspirant-skoolhoofde, aspirant-skoolleiers, induksie van pas aangestelde skoolhoofde, opleiding van skoolbestuurspanne en vroue in en na bestuurs- en leierskapposities. 'n Totaal van 771 lede van skoolbestuurspanne het by die skoolbestuur- en leierskapkursusse gebaat wat deur die KOLI aangebied is.

Werkplekvaardigheidsplan

Die ekwivalent van 1% van die WKOD-betaalstaat word opsy gesit ingevolge die Werkplekvaardigheidsplan om die vaardighede en bevoegdheid van WKOD-werknemers te verbeter. 12 516 werknemers het in 2015/16 by kort kursusse en ander opleiding gebaat.

Geakkrediteerde kwalifikasies

Die Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) vir Skoolleierskap is by hoëronderwysinstellings aangebied. Hierdie kursusse word deur die WKOD befonds om die gehalte van leierskap en bestuur en skole te verbeter. 93 onderwysers het in 2015 vir die GOS ingeskryf, waarvan 88 hul studies suksesvol voltooi het.

Ondersteuning verskaf

Finansieel

Die *Norme-en-Standaarde*-toekennings aan skole word geweeë vir skole in meer behoeftige gemeenskappe.

Skole in Nasionale Kwintiel 1 – 3 het in die verlede gegradeerde pro-arm-gewigte ontvang. Die 'per-leerder' bedrae wat aan openbare skole in Nasionale Kwintiel 1, 2 en 3 betaal is, is vanaf 2013/14 gelykgemaak; met ander woorde, NK 2- en 3-skole ontvang dieselfde befondsing as NK 1-skole.

Nasionale teikentoeënnings			
	2013/14	2014/15	2015/16
Kwintiel 1	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 2	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 3	R1 010	R1 059	R1 116
Kwintiel 4*	R 550	R 831	R 882
Kwintiel 5*	R 239	R 317	R 334

* Gemiddelde koste vir alle skole

Status van skoolgeld	Totale getal skole
Geen skoolgeld	882
Vra skoolgeld	569
Groototaal	1 451⁹

Een van die belangriker verwickelinge in 2014 was die uitbreiding van die 'geen skoolgeld'-skoolprogram. In daardie jaar het 216 skole met 172 541 leerders in Kwintiel 4 en 5 'geen skoolgeld'-skole geword nadat hulle om 'geen skoolgeld'-status aansoek gedoen het. Hulle word sedertdien van al die voordele voorsien as wat vir ander geen-skoolgeld-skole geld.

Skole wat skoolgeld vra kan om vergoeding vir vrystelling van skoolgeld aansoek doen in gevalle waar ouers nie die skoolgeld kan betaal nie. R43.7 miljoen is in 2015 betaal om vrystelling van skoolgeld vir 73 342 leerders in 548 skole te ondersteun.

Samewerkende Skole-loodsprojek

Gegewe die langtermyngevolge van armoede en ongelykheid benodig baie openbare skole in meer behoeftige gemeenskappe ekstra ondersteuning vir bestuur, onderwysers en leerders, asook bykomende finansiële hulpbronne.

Die WKOD is deur 'n groep befonders en steunorganisasies genader om 'n 'geen skoolgeld'-openbare skoolmodel te toets en met finansiering te help. Hierdie benadering het tot 'n loodsprojek genaamd "Samewerkende Skole" gelei.

Funksionerende vennote sal d.m.v. opleiding, bykomende hulpbronne, monitering en gereelde terugvoer intensiewe skool-vlak ondersteuning aan onderwysers en skoolhoofde voorsien. Ondersteuning deur die WKOD sal geïntegreer word met dit wat deur die funksionerende vennoot aangebied word, met samewerkende skole wat ingevolge heersende beleid steeds befonding, infrastruktuur en dienste soos vervoer en voeding van die WKOD ontvang.

Die Samewerkende Skole-loodsprogram het ten doel om:

- die gehalte van onderwys by openbare skole te verbeter;
- doeltreffende modelle van vennootskappe in onderwys te demonstreer;
- beheer en aanspreeklikheid in openbare skole te versterk;
- opvoeders te ontwikkel; en
- ingrypings gemik op die verbetering van die gehalte van openbare onderwys vir leerders uit lae-inkomste-gemeenskappe te implementeer.

⁹ Let daarop dat nuwe skole anders verreken word

Die loodsprogram word by laerskole asook sekondêre skole uitgevoer en sluit oer asook meer onlangs gevestigde skole in. Die loodsprojek begin met vyf skole in 2016 en sal vir 'n tydperk van vyf jaar voortduur, onderworpe aan die prestasie van die vennote en die skole.

Taal- en Wiskundestrategie

Die prioriteit vir die WKOD is om taal- en wiskundevaardighede vanaf die vroegste skooljare te verbeter. 'n Geïntegreerde strategie is voorberei om die fundamente van leer te verbeter ten einde gefragmenteerde praktyke teen te werk. Die Taalstrategie 2015-2019 en die Wiskundestrategie 2015-2019 dek die dertien jaar van skoolopleiding vanaf Graad R tot Graad 12. Die strategieë ondersoek plaaslike en internasionale prestasie-inligting en karteer voorste navorsing oor die belangrikste faktore wat tot leerverbetering lei. Die strategieë bied 'n enkele raamwerk om 'n skool-/kring-/distrikkonteks te ontleed en 'n omvattende plan op te stel. Die verbeteringsplanne behandel die vier belangrikste elemente wat leer moontlik maak: mense-ontwikkeling, die gebruik van produktiewe pedagogieë, hulpbron-/fasiliteitvoorsiening en -gebruik, en monitering en evaluering.

Die WKOD het gedurende 2015/16 vergaderings in alle distrikte gehou om die strategieë te bespreek. Die strategieë is elektronies beskikbaar gestel en afskrifte is vir alle skole in die drie amptelike tale van die Wes-Kaap Provinsie gedruk.

Hoërskoolprogram

Die Hoërskoolprogram poog om die getal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat slaag, te verhoog en die getal onderpresterende skole te verlaag. Die algemene ondersteuningsprogram dek alle grade in hoërskole. Die Hoërskoolprogram het in 2015 'n gedifferensieerde benadering tot ondersteuning vir alle hoërskole in die provinsie toegepas. Daar was lae-intensiteit ondersteuning vir daardie skole waar meer as 90% van leerders in die vorige jaar geslaag het; matige ondersteuning en 'n vak-spesifieke fokus vir skole wat 'n slaagkoers van 70% - 89% behaal het; en 'n hoë-intensiteit en heelskoolfokus vir die skole waar minder as 70% van die leerders in die vorige jaar geslaag het.

Die WKOD het in Januarie 2016 die Nasionale Senior Sertifikaat-uitslae van elke skool per vak en per vraestel ontleed. Skool-spesifieke en vak-spesifieke planne, met teikens, is op grond van hierdie ontledings ontwikkel. Teikens per skool en per distrik is gestel vir getalle wat die NSS slaag en getalle wat toegang tot B-grad-studies behaal.

'n Tutoriale program word vir leerders aangebied met behulp van vaardige onderwysers van binne en buite die WKOD. Telematikalesse is in 2015 na 147 skole uitgesaai en intensiewe ondersteuning is deur Vakadviseurs verskaf aan daardie skole wat onder die provinsiale gemiddelde vir hoë-inskrywing-vakke presteer het. 'n Boek met studiewenke en 'n pak eksamenvraestelle is aan elke Graad 12-leerder voorsien.

Distrikte het in 2016 'n algemene templaar vir Distrikverbeteringsplanne gebruik, met 'n fokus op verbeterde slaagsyfers in die grondslagfase, in Graad 8 en 9, en in Graad 10, 11 en 12. 'n Innovasie was die bekendstelling van teikens en gefokusde planne vir verbetering in Tale en Wiskunde, in ooreenstemming met die Taal- en Wiskundestrategie wat in 2015 bekendgestel is, as deel van die doelwitte van die Strategiese Plan vir 2015-2019. Die skole wat sleg gevaar het in vakke met hoë inskrywings is vir vak-spesifieke ondersteuning geïdentifiseer.

E-leer

Hierdie projek is geklassifiseer as 'n provinsiale 'Spelwysiger' en ontvang voorkeuraandag. Die provinsiale Wye Area Netwerk-projek het die grondslag gelê vir 'n e-leer-projek wat in 2014 die implementeringsfase betree het, met 248 skole wat by die eerste 'slim klaskamers' baat.

Die projekomvang sluit in:

Die wye-area-netwerk (WAN)-projek – projek van die provinsiale regering. 680 skole is teen die einde van die 2015/16-jaar gekoppel.
Die plaaslike-area-netwerk (LAN)-projek – projek van die WKOD. 52 skole is teen die einde van die 2015/16-jaar gekoppel.
Die rekenaarherlaaiprojek vir Rekenaartoeëpassingstegnologie, Inligtingstegnologie en Ingenieurswese, Grafika en Ontwerp (RTT/IT/IGO) 54 skole het in 2015 laboratorium-herlaaiing ontvang om te verseker dat leerders wat vir rekenaargebaseerde Nasionale Senior Sertifikaat-vakke ingeskryf is, die voordeel van die nuutste rekenaartoerusting gehad het.
Die Edulab Rekenaarherlaai-projek voorsien beskikbare en gepaste tegnologie aan skole om leerders regstreekse toegang tot tegnologie in 'n IKT-suite-omgewing te bied. 125 skole is in 2015/16 met 'n laboratorium-herlaaiing bevoordeel.
Die Slim Klaskamer-projek voorsien beskikbare en gepaste tegnologie aan skole. Die tegnologie bestaan uit 'n onderwyser-rekenaartoestel, onderwyser-projeksietoestel, onderwyser- interaktiewe toestel en 'n visualiseerdertoestel (ook bekend as 'n dokumentkamera). Die tegnologie is hoofsaaklik draadloos en het oppak-en-gaan-mobiliteit. Daar was teen die einde van Maart 2015/16 altesaam 310 SLIM skole met 2 850 SLIM klaskamers.
Die e-Hulpbronnekatalogus-projek is 'n projek vir aanlyn digitale inhoud. Dit is in 2015 van stapel gestuur en word geleidelik aangevul.
Die Leerbestuurstelsel-projek (LBS) behels 'n digitale hulpbronnemagasin en poog om onderwysers, leerders en ouers van digitale onderrig- en leerhulpbronne te voorsien.

Tekste, insluitend werkboeke

Die Nasionale Departement van Basiese Onderwys het soos volg werkboeke aan WKOD-skole voorsien:

Vak	Graad
Huistaal (HT), Engels Eerste Addisionele Taal (EAT), Wiskunde en Lewensvaardighede	Grondslagfase (Graad R tot 3)
Wiskunde, Huistaal en Engels Eerste Addisionele Taal	Intermediêre Fase (Graad 4 tot 6)
Wiskunde	Senior Fase (Graad 7 tot 9)

Die Volume 1-werkboek vir kwartaal 1 en 2 van 2016 vir Graad R tot 9 is teen 7 Oktober 2015 by skole afgelewer en die Volume 2-werkboek vir kwartaal 3 en 4 van 2016 vir Graad R tot 9 is teen 12 Februarie 2016 afgelewer. 'n Bykomende 5% van die 2016-werkboeke vir Graad R tot 9 is bestel om enige tekorte in werkboeke te dek wat as gevolg van toenemende inskrywings deur skole ervaar is. Die aflewering van die bykomende werkboeke is teen 25 Januarie 2016 afgehandel. Die gebruik van die werkboeke word deur amptenare van die WKOD ondersteun en gemonitor.

Die WKOD se oogmerk is om 'n KABV-gerigte handboek te voorsien vir elke leerder in elke vak wat deur die leerder bestudeer word. Alle skole het in Junie 2015 die geleentheid gekry om KABV- aanvullende handboeke in die 2016-skooljaar te bestel. Die bestelde handboeke is teen 25 November 2015 by die betrokke skole afgelewer. Die uitgawes vir aanvullende handboeke het gedurende die 2015/16-boekjaar 'n bedrag van R52 miljoen beloop.

Die DBO Nasionale VOO Letterkunde-katalogus is in April 2015 vir die 2016-skooljaar voorgeskryf, beginnend met die eksamen van voorgeskrewe Graad 11-letterkundetekste in 2016. Soos deur skole versoek, het die WKOD in November 2015 VOO-letterkundetekste vir Graad 11 verkry. Die aflewering van bestelde boeke is teen 26 Februarie 2016 afgehandel.

Die DBE het ook die Graad 10 KABV 2 Nasionale Katalogus vir tegniese skole verskaf vir gebruik in die 2016-skooljaar. Soos geregleer, is Graad 10 tegniese handboeke vir Tegniese Wiskunde, Tegniese Wetenskap, Siviele Tegnologie, Meganiese Tegnologie en Elektriese Tegnologie vir die tegniese skole verkry. Die aflewering van die handboeke is teen die einde van Januarie 2016 afgehandel.

Die WKOD se riglyne vir norme en standaarde stel voor dat 40% van die totale hulpbrontoekenning aangewend word vir die aankope van LOOM, waarvan 10% vir biblioteekmateriaal geteiken moet word. Die riglyne stipuleer verder dat elke leerder 'n handboek vir elke vak moet hê en dat die voorraad van skoolbiblioteekmateriaal jaarliks aangevul moet word totdat die totale aantal items 'n standaard van 10 items per leerder reflekteer.

'n Raamwerk vir handboekbestuur en -herwinning is in 2013 bekendgestel om te verseker dat leerders hulle handboeke aan die einde van die akademiese jaar terugbesorg sodat die handboeke jaarliks hergebruik kan word. Die herwinningskoers dwarsoor die provinsie word tans aangegee as 87%.

Infrastruktuur

Die 2015-infrastruktuurplan het die volgende gebiede vir ontwikkeling geprioritiseer:

- Bou nuwe skole om druk op akkommodasie te verlig
- Vervanging van bestaande skole of klaskamers wat met ongepaste materiaal gebou is
- Instandhouding en herstelwerk
- Voorsiening van Graad R-klaskamers

Daarbenewens was die verskaffing en benutting van mobiele klaskamers noodsaaklik om in dringende en onverwagte behoeftes aan akkommodasie te voorsien.

Die deurlopende groei in leerdergetalle, sowat 20 000 in 2015 én in 2016, het druk op die voorsiening van infrastruktuur geplaas. 'n Breedvoerige verslag oor die voorsiening van infrastruktuur word in Program 6 en onder Punt 6.1 gegee. Aangesien nie alle leerders binne loopafstand van geskikte skole woon nie, het 57 517 kwalifiserende leerders teen die einde van die oorsigjaar van die leerdervoerskema gebruik gemaak om skool toe en terug te reis.

Ondersteuning en erkenning aan onderwysers

Die WKOD het voortgegaan om onderwysers aktief te ondersteun op gebiede wat deur onderwysers self geïdentifiseer is. Die WKOD het terselfdertyd daarop gefokus om die druk op onderwysers te verminder, wat administratiewe werk asook bywoning van werkwinkels en vergaderings betref. Beplanningskalenders met belangrike datums, onder meer die begin en

einde van eksamens, en ander administratiewe spertye, is in Augustus 2015 aan skole gestuur om hulle met vooruitbeplanning vir 2016 by te staan.

Die 16de Jaarlikse Provinsiale Onderwystoekennings-seremonie om die prestasies van opvoeders in die provinsie te vier en erken, is in November 2015 gehou. Toekennings is na 'n noukeurige siftings- en onderhoudkeuringsproses aan onderwysers gemaak. Die toekennings gee erkenning vir prestasie en innovasie in 10 kategorieë – Onderwysers van Graad R, Spesiale Behoeftes en Inklusiewe Onderwys, Laerskool, Sekondêre Skool; Uitnemendheid in Tegnologie-versterkte onderrig en leer, Wiskunde (AOO), Natuurwetenskappe (AOO), Laerskoolleierskap; Sekondêre Skoolleierskap en 'n toekenning vir Lewenslange Prestasie. Twee Wes-Kaapse onderwysers het in die Nasionale Onderwystoekennings van 2015 toekennings ontvang. Gafieza Ismail-Le Chat van Spine Rd Hoërskool is aangewys as die algehele wenner vir die kategorie *Uitnemendheid in Tegnologie-versterkte onderrig en leer*, en Charles Marthinussen van Atlantis Sekondêre Skool het die tweede plek behaal vir die kategorie *Uitnemendheid in Sekondêre Skoolleierskap*.

Skoolbeheerliggame

'n Geloofwaardige provinsiale SBL-verkiezing is van kritieke belang om aanspreeklike beheerstrukture by skole te verseker. Skoolhoofde en skoolverkiezingspanne is deur distrikskantore opgelei om vry en regverdige verkiesings by skole te bevorder. Ten einde breë deelname tydens die verkiesings te bevorder, het verskeie voorspraakstrategieë ouerdeelname aangemoedig. Dit het pamflette, radio- en koerantadvertensies en gesprekke ingesluit. Daarbenewens het SBL-verenigings, kritieke vennote in goeie beheer, gehelp om bewustheid te skep oor die belang van deelname aan die verkiesings.

'n Provinsiale verkiesingspan is ter voorbereiding vir die SBL-verkiezings in Maart 2015 gestig om toesig oor die verkiesingsproses te hou. Die eerste plig van hierdie koördinerende struktuur was om die *bepaling van die prosedures vir die instelling en verkiesing van beheerliggame by openbare skole* af te handel. Die bepaling het dit vir skole moontlik gemaak om af te wyk van die nominasie-en-verkiezingsvergadering en aansoek te doen om volledagverkiezings aan te bied. Vier en sestig skole het om volledagverkiezings aansoek gedoen. Die meerderheid van skole (804) het die verkiesing van beheerliggame in April 2015 voltooi. Teen die einde van Junie 2015 het alle skole die verkiesing van hul beheerliggame voltooi. Agt (8) spesiale skole hou nie verkiesings nie vanweë die afstand tussen die skole en die gemeenskappe wat hulle bedien. Hierdie skole se beheerstrukture word deur die Departementshoof (DH) aangestel.

Ingevolge die vereistes moet daar 'n kworum van ouers wees om 'n SBL te verkies. As daar nie 'n kworum by die eerste verkiesing is nie, moet 'n tweede vergadering belê word.

Totale getal skole	Getal skole waar verkiesings suksesvol was	Getal onsuksesvolle eerste verkiesings	Getal suksesvolle tweede verkiesings	Getal skole gedurende hierdie tydperk gemonitor
1 516	1 508	710	804	388

'n Provinsiale driejaar-SBL-raamwerk vir opleiding met gedifferensieerde opleidingsbenaderings is in 2014 ontwikkel. Sleutelfokusareas vir 2015 was (i) 'n begrip van die rolle en verantwoordelikhede van SBL'e, insluitend die verskil tussen bestuur en beheer, (ii) die

samestelling van SBL'e en 'n begrip van die gedragskode vir regerende SBL'e, (iii) ontwikkelingsbeplanning, begroting en fondsinsameling vir die skool, en (iv) die werwing en keuring van skoolpersoneel.

Die volgende tabel verteenwoordig die getal goewerneurs per ras, geslag en gestremdheid.

Demografie van die SBL									
Komponent	Geslag		Gestremdheid		Ras				
	Manlik	Vroulik	Ja	Nee	Swart	Wit	Kleurling	Indiër	Nie gemeld nie
Voorsitters	935	426	7	1 354	238	188	917	11	7
Sekretarisse	311	1 082	5	1 388	248	263	867	8	7
Tesouriers	628	678	2	1 304	209	232	846	12	7
Leerders	385	447	1	831	216	110	491	6	9
Ander	4 444	4 537	33	8 948	1 506	1 658	5 677	70	70
Totaal	6 703	7 170	48	13 825	2 417	2 451	8 798	107	100

Voeding

Die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP) het in 2015/16 op 'n daaglikse basis vir 469 721 leerders (456 520 in 2014/15) van voedsame maaltye by 1 023 geteikende laerskole, spesiale skole en sekondêre skole voorsien. Die leerders wat in 2016 gevoed word is in 557 Kwintiel 1-3 Laerskole, in 111 Sekondêre Skole (Kwintiel 1-3), in 44 spesiale skole en in 311 skole in Kwintiel 4 en 5. Werkswinkels is vir die NSVP-personeel gehou oor arbeidskwessies met betrekking tot die vrywillige voedselhanteerders (VVH's) - byvoorbeeld besering aan diens, opleiding in gas en brandblussers. VVH's is ook opgelei in voedsel- en gasveiligheid en higiëne, maaltyd-voorbereiding en die grootte van porsies. Twee en twintig (22) opleidingswerkswinkels oor voedselproduksie is vir 463 onderwysers, ouers en leerders aangebied. Ontbyt is tussen 07:30 en 08:00 bedien voor die skool begin en die hoofmaal is nie later nie as 12:30 bedien.

Veilige skole

Die Veilige Skole-program volg 'n drieledige benadering (i) Misdadbeheer deur die voorsiening van die belangrikste meganismes vir sekuriteit; (ii) Programme om verandering in gedrag en gesindheid te ondersteun; en (iii) Heelskoolbenaderings en netwerke met toepaslike agentskappe wat met die daarstelling van veilige skoolomgewings behulpsaam is.

Die WKOD bedryf 'n Veilige Skole-inbelsentrum wat kostelose en vertroulike telefoniese kommunikasie bied aan leerders, ouers en opvoeders wat hulp, leiding of inligting nodig het. Oproepers word aangemoedig om die tolvrye lyn 0800 45 46 47 te skakel vir die volgende: noodgevallen/krisse, bendegeweld, trauma, skoolmisdad, mishandeling en algemene navrae.

Oproepers word in geval van krisis telefonies ondervra en in die geval van oproepe wat nie 'n krisis is nie, word dit waar nodig na die beradingsagentskappe van die Wes-Kaap Onderwysdepartement, nieregteringsagentskappe en gemeenskapsgebaseerde organisasies verwys. Die Veilige Skole-inbelsentrum het in die 2015-kalenderjaar meer as 14 000 oproepe ontvang. 3 890 van die oproepe het verdere opvolg en ondersteuning benodig. 738 van die oproepe was misdadverwante voorvalle. 439 gevalle van mishandeling is aangemeld, waarvan 277 oproepe berading en sielkundige ondersteuning benodig het. Sielkundige ondersteuning vir werknemers word ook onder die departement se Werknemerwelstands-program aangebied en dien as 'n verdere ondersteuning vir die Veilige Skole-program.

Die inbelsentrum versamel en ontleed data regdeur die provinsie. Die statistieke word gebruik vir strategieë oor voorkoming, ingryping en respons.

Vyftig bykomende skole het in 2015/16 belangrike meganismes vir sekuriteit ontvang (gemotoriseerde hekke; voetgangermoniteringhekke; alarmstelsels gekoppel aan gewapende reaksie; doringdraad en maasdraad; diefwering). Heining by hoë-risiko-skole is herstel en vakansiesekuriteit is voorsien, waar nodig. Opleiding in beroepsgesondheid en -veiligheid en rampbestuur is aangebied, asook opleiding in die beleid oor dwelmtoetsing en dwelmtoetsing. Goedgekeurde dwelmtoetstoestelle is in 'n hoë-risiko gevalle voorsien, gekombineer met deursoeking-en-beslaglegging-oefeninge. Geselekteerde skole is van vryhand-metaalverklidders voorsien. Misdaadvoorkoming in distrikte, misdaadbeheer en spesifieke projekplanne (middelmisbruik, jeugontwikkeling, konflikbestuur, veiligheidsbestuur) en vennootskappe met ander staatsdepartemente en NRO's ondersteun die WKOD se pogings om die veiligheid van onderwysers en leerders te verseker.

Bykomend tot die Veilige Skole-inbelsentrum en ondersteuning van 'n meganisme vir sekuriteit, het die WKOD in 2015/16 opvoedkundige programme vir leerders aangebied om positiewe aktiwiteite soos sport, kunste, drama en inligting oor toekomstige loopbane aan te moedig. Die programme het gefokus op veranderinge in gedrag en ingesteldheid; kreatiewe en konstruktiewe benaderings tot konflikbestuur, en bemiddelingsopleiding. Veiligheidsveldwerkers is in diens geneem om skole met skoolveiligheidskomitees en skoolveiligheidsplanne te ondersteun; ondersteunings- en/of voorkomende programme te vestig; en om as positiewe rolmodelle en mentors op te tree.

Veilige Skole-veldwerkers volg leerders op wat stokkiesdraai en bepaal leerderprobleme. Hulle bied mentorskap en afrigting aan leerders wat 'n risiko loop en verseker dat hulle toegang kry tot dienste wat hulle nodig het. Veilige Skole-veldwerkers het die Veilige Skole-jeugklubs as deel van die vakansieprogram en na-skoolse program gefasiliteer. Hierdie projek poog om positiewe houdings en gedrag te versterk deur leerders onder risiko te kanaliseer na gepaste opvoedkundige strukture en om vaardighede te ontwikkel om gemeenskapsprojekte te implementeer.

Na-skoolprogram

As deel van die Wes-Kaapse Regering se pogings om anti-sosiale gedrag te bekamp en om alternatiewe geleenthede aan die jeug te bied, het die Departement van Kultuursake en Sport (DKS) in ooreenstemming met die WKOD die MOD-program (massadeelname, toegang tot geleenthede en ontwikkeling) by 181 skole oor die agt onderwysdistrikte ingestel. 98 van hierdie sentrums is by laerskole in bedryf. Die programme word na skool aangebied en voorsien leerders van geleenthede om sport te beoefen en aan verrykende aktiwiteite deel te neem. Beide die Veilige Skole- en Skoolverrykingsprogram van die WKOD het by die MOD-sentra ingeskakel en bied 'n verskeidenheid aktiwiteite aan. Hierdie Na-skool-program is geïdentifiseer as 'n provinsiale 'spelwysiger' en ontvang voorkeuraandag.

Ter ondersteuning van die MOD-program het die WKOD in 2015

1. Die registrasie van MOD-sentrums bestuur en ondersteun om deel te neem in Skoolsportligas
2. Die implementering van intra- en interskoolsportligas ondersteun
3. Toerusting verskaf
4. Verseker dat MOD-sentrums toeganklik vir omliggende skole was
5. Die YEBO-program – middagklasse in Wiskunde en Wetenskap – ondersteun

'n Ooreenkoms is tussen die WKOD en die Departement van Kultuursake en Sport aangegaan om saam te werk op skoolsport-infrastruktuurprojekte by MOD-sentrums. Dit sluit die bou en opknapping van skoolsale, sportvelde, skoolsporttoerusting en gegradueerde tutors in.

'n Gedeelte van die befondsingstoekenning vir MOD-sentrums is in die 2015/16-boekjaar vir infrastruktuurontwikkeling in die vorm van skoolsale geprioritiseer. Die bestaande program vir die bou van skoolsale is uitgebrei. Sewe skole is vir beplanning en bouwerk in 2014/15 deur die Archway Stigting gekies, en bouwerk is in 2015/16 afgehandel. Dit is:

1. Manenberg Senior Sekondêr (Metro Sentraal)
2. Robinvale Hoërskool (Metro Noord)
3. Hillwood Laerskool (Metro Suid)
4. Phakamisani Laerskool (Eden/Sentraal Karoo)
5. Cavalleria Laerskool (Metro Oos)
6. De Kruine Sekondêre Skool (Wynland)
7. Helderkrui Laerskool (Metro Oos)

Befondsing vir MOD-sentrums is ook vir die opgradering van sportvelde toegeken. Bouwerk het in 2014/15 op die Bernadino Heights Sekondêre Skool-projek begin en is in die 2015/16-boekjaar afgehandel. Naburige skole, Watsonia en Cavalleria Laerskole, sal ook by hierdie projek baat.

Strategiese doelwitte

Program 2					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
2.1. Strategieë vir kurrikulumbestuur ontwikkel en geïmplementeer	Nuut	Ontwikkel	Strategieë ontwikkel per distrik	N.v.t.	
2.2. Getal skole wat kwartaalliks vir bestuursondersteuning besoek word	Nuut	1 539	1 522	-17	100% van oop skole is kwartaalliks besoek. Die gemiddelde getal oop skole (met die bykomende uitsluiting van 4 hospitaalskole) is 1 522. Die gemiddelde word gebruik aangesien gedurende die oorsigjaar gewissel het.
2.3. Getal skole wat by uitrol van e-leer baat	Nuut	0	63	63	Bykomende fondse is beskikbaar gestel.

Program 2					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
2.4.1. Fondse bestee aan MOD-sentrums en Jeug-ontwikkeling en -ondersteuning	Nuut	110 680	73 145	37 535	Onderbesteding op MOD-sentrums is as gevolg van 'n bodproses wat ingestel moes word omdat 'n verskaffer nie sy kontraktuele verpligtinge kon nakom nie. Die Jeugfokusprogram het bykomende befondsing van SETA ontvang. Eise in die vierde kwartaal is gedurende April 2016 betaal.
2.4.2. Verskaf maatskaplike en finansiële ondersteuning aan skole	Nuut	676 736	757 199	-80 463	Versnelde oordragbetalings van Norme en Standaarde 2016/17 is aan NK 1-skole gemaak. Die groei in leerdergetalle in die 2015/16-boekjaar was hoër as wat verwag is. Bykomende fondse is ontvang vir vergoeding vir vrystelling van skoolgeld om 100% van die eise wat van skole ontvang is, uit te betaal.

Prestasie-aanwysers

Program 2					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM201: Getal voltdiensskole wat leerders met leerhindernisse bedien	40	48	40	-8	Daar is besluit om in hierdie jaar daarop te fokus om die gehalte van bestaande skole te verbeter.
PPM202: Getal laerskole met 'n algehele slaagkoers in JNA van 50% en hoër	Nuut	300	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.
PPM 203: Getal sekondêre skole met 'n algehele slaagkoers in JNA van 40% en hoër	Nuut	30	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.
PPM204: Getal sekondêre skole met 'n Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) slaagkoers van 60% en hoër	Nuut	410	413	3	Die teiken is oorskry as gevolg van skole en ondersteunings-personeel se harde werk.

Program 2					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Bepaalde teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van bepaalde teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM205: Die persentasie kinders wat in die vorige jaar 9 geword het en wat tans in Graad 4 (of 'n hoër graad) ingeskryf is	Nuut	64%	68.42%	4.2	Die verbeterde slaagsyfer in Graad 1 het tot die toename bygedra. Die Graad 1-verbeteringsplan is reeds vier jaar in plek.
PPM 206: Die persentasie kinders wat in die voorafgaande jaar 12 geword het en wat tans in Graad 7 (of 'n hoër graad) ingeskryf is	Nuut	64%	61.76%	- 2.24%	Baie van hierdie leerders het reeds 'n jaar in die grondslagfase herhaal. Die geskatte teiken is nie bereik nie.
PPM207: Getal skole wat van mediahulpbronne voorsien is ¹⁰	Nuut	0	63	63	Die teiken was nul as gevolg van die groot aantal wat verlede jaar hulpbronne ontvang het. Befonding is toegeken om 'n bykomende 60 skole te ondersteun.
PPM208: Koers van leerderafwesigheid	6%	7%	5.82%	1.22%	Die teiken is oorskry. Daar is in sommige gevalle by die punt van inskrywing 'n effense foutgrens.
PPM209: Koers van onderwyserafwesigheid	3%	3%	3%		
PPM210: Getal leerders in openbare gewone skole wat by die 'geen skoolgeld'-skoolbeleid baat	554 523	562 940	566 968	4 028	Die getal leerders ondersteun word gekoppel aan die inskrywingsyfers en dit het vooruitskatting oorskry.
PPM211: Getal opvoeders opgelei in geletterdheid-/taal-inhoud en -metodologie*	Nuut	650	853	203	Daar was bykomende aansoeke vir plekke en die aansoekers is geakkommodeer.
PPM212: Getal opvoeders opgelei in gesyferdheid-/wiskunde-inhoud en metodologie*	Nuut	600	1 094	494	Daar was bykomende aansoeke vir plekke en die aansoekers is geakkommodeer.
PPA 2.1. Persentasie leerders in die skoolstelsel behou vanaf Graad 10 – 12	64%	65%	68%	3%	Die deurlopende program om leerders te ondersteun om op skool te bly het tot hierdie prestasie bygedra, tesame met die verskuiving in assesseringsbeleid wat leerders nie toelaat om vir meer as vier jaar in die fase te bly nie.
*Let daarop dat dit na die formele opleiding by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut verwys					

¹⁰ Dit verwys na skole wat van SLIM-klaskamers voorsien moet word

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Implementeer nuwe provinsiale strategieë om taal en wiskunde te verbeter
- Fokus op Skool- en Distriksverbeteringsplanne.
- Gaan voort met die Hoërskoolprogram
- Monitor die gebruik van handboeke in die klas
- Onderneem geteikende opleiding van opvoeders
- Klem op onderwyserbywoning en die volle gebruik van alle onderrigdae
- Ondersteun die finansiële bestuur van skole
- Optimaliseer die rol en impak van provinsiale spelwysiger oor e-leer wat internettoegang, slim klasse en beter kanse vir leer aan skole sal bied
- Optimaliseer en ondersteun MOD-sentrums en die naskoolse jeug- provinsiale spelwysiger in vennootskap met die Departemente van Kultuursake en Sport en Maatskaplike Ontwikkeling
- Instelling van 'n Diensleerprogram as 'n manier om die betrokkenheid van jeugontwikkeling en -leierskap by gemeenskapsopheffing te versterk
- Werk saam met ander departemente en munisipaliteite om skoolveiligheid, leerderretensie, skoolbywoning en programme vir jeug wat 'n risiko loop, te ondersteun
- Bekendstelling van 'n loodsprogram oor Samewerkende Skole

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes aangegaan in Program 2 het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Verhoging van die getal opvoederposte
- Verskaffing van handboeke, onderwysersgidse en kernleesboeke om die implementering van KABV in die senior fase (Graad 7 tot 9) en Graad 12 te ondersteun.
- Voorsiening van Norme- en Standaard-toekennings aan openbare gewone skole
- Verskaffing van voedsame maaltye aan leerders in nood
- Uitbreiding van die program vir geen-skoolgeld-skole
- Handhawing van die program vir vergoeding vir skoolgeldvrystelling
- Handhawing van die Veilige Skole-program

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
2.1 Openbare primêre vlak	7,801,424	7,771,390	30,034	7,276,039	7,276,039	-
2.2 Openbare sekondêre vlak	4,874,281	4,789,855	84,426	4,489,245	4,489,245	-
2.3 Menslike Hulpbron-ontwikkeling	81,664	60,777	20,887	76,011	76,011	-
2.4 Voorwaardelike toelaes	337,611	337,575	36	315,412	315,231	181
Totaal	13,094,980	12,959,597	135,383	12,156,707	12,156,526	181

4.3 Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole

Doelwit

Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet te ondersteun.

Die Onafhanklike Skooldisidieprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 3.1: Primêre vlak

Om onafhanklike skole in die Graad 1- tot 7-vlak te ondersteun.

Subprogram 3.2: Sekondêre vlak

Om onafhanklike skole in die Graad 8- tot 12-vlak te ondersteun.

Strategiese doelwit

Program 3: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 3	Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none">1. Verseker deur gereelde ondersteuning en monitering van onafhanklike skole dat alle leerders 'n opvoeding in lyn met die Nasionale Kurrikulumverklaring ontvang.2. Verseker dat alle onafhanklike skole geregistreer is en dat hulle aan die minimum vereistes van die tersaaklike wetgewing voldoen.3. Voorsien subsidies aan skole wat behoeftige leerders bedien.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

Al 240 geregistreerde onafhanklike skole (gewone en OLSO) in die Wes-Kaap het die Jaarlikse Skoolopname in 2015 voltooi. Daar was 48 153 leerders in hierdie 240 skole. Hiervan was 36% of 17 498 leerders by gesubsidieerde onafhanklike skole ingeskryf, waarvan 11 291 by gesubsidieerde laerskole en 6 207 by gesubsidieerde hoërskole ingeskryf was. 30 655 leerders was by niegesubsidieerde onafhanklike skole ingeskryf.

Toetsuitslae

Die regulasies rakende die registrasie van, en subsidies aan, onafhanklike skole (preprimêre skole uitgesluit) vereis van 'n onafhanklike skool om aan die Jaarlikse Nasionale Asseserings en/of die WKOD- sistemiese toetse deel te neem om vir 'n subsidie te kwalifiseer. 67 skole het die Graad 3-toetse, 57 die Graad 6-toetse en 40 die Graad 9-toetse afgelê. Die aflegging van die JNA's het nie soos geskeduleer in 2015 plaasgevind nie.

Die tellings van gesubsidieerde en niegesubsidieerde onafhanklike skole word in die tabel hieronder aangedui. Let daarop dat dit nie 'n verteenwoordigende steekproef is nie aangesien niegesubsidieerde skole kies om deel te neem, terwyl deelname aan hierdie toetse of die JNA's vir gesubsidieerde skole verpligtend is.

2015 Taal-uitslae

WKOD sistemiese Graad 3, 6 en 9 uitslae van onafhanklike skole onder skole wat in 2015 deelgeneem het												
Graad	Taal											
	Skole				Leerders				Slaagkoers			
	2012	2013	2014	2015	2012	2013	2014	2015	2012	2013	2014	2015
Gr 3 gesubsidieer	46	50	46	49	1 222	1 381	1 416	1 567	54.9	51.7	56	59.9
Gr 3 niegesubsidieer	27	27	28	18	779	844	979	742	85.2	88.6	86.7	92.3
Gr 6 gesubsidieer	41	38	38	40	1 009	1 068	1 074	1 036	67	61.4	65	68.2
Gr 6 niegesubsidieer	22	24	25	17	705	80	873	647	95.1	91.2	92.1	94.1
Gr 9 gesubsidieer	30	30	27	28	1 229	1 333	1 155	1 111	82.3	82.7	84.6	86
Gr 9 niegesubsidieer	17	18	16	12	799	787	789	513	95.1	96.6	97	94.5

2015 Wiskunde-uitslae

WKOD sistemiese Graad 3, 6 en 9 uitslae van onafhanklike skole onder skole wat in 2015 deelgeneem het												
Graad	Wiskunde											
	Skole				Leerders				Slaagkoers			
	2012	2013	2014	2015	2012	2013	2014	2015	2012	2013	2014	2015
Gr 3 gesubsidieer	46	50	46	49	1 222	1 381	1 416	1 567	62.8	65.8	68.6	71
Gr 3 niegesubsidieer	27	27	28	18	779	844	979	742	91.7	93.6	92.5	96.2
Gr 6 gesubsidieer	41	38	38	40	1 009	1 068	1 074	1 036	47.8	50.2	50.3	61.8
Gr 6 niegesubsidieer	22	24	25	17	705	80	873	647	89.1	86.7	84.3	93.2
Gr 9 gesubsidieer	30	30	27	28	1 229	1 333	1 155	1 111	26.8	26.2	31.2	48
Gr 9 niegesubsidieer	17	18	16	12	799	787	789	513	73.4	76.1	73.8	86.2

Die uitslae van onafhanklike skole in die Nasionale Senior Sertifikaat in 2015 was soos volg:

Wes-Kaapse NSS-uitslae vir onafhanklike skole: 2015				
Afgetel	Getal geslaag	Persentasie geslaag	Getal (B-graad toelating)	% (B-graad toelating)
2 552	2 371	92.91	1 729	67.75

Aantekening: Dit is die leerders by onafhanklike skole wat die NSS-eksamen deur die WKOD-eksamen afgetel het. Daarbenewens was daar 176 leerders by 14 Wes-Kaapse skole wat die eksamens afgetel het wat deur die Onafhanklike Eksamenraad opgestel is.

Onderwyserontwikkeling

Onderwysers in onafhanklike skole het in 2015/16 verskeie kurrikulumwerkswinkels bygewoon wat deur onafhanklike skoolorganisasies en deur die WKOD se distrikskantore gereël is.

Ondersteuning verskaf

Die WKOD het gedurende 2015/16 besoek afgelê by 162 skole om

- administratiewe,
- kurrikulum- en
- institusionele bestuursondersteuning te bied.

Daarbenewens, in 'n jaarlikse oefening vir hierdie doel, het 'n span WKOD-amptenare in Februarie en Maart 2016 by 61 skole besoek afgelê om die volgende te monitor:

- Nakoming van opnames – jaarlikse skoolopname en Snap-opname
- SOBIS-registrasie
- Finansiële nakoming – subsidie en beskikbaarheid van auditverslae
- Voldoendheid en gepastheid van onderrigkammers
- Kurrikulumaanbiedings
- Voldoendheid en toepaslikheid van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM)
- SACE-registrasie
- Personeelomset
- Prestasiebestuurstelsels
- Personeelontwikkeling
- Leerderprestasie
- Die Graad 3, 6 en 9 WKOD- sistemiese toetsuitslae

Drie onderpresterende onafhanklike skole is met bykomende ondersteuning deur senior kurrikulumbepanners bygestaan. Hulle is versoek om ingrypingsplanne vir die 2016-akademiese jaar in te dien. Die uitdagings met bestuur asook korporatiewe beheer wat deur skole ervaar is, is aangespreek.

Daarbenewens is 4 nuwe terreine geverifieer m.b.t. aansoeke om registrasie en skole wat aansoek doen om die uitbreiding van grade en kurrikulum.

30 skole is om verskeie redes ondersoek, onder meer die skorsing van leerders sonder om enige dissiplinêre prosedures te volg; klagtes oor ongekwalifiseerde onderwysers; en baie min onderrig en leer wat plaasvind.

Die belangrikste ondersteuning wat aan onafhanklike skole gebied word, is die voorsiening van subsidies. Subsidies aan kwalifiserende onafhanklike skole is 60%, 40%, 25%, 15% of 0% van die geskatte provinsiale per capita besteding vir leerders (PAEPL) by openbare gewone skole. Die PAEPL vir 2015/16 was R11 471 (laerskole) en R13 631 (sekondêre skole) onderskeidelik. In 2015/16 het die WKOD subsidies aan 99 skole betaal. Betalings is betyds en ingevolge tersaaklike wetgewing gemaak.

Die WKOD het alle gesubsidieerde, onafhanklike skole aangemoedig om hul subsidies te gebruik vir LOOM (60%); munisipale dienste (20%) en bedryfsbehoefte (20%).

Die WKOD het klagtes van die publiek en/of ouers ondersoek oor onafhanklike skole wat verband hou met skoolgeld, onbillike dissiplinêre prosesse, swak akademiese prestasie, swak bestuur en ongeregistreerde skole wat in bedryf is.

¹n Standaard bedryfsprosedure vir subsidiëring is voltooi met die bystand van die Direkoraat: Prosesontwerp in die Departement van die Premier.

Strategiese doelwitte¹¹

Program 3					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
Persentasie geregistreerde onafhanklike skole wat subsidies ontvang	Nuut	44%	40%	-4%	Alle onafhanklike skole is weer gekategoriseer deur hulle 2013 skoolgeld as die nuwe basisjaar te gebruik om te bepaal of hulle vir subsidiëring in aanmerking kom. Agt voorheen gesubsidieerde skole is gediskwalifiseer ingevolge die proses van herkategorisering. Die nuwe kategorieë het vanaf die 2015/16-boekjaar in werking getree.

Programprestasie-aanwysers

Program 3					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM301: Getal gesubsidieerde leerders in geregistreerde onafhanklike skole	18 024	18 310	17 498	-812	Inskrywing by onafhanklike skole is 'n faktor van oerlike keuse. Die afname in getalle was onverwags.
PPM302: Persentasie geregistreerde onafhanklike skole wat subsidies ontvang	Nuut	44%	40%	-4%	Alle onafhanklike skole is weer gekategoriseer deur hulle 2013 skoolgeld as die nuwe basisjaar te gebruik om te bepaal of hulle vir subsidiëring in aanmerking kom. Agt voorheen gesubsidieerde skole is gediskwalifiseer ingevolge die proses van herkategorisering. Die nuwe kategorieë het vanaf die 2015/16-boekjaar in werking getree.
PPM303: Persentasie geregistreerde onafhanklike skole vir monitoring en ondersteuning besoek	Nuut	90%	90%	-	

¹¹ Die strategiese doelwitte aangedui in die Strategiese Plan vir 2015-2019 word volledig hier aangegee

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Voorsien toegewyde en toenemende ondersteuning aan die onafhanklike skole wat minder as die NSS- provinsiale slaagkoers behaal het
- Ondersteun alle nuwe onafhanklike skole en diegene wat teen 'n minder as optimale vlak bedryf word.
- Monitor alle navrae of klagtes oor die implementering van regulasies.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes wat in Program 3 aangegaan is, het tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD bygedra:

- Subsidies verskaf aan onafhanklike skole wat gehalte-onderwys bied aan kinders wat finansiële ondersteuning nodig het

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
3.1 Primêre vlak	57,480	57,480	-	49,358	49,358	-
3.2 Sekondêre vlak	37,904	37,904	-	40,487	40,487	-
Totaal	95,384	95,384	-	89,845	89,845	-

4.4 Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys

Doel

Om verpligte openbare gewone onderwys te bied in spesiale skole, in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet en die Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys. Insluitend e-leer en inklusiewe onderwys.

Die Openbare Spesiale Skoolonderwysprogram bestaan uit die volgende subprogramme¹²:

Subprogram 4.1: Skole

Om spesifieke openbare spesiale skole van hulpbronne te voorsien. Insluitend e-leer en inklusiewe onderwys.

Subprogram 4.2: Menslike Hulpbronontwikkeling

Om departementele dienste te voorsien vir die professionele en ander ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare spesiale skole (insluitend inklusiewe onderwys).

Subprogram 4.3: Voorwaardelike Toelaes

Om voorsiening te maak vir projekte onder program 4 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word (insluitend inklusiewe onderwys).

Strategiese doelwit¹³

Program 4: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit	Om suksesvolle akademiese en sosiale deelname van alle leerders in die kultuur en kurrikulum van onderwysinstellings te maksimaliseer, en om hindernisse vir leer te minimaliseer (Onderwyswitskrif 6)
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om te verseker dat leerders toegang tot die kurrikulum kry en hulle prestasie in taal en wiskunde optimaliseer; 2. Om te verseker dat leerders wat hindernisse tot leer ervaar of spesiale onderwysbehoefte het 'n gedifferensieerde kurrikulum ontvang en op die hoogste vlak moontlik presteer; 3. Om 'n kontinuum van insluiting gegrond op die Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAS)-instrument te ontwikkel sodat leerders 'n toepaslike vlak en tipe ondersteuning in alle gewone, voldiens- en spesiale skole ontvang; 4. Om leerderretensie te versterk deur leerders te ondersteun met gespesialiseerde ondersteuningsdienste met behulp van bestaande spanne en strukture, onder andere, skool-/instellingsgebaseerde ondersteuningspanne; kringgebaseerde ondersteuningspanne; distriksgebaseerde ondersteuningstrukture; spesiale skole, spesiale skool-hulpbronsentrums; voldiens-/inklusiewe skole. 5. Om gespesialiseerde steundienste te verskaf – gespesialiseerde onderwysondersteuning, leerondersteuning, sielkundige dienste, skool-maatskaplike dienste, mediese en terapeutiese dienste. 6. Om in te skakel by ander staatsdepartemente en sektore vir die voorkoming en vroeë identifisering van hindernisse tot leer en die ondersteuning van leerders wat hindernisse tot leer ervaar of wat spesiale opvoedkundige behoeftes het.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

In 2015 het die WKOD 72 spesiale skole bedryf wat 20 139 leerders met spesiale onderwysbehoefte geakkommodeer het.

¹² Skoolsport, kultuur en mediadienste is nie as 'n subprogram ingesluit nie aangesien hierdie funksie in die Wes-Kaap onder die Departement van Kultuursake en Sport val

¹³ Die strategiese doelwitte aangedui in die Strategiese Plan vir 2015-2019 word volledig hier aangegee

Namate ondersteuning aan die hoofstroom toeneem, word slegs leerders met hoë-vlak ondersteuningsbehoefte in spesiale skole en spesiale skool-hulpbronsentrums vir ondersteuningsprogramme geplaas. Plasing word jaarliks hersien om te verseker dat die leerders slegs by die skool bly as hulle 'n hoë vlak van ondersteuning benodig.

Toetsuitslae van spesiale skole

In 2015 het 149 kandidate van 9 spesiale skole die Nasionale Senior Sertifikaat afgeleë. Die skole was Vista Nova, Tafelberg, Pioneer, Langerug, De la Bat, Athlone, Dominican Grimley (Houtbaai) en Dominican (Wittebome). Ses van die 9 skole het 'n 100% slaagsyfer behaal. Die Dominican School for the Deaf in Wittebome het hulle eerste matrikulante opgelewer ná die bekendstelling van die VOO-fase in 2013.

Van die 149 leerders wat die eksamen afgeleë het, het 32 geslaag met 'n BA-toelating behaal, 81 'n diploma en 7 die Hoër Sertifikaat. Daar was altesaam 120 leerders wat 'n slaagsyfer behaal het vir toegang tot hoër onderwys.

Jan Kriel skool het die toekenning deur die Nasionale Minister van Onderwys ontvang as die toppresterende spesiale skool in die land in 2015.

Onderwyserontwikkeling

Die Beleid oor Sifting, Identifisering, Assessering en Ondersteuning (SIAO) is in Desember 2014 in die Staatskoerant gepubliseer. Die SIAO is 'n instrument om te bepaal wie ondersteuning nodig het, watter ondersteuning nodig is en hoe dit afgelewer sal word. SIAO sal verseker dat daar vroeë opsporing van leerprobleme is en dat hierdie leerders wat geïdentifiseer is as leerders wat hulp benodig, so vroeg as moontlik die gepaste aandag geniet.

'n Transversale span van die provinsies is in 2015 deur die Departement van Basiese Onderwys in die SIAO en Kurrikulumdifferensiasie opgelei. Opleiding in Kurrikulumdifferensiasie-strategieë sal onderwysers toerus om op diverse onderrig- en assesseringsbehoefte van leerders te reageer. Die provinsiale opleidingspan vir SIAO en Kurrikulumdifferensiasie bestaan uit verteenwoordigers van die direktorate Kurrikulum, Assessering, Institusionele Bestuur, Onderwyserontwikkeling, Inklusiewe en Gespesialiseerde Onderwysondersteuning.

Die opleidingspan het begin met 'n opleidingsprogram wat in 2015/16 die opleiding van distriksgebaseerde gespesialiseerde ondersteuningspersoneel en verteenwoordigers van 40 voldiens-/inklusiewe skole ingesluit het. Die opleiding van skole het opleiding in 'n anti-vooroordeel-program ingesluit wat met leerders gebruik moet word.

Leerondersteuningonderwysers (LOO's) is die eerste lyn van bykomende ondersteuning aan laerskole. 50% van LOO's is in 2013/14 en 2014/15 opgelei in gevorderde ingrypingstegnieke vir die verbetering van geletterdheid en gesyferdheid en in 2015/16 is nog 25% van die LOO's opgelei. Die LOO-ingrypings dra by tot verbeterde vaardighede in geletterdheid en gesyferdheid van leerders in die grondslagfase, veral Graad 1-leerders.

Verskeie kursusse in verband met inklusiewe onderwys en die hantering van hindernisse tot leer is in samewerking met die KOLI aangebied. Onderwysers is onder meer opgelei in die funksies van skoolgebaseerde ondersteuningspanne, en is ook voorsien van kennis van en vaardighede in die verskeie leer- en onderrigbenaderings en kursusse in hoe om leerhindernisse as deel van geletterdheid en gesyferdheid in die grondslagfase te behandel.

Vlagskip-voldiens/inklusiewe skole het in 2015 werkwinkels oor goeie praktyk in inklusiewe onderwys aangebied. Onderwerpe van die werkwinkels het 'inklusiewe onderwys teen geen koste nie' en 'klaskamerbestuur in 'n inklusiewe omgewing' ingesluit.

Die kurrikulum van die Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) word geïmplementeer in al vyf WKOD- spesiale skole vir dowes wat SAGT gebruik. Benewens opleiding deur die SAGT-nasionale opleidingspan, het die WKOD aanvullende opleiding gereël. 22 (80%) van die onderwysers in bovermelde skole het SAGT-taalkunde-opleiding deur die Universiteit van die Vrystaat of die Universiteit Stellenbosch voltooi.

Spesiale Skool-hulpbronsentrums het werkwinkels op hulle gebied van kundigheid aangebied, nl. bepaalde leergestremdheid, aandaggebreksindroom en alternatiewe assessering. Die uitreikspan vir outismespektrumversteuring het 'n kursus in voortgesette professionele ontwikkeling (VPO) ontwikkel wat deur die Raad vir Gesondheidsberoepes van Suid-Afrika geakkrediteer is. 'n Ander VPO-geakkrediteerde kursus wat deur die direktoraat ontwikkel is, is die opleidingskursus in etiek vir sielkundiges. Hierdie kursusse het die gespesialiseerde personeel in staat gestel om intern die meeste van hul jaarlikse VPO-punte te verwerf wat deur die Raad vir Gesondheidsberoepes vereis word.

Maatskaplike werkers is opgelei in die hersiene WKOD Kindermishandelingsprotokol en jongste tegnieke in post-traumatiese ingryping by kinders en gesinne. Post-traumatiese stres is 'n ongelukkige gevolg van die hoë vlakke van geweld in baie gemeenskappe en het 'n negatiewe impak op onderrig en leer.

Opleiding van VKO-studente in Suid-Afrikaanse Gebaretaal en outismespektrumversteuring is by vyf VOO-kolleges in die Wes-Kaap bekendgestel. Die eerste VKO-praktisyns wat hierdie opleiding deurloop het, het aan die einde van 2015 gegradeer; 76 is in Suid-Afrikaanse Gebaretaal opgelei en 35 is in outismespektrumversteuring opgelei.

Ondersteuning

Versterk kapasiteit om hindernisse tot leer aan te spreek en meer inklusief te word

Die fokus van Gespesialiseerde Ondersteuningsdienste het verskuif na vroeë identifisering en voorkomende ingrypings, veral in Graad R en Graad 1. Sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuning-adviseurs en terapeute ontwikkel die vaardighede van opvoeders om klaskamergebaseerde ingrypings te implementeer. Die verbetering van prestasie in taal en wiskunde was 'n belangrike fokus van ingrypings, veral deur die Leerondersteuningsadviseurs en Leerondersteuningsonderwysers.

Distrikskomitees is ingestel om aandag te skenk aan leer, onderrig en assessering om vir leerderdiversiteit voorsiening te maak, bv. die gebruik van alternatiewe assessering en toegewings. Inligting met betrekking tot leerhindernisse is via die webwerf, pamflette en DVD's versprei. 'n Aanlyn kursus oor inklusiewe onderwys word ontwikkel.

Stelsels word ontwikkel om leerderingrypings op SOBIS op te spoor en aan te teken, wat sal help met die ontleding van tendense en die ontwikkeling van geskikte ingrypingsplanne en die ontplooiing van skaars gespesialiseerde hulpbronne.

Ontwikkeling van gewone skole in voldiens-/inklusiewe skole

Veertig aangewese voldiens-/inklusiewe skole is ondersteun om hulle kapasiteit te ontwikkel om voorsiening te maak vir die volle reeks spesiale behoeftes, met 'n sterk fokus op matige en lae vlakke van ondersteuning. Opleiding wat verskaf is, is in die afdeling oor menslike hulpbronne hierbo aangedui. Ondersteuning aan skole, veral aan die skoolgebaseerde ondersteuning-span, is ook voorsien deur die distriksgebaseerde gespesialiseerde ondersteuning-span en die inklusiewe onderwys-uitreikspanne wat by spesiale skool-hulpbronsentrums gebaseer is.

Daar is 107 skole in die provinsie wat 'eenheidsklasse' het wat bykomende gespesialiseerde ondersteuning aanbied. Hierdie eenheidsklasse word geleidelik omskep in 'hulpbronklasse' wat ondersteuning bied aan leerders met 'n behoefte aan matige vlakke van ondersteuning. Die klasse is ook 'n bron vir alle onderwysers wat raad benodig en vir leerders in die skool wat leerhindernisse ervaar.

Alle skole sal oor die volgende paar jaar toenemend ontwikkel word in inklusiewe skole met die voldiens-/inklusiewe skole wat die vlagskijskole sal wees. Hulle word ontwikkel as inklusiewe middelpunte in die distrikte en word aangemoedig om hulle goeie praktyke en hulpbronne met omliggende gewone skole te deel.

Omskakeling van Spesiale Skole na Spesiale Skool Hulpbronsentrums

Die 24 aangewese spesiale skool-hulpbronsentrums het gebaat by menslike, fisiese en materiële hulpbronontwikkeling om hulle in staat te stel om hulle uitreikrol te verbreed om ander skole by te staan. 21 Inklusiewe Onderwys-uitreikspanne is ingestel en drie beter-toegeruste spesiale skole doen uitreikwerk met behulp van hul bestaande hulpbronne. Hulp-toestelle-leningsentrums is by agt van die Spesiale Skool-hulpbronsentrums opgerig, een sentrum per distrik. Hulp-toestelle kan geleen word aan leerders in spesiale of voldiens-/gewone skole.

Ondersteuning vir spesiale skole

Hoewel spesiale skole in 'n kring is en generiese ondersteuning as deel van 'n kring van skole ontvang, voorsien skoolprogrambestuurders by die provinsiale kantoor gestremdheid/spesiale behoefte-spesifieke ondersteuning aan spesiale skole. Dit kan individueel of via sektor-gebaseerde vergaderings plaasvind ten einde koördinasie, gestandaardiseerde dokumentasie, die deel van goeie praktyk oor soortgelyke skole en blootstelling aan internasionale beste praktyk te bevorder.

Provinsiale personeel het die DBO bygestaan met die ontwikkeling van 'n aangepaste kurrikulum vir Suid-Afrikaanse Gebaretaal, Vaardigheidskole, en Ernstige en Diepgaande Intellektuele Gestremdheid. Skole het in die verlede verskillende kurrikula gebruik en 'n eenvormige kurrikula sal die broodnodige standaardisering van programme oor soortgelyke skole en sentrums fasiliteer.

Aangesien daar nasionaal 'n tekort aan braillemateriaal bestaan, het die WKOD begin met 'n projek met Pioneer Printers om te verseker dat leerders wat blind is nie benadeel word nie.

Die skole vir blindes het ingestem om algemene handboeke te gebruik. Braille-meesterkopieë van handboeke en werkboeke is geproduseer. Elektroniese lêers van die boeke is ook op Braille-skootrekenaars geïnstalleer.

Daar was ook nie genoeg Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) LOOM in die land beskikbaar toe SAGT CAPS bekendgestel is nie. SAGT LOOM wat in die provinsie geproduseer en nasionaal gedeel word, het die beskikbaarheid van SAGT LOOM aansienlik verbeter.

Betrokkenheid van belanghebbendes en die bevordering van intersektorale vennootskappe
Ondersteuning word deur multidisiplinêre uitreikspanne gesetel by Spesiale Skool-hulpbronsentrums gebied aan kinders wat nie in skole is nie, bv. kinders met ernstige en diepgaande intellektuele gestremdheid in Spesiale Sorgsentrums. 'n Protokol vir ondersteuning is ontwikkel deur samewerking tussen die Departemente van Onderwys, Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling. Die ondersteuning sluit in: (i) die ontwikkeling van stimulasieprogramme, (ii) hulpbronnemateriaal vir versorgers, (iii) aanbieding van werkwinkels vir sentrumbestuurders, versorgers en ouers, (iv) tegnieke om die fisiese, opvoedkundige en psigososiale behoeftes van die kinders te hanteer, en (v) assessering en verwysing van leerders wat onvanpas geplaas is en na spesiale skole verwys moet word.

Skole word ontwikkel as sentrums van sorg en ondersteuning vir onderrig en leer (CSTL) en gebruik die CSTL-raamwerk om die ondersteuning van ander sektore te koördineer, bv. die geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram wat in oorleg met die Departement van Gesondheid gelewer word.

Skoolgesondheid- mobiele eenhede het sedert hulle ontstaan tot die einde van Desember 2015 altesaam 33 683 gesondheidstoetse op Graad R- en Graad 1-leerders uitgevoer. Hiervan het 6 250 optometriese dienste ontvang, 4 067 het brille ontvang, 16 542 het primêre gesondheidsorgdienste ontvang en 10 891 leerders het tandheelkundige sorgdienste ontvang. Dit alles dra by tot die optimalisering van leer in die klaskamer.

Gespesialiseerde Ondersteuningsdienste het insette aan professionele liggame en hoëronderwysinstellings gelewer oor die ontwikkeling van hul spesialisgebiede, bv. sielkunde en maatskaplike werk in die onderwyskonteks.

Intersektorale vennootskappe word aangegaan met die Departement van Gesondheid vir die lewering van kliniese sielkundige en psigiatrisiese dienste, met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling vir aangeleenthede oor statutêre maatskaplike werk, met die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Maatskaplike Dienste oor maatskaplike toelaes vir kwalifiserende leerders, met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme oor werkgeleenthede vir leerders van spesiale skole, en met die Departement van Kultuursake en Sport oor kultuur- en sportgeleenthede vir leerders met gestremdhede.

Die ondersteuning van ouers en die burgerlike samelewing om kinders wat hindernisse tot leer ervaar of 'n gestremdheid het, in te sluit en ondersteun, word ingespan om te help bou aan die gewenste inklusiewe Suid-Afrikaanse samelewing. Vergaderings is met individuele ouers en oergroepe gehou. Vergaderings is ook met verskeie gestremdhedsregte-organisasies, organisasies vir mense met gestremdhede en organisasies vir inklusiewe onderwys gehou.

Strategiese doelwitte

Program 4					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
Getal voltdiensskole wat leerders met leerhindernisse bedien	40	48	40	-8	Daar is besluit om op die verbetering van die gehalte van bestaande skole te fokus voordat meer bygevoeg word.

Prestasie-aanwysers

Program 4					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM401: Persentasie leerders met spesiale behoeftes in spesiale skole tot die ouderdom van 16 in die skool behou	Nuut	72.5%	79.8%	7.3%	Teiken oorskry.
PPM402: Persentasie spesiale skole wat as Hulpbronsentrums dien	Nuut	40%	33%	-7%	Die fokus was op die verbetering van gehalte in die bestaande sentrums.

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Skenk aandag aan die ondersteuningsbehoefte van leerders met spesiale onderwysbehoefte deur die WKOD se pad van ondersteuning te volg
- Bou die kapasiteit van hoofstroomskole om leerhindernisse aan te spreek sodat onderwysers beter toegerus is om te onderrig en 'n verskeidenheid van leerders te ondersteun
- Opleiding met 'n fokus op:
 - Spesiale skool-personeel in die verskillende kategorieë van gestremdheid
 - Personeel by voltdiens-/inklusiewe skole in die identifisering en behandeling van hindernisse tot leer
 - Personeel by spesiale skool-hulpbronsentrums in hulle uitgebreide rol
 - Distriksgebaseerde gespesialiseerde ondersteuningspersoneel, insluitend sielkundiges, maatskaplike werkers, leerondersteuning-adviseurs, mediese personeel en terapeute met betrekking tot hulle rol in ondersteuning oor die inklusiewe onderwys-kontinuum
 - Skoolgebaseerde Leerondersteuning-onderwysers vir verbetering in taal en wiskunde
 - Skoolgebaseerde ondersteuningspanne in die proses van sifting, identifisering, assessering en ondersteuning (SIAS)

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes aangegaan in Program 4 het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Voorsiening van poste vir onderwysers en staatsdienspersoneel in openbare spesiale skole
- Uitbreiding en toerusting van spesiale skool-hulpbronsentrums/-klasse
- Verskaffing van subsidies vir spesiale skole
- Bevordering van inklusiewe onderwys met die instelling van voldiensskole

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
4.1 Skole	1,059,168	1,033,921	25,247	923,247	923,247	-
4.2 Menslike Hulpbron-ontwikkeling	-	-	-	-	-	-
4.3 Voorwaardelike toelaes	15,852	15,852	-	50,395	50,395	-
Totaal	1,075,020	1,049,773	25,247	973,642	973,642	-

4.5 Program 5: Vroeëkindontwikkeling

Doel

Om ingevolge Witskrif 5 vroeëkindontwikkeling (VKO) op die Graad R- en voor-Graad R-vlak te voorsien. E-leer is ook ingesluit.

Die VKO-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 5.1: Graad R in openbare skole

Om aan bepaalde openbare gewone skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is.

Subprogram 5.2: Graad R in vroeëkindontwikkelingsentrums

Om Graad R by vroeëkindontwikkelingsentrums te ondersteun.

Subprogram 5.3: Voor-Graad R-opleiding

Om opleiding te bied en stipendiums aan voor-Graad R-praktisyns/-opvoeders te betaal.

Subprogram 5.4: Menslike hulpbronontwikkeling

Om departementele dienste te verskaf vir die professionele ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in Graad R by openbare skole en VKO-sentrums.

Subprogram 5.5: Voorwaardelike toelaes

Om voorsiening te maak vir projekte onder program 5 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.

Strategiese doelwit¹⁴

Program 5: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 5.1	<ul style="list-style-type: none"> • Om aan spesifieke openbare gewone skole en geïdentifiseerde onafhanklike skole hulpbronne te voorsien wat vir Graad R nodig is, en om toestande daar te stel wat meer skole sal aanspoor om Graad R-klasse in bestaande beskikbare klaskamers of nuwe Graad R-klaskamers te vestig. • Verbeterde onderwyseropleiding
Doelwitverklaring	Verbeterde gehalte van dienslewering in Graad R-klasse deur: <ol style="list-style-type: none"> 1. Betaling van Graad R-leerderssubsidies en die doeltreffende monitering daarvan. 2. Opleiding vir Graad R-praktisyns en -onderwysers 3. Deurlopende ondersteuning van en opleiding vir skoolhoofde 4. Voorsiening van LOOM en klaskamers 5. Vroeë identifisering van hindernisse tot leer en implementering van 'n ondersteuningsprogram hierdie ontwikkelingsagterstande aan te spreek 6. Bepaling van Graad R-onderwysposte van 2015/16 tot 2019/20 7. Die verskaffing van beurse vir die opgradering van Graad R-praktisyns se kwalifikasies na die B. Ed Grondslagfase deelyds of die Diploma in Graad R-praktyke

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Inskrywing

Die Graad R-leerderdata wat in die jaarlikse opname vir openbare en VKO onafhanklike skole opgeteken is, dui 'n algehele toename van meer as 1 500 Graad R-leerders tussen 2014 en 2015 aan.

¹⁴ Die strategiese doelwitte aangedui in die Strategiese Plan vir 2015-2019 word volledig hier aangegee

Onderwyserontwikkeling

Opleiding in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) is voorsien aan Graad R-praktisyns wat in 2015/16 tot die professie toegetree het.

Altesaam 7 296 VKO-praktisyns is gedurende die oorsigjaar vir VKO-Vlak 1, 4 of 5 leerderskap-programme ingeskryf wat by Wes-Kaapse TBOO-kolleges aangebied is.

Daarbenewens was 120 werklose persone die begunstigdes van 'n 12-maande Vlak 1-program vir VKO-praktisynsassistente wat deur die TBOO-kolleges aangebied is. 26 bykomende begunstigdes van die Voorwaardelike Toekenning is as administratiewe ondersteunings-personeel gekontrakteer. Hulle het vaardighede in die werksomgewing aangeleer en datavaslegging ter ondersteuning van die VKO-program gedoen.

Ondersteuning verskaf

Subsidies

Die Graad R-leerderssubsidietoekenning aan 965 openbare en 514 onafhanklike VKO-gemeenskapsterreine is in 2014 verhoog om dit in lyn te bring met die vereistes van die Nasionale Norme en Standaard vir Graad R-befondsing. Daar was geen verhoging in befondsing in 2015/16 nie.

Kwintiel	Per leerder daaglik 2014	Per leerder daaglik 2015/16	Nuwe bedrag per leerder per jaar
1	R20	R24	R4 800
2	R19	R24	R4 800
3	R18	R24	R4 800
4 Geen skoolgeld	R17	R24	R4 800
5 Geen skoolgeld	R16	R24	R4 800
4 Skoolgeld	R17	R18	R3 600
5 Skoolgeld	R16	R17	R3 400

Subsidie-eisvorms word kwartaalliks by Hoofkantoor ingedien en word geverifieer voordat oordragbetalings aan skole gemaak word. In 2015/16 is 64 928 Graad R-leerders by openbare skole en 18 946 Graad R-leerders by VKO- onafhanklike skole (teen Augustus 2015) gesubsidieer.

'n Finansiële bestuurshandleiding vir Graad R is saamgestel om skoolbestuurspanne te help met die effektiewe en doeltreffende benutting van subsidietoekennings. Skoolhoofde en genomineerde SBL-lede van 1 261 openbare en VKO- onafhanklike skole het die inligtingsvergaderings bygewoon wat deur die WKOD se distrik-VKO-bestuurders gefasiliteer is.

Hoofkantoor- en distriksamptenare het in 2015 die benutting van subsidies in 250 openbare en VKO- onafhanklike skole gemonitor. Hierdie monitering sal in die volgende boekjaar voortduur.

Die toelaag wat aan alle VKO-praktisyns betaal word, het gestyg van R1 515 in 2014 na R1 605 in November 2015. Alle VKO-praktisyns wat tans op leerderskapprogramme is, is deur die verhoogde toelaag bevoordeel. Hierdie verhoging het 'n positiewe invloed op die bywoning van rekrute in die opleidingsklasse gehad.

Bykomende fasiliteite en toerusting

101 Graad R-klaskamers is in 2015/16 gebou. 150 het befondsing vir meubels en 'n basiese aanvang-VKO-hulpbronnepakket ontvang. 84 bykomende klasse het elk 'n bedrag van R10 000 ontvang om meubels en basiese aanvangshulpbronne vir 2015 te koop. Die Graad R-praktisyns in hierdie skole is in die doeltreffende gebruik van die toerusting opgelei. Sommige van die items in die VKO-stelle sluit geletterdheid- en gesyferdheidspeletjies en legkaarte, houtblokke, boustelle, fiksie- en niefiksie-boeke, musiekinstrumente en speelgoed met wiele in.

7 296 VKO-praktisyns en -assistent het opleiding bygewoon en 'n opleidingshandleiding en 'n noodhulpkissie vir hulle bewaarskool ontvang.

Graad R by skole vir dowes

Vyf Graad R-praktisyns en vyf praktisynsassistente het by die vyf skole vir dowes begin werk. Die doel van hierdie Graad R-praktisyns se aanstelling was om die implementering van Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) in die Graad R-klasse by die skole te verseker. Die skole betrokke by SAGT is Noluthando, Dominikaanse Skool vir Dowes, Mary Kihn, De La Bat en Nuwe Hoop.

Loodsprojek Gr R – 3 in 105 skole

'n Belangrike ingryping volgens die Provinsiale Strategiese Plan is 'n loodsprojek vir Graad R–3 in 105 skole met swak akademiese uitslae om Engels en Wiskunde te versterk.

Die WKOD sal 'n loodsprojek in 105 skole onderneem. Dit beteken dat 'n gefokusde ingryping in 2015/16 ontwerp en begin is en in die vier jare 2016 tot 2019 geïmplementeer, ondersteun en gemonitor sal word.

Die ontwerp is afgelei uit verskeie studies wat in Wes-Kaapse laerskole onderneem is, veral die Universiteit Stellenbosch Graad 3-studie en die Universiteit van Kaapstad se SPADE-projek.

Die belangrikste bevindings en aanbevelings eie aan hierdie studies is:

- Die behoefte aan bevoegdheidstoetse en noukeurige seleksie van departementshoofde vir die grondslagfase en hulle vermoë en tyd om ondersteuning in én buite die klas te bied.
- Die teenwoordigheid en geïntegreerde gebruik van groot boeke, leesboeke, handboeke, werkboeke en toerusting vir die grondslagfase.
- Die ontwikkeling en gebruik van norme vir vordering in lees, skryf en wiskunde in elke kwartaal van Graad R–3.
- Bepaling van onderwysers se vermoë om Engels Eerste Addisionele Taal te onderrig en om opleiding vir ontwikkelingsbehoefte in hierdie verband te verskaf.

Die WKOD-loodsprogram, wat soveel as moontlik van bovermelde elemente sal bevat, is in 'n gevorderde stadium van voorbereiding. Die skole is in kennis gestel en 'n oudit is uitgevoer. Fondse is voorsien vir die aankoop van tablette vir geselekteerde skole.

Die opleidingsprogram sal ontwikkel word op grond van die behoeftes wat geïdentifiseer is. Aanvullende leer- en onderrigmateriaal sal voorsien word, soos nodig. Norme vir lees en skryf is ontwikkel en onderwysers sal hierin opgelei word asook in die administrasie van kwartaallikse vroeë-graad assesserings vir lees.

Strategiese doelwitte:

Program 5					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
Getal openbare skole wat Graad R aanbied	977	955	974	19	Daar was bykomende innames deur skole.

Prestasie-aanwysers

Program 5					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM 501: Getal openbare skole wat Graad R aanbied	977	955	974	19	Teiken oorskry
PPM 502: Persentasie Graad 1-leerders wat formele Graad R-onderwys ontvang het	Nuut	68%	69.13%	1.13%	Teiken oorskry
PPM 503: Persentasie aangestelde VKO-praktisyns met NKR vlak 4 en hoër	Nuut	97%	N.v.t.	N.v.t.	Hierdie maatstaf word nie in die Wes-Kaap aangegee nie, aangesien die WKOD nie die werkgewer van VKO-praktisyns is nie; hulle word deur die skool aangestel en met oordragfondse betaal. Hoewel 'n nominale teiken van 97% in die JPP aangegee is, het die voetnota gemeld dat die WKOD nie die werkgewer is nie. Die WKOD is dus nie in 'n posisie om daarvoor verslag te doen nie.

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Fokus op verbeterde opleiding van onderwysers
- Konsentreer op ondersteuningsprogramme vir Graad R-leerders wat 'n risiko loop' om te verseker dat hulle gereed is vir skool.
- Verseker dat skole voor die aanvang van die Graad R- akademiese jaar in besit van alle LOOM is.

- Monitor die doeltreffende gebruik van Graad R-subsidies by openbare gewone skole en VKO- onafhanklike skole wat Graad R aanbied.
- Verbeterde gehalte van onderrig
- Implementeer 'n Graad R – 3 loodsprojek in 100 skole om uitslae in taal en wiskunde en die aanleer van Engels te verbeter

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes aangegaan in Program 5 het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Voorsien onderwysposte vir Graad R in openbare skole
- Uitbreiding en verbetering van subsidies vir Graad R in openbare skole en onafhanklike instellings om universele inskrywing en gehalte-onderrig te verseker

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
5.1 Graad R in openbare skole	306,316	300,875	5,441	329,697	329,697	-
5.2 Graad R in Vroeëkind-ontwikkelingsentrums	68,664	68,664	-	64,010	64,010	-
5.3 Voor-Graad R-opleiding	110,661	109,801	860	109,327	109,327	-
5.4 Menslike Hulpbron-ontwikkeling	-	-	-	-	-	-
5.5 Voorwaardelike toelaes	2,823	2,823	-	8,744	8,744	-
Totaal	488,464	482,163	6,301	511,778	511,778	-

4.6 Program 6: Infrastruktuurontwikkeling

Doel

Om infrastruktuurfasiliteite vir skole en nie-skole te voorsien en onderhou.

Die infrastruktuurontwikkelingsprogram bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 6.1: Administrasie

Om infrastruktuurfasiliteite vir administrasie te voorsien en onderhou.

Subprogram 6.2: Openbare Gewone Skole

Om infrastruktuurfasiliteite vir openbare gewone skole te voorsien en onderhou.

Subprogram 6.3: Spesiale Skole

Om infrastruktuurfasiliteite vir openbare spesiale skole te voorsien en onderhou.

Subprogram 6.4: Vroeëkindontwikkeling

Om infrastruktuurfasiliteite vir vroeëkindontwikkeling te voorsien en onderhou.

Strategiese doelwit¹⁵

Program 6: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 6	Om geprioritiseerde, kostedoeltreffende en doeltreffende instandhouding van infrastruktuur te verseker en dat skole gebou word om by die belangrikste demografiese tendense te pas
Doelwit-verklaring	1. Ontwikkel 'n betroubare, omvattende databasis van die vereistes vir instandhouding van skoolinfrastruktuur. 2. Prioritiseer ingrypings op grond van ingeligte en objektiewe kriteria en akkurate inligtingstelsels. 3. Bestuur die bouprogram om die voorsiening van nuwe skole, vervanging van strukture wat met ongepaste materiaal gebou is, opknapping van klaskamers en voorsiening van nuwe klaskamers en mobiele klaskamers in te sluit ten einde in korttermynvraag te voorsien. 4. Wat tekorte in befondsing en 'n verouderde infrastruktuur betref, pas 'n benadering van 'n hiërargie van behoeftes soos volg toe: Herstelwerk aan dakke, strukturele herstelwerk aan geboue, watertoevoer, kragtoevoer, riool- en ablusiegeriewe, slote en gewelplate, plafonne, grensheinings, verwerk. 5. Verrig noodinstandhouding in die geval van natuurrampe, strukturele probleme en vandalisme.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Besonderhede word in afdeling 6.8 verskaf. "Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan". 'n Opsomming word hieronder verskaf.

Bouprojekte gedurende 2015/16 voltooi

Nuwe skole

- Sewe nuwe skole is voltooi en in 2015/16 oorhandig, naamlik Eersterivier Laerskool, Happy Valley Laerskool, Khanya Laerskool, Kranshoek Laerskool, Kwanokuthula Laerskool, Silversands Hoërskool en Swellendam Laerskool.
- Twee mobiele skole is vir gebruik in 2015/16 voltooi, naamlik Silverleaf Laerskool en Parliament Street Laerskool.

¹⁵ Die strategiese doelwitte aangedui in die Strategiese Plan vir 2015-2019 word volledig hier aangegee

Vervangingskole (vervanging van skole wat met ongepaste materiaal gebou is)

- Die volgende vervangingskole is in 2015/16 met WKOD-befondsing voltooi: Bottelary Laerskool, Entshona Laerskool, Fairview Laerskool, Plantation Road Laerskool.
- Die volgende vervangingskole is in 2015/16 voltooi as deel van die Versnelde Skoolinfrastruktuurontwikkeling-inisiatief (ASIDI) kapitale infrastruktuursprojekte wat deur die Departement van Basiese Onderwys befonds word: Delta Laerskool, De Duine Laerskool, Kasselsvlei Laerskool, Parkview Laerskool, Rosewood Laerskool, Sophakama Laerskool, Swartberg Senior Sekondêr, Tygersig Laerskool, Valhalla Laerskool, Voorspoed Laerskool, Westfleur Laerskool en Willemsvallei Laerskool.

Bykomende klaskamers

- Uitbreidingsklaskamers: Geen uitbreidingsklaskamers is gedurende 2015/16 by bestaande skole voltooi nie.
- Graad R-klaskamers: 37 klaskamers is in 2015/16 voltooi. Al hierdie klaskamers was eerder op die 2014/15 of 2015/16 projeklys.
- Mobiele eenhede verskaf: 100 klaskamers.

Die infrastruktuur wat vir voltooiing in 2015/16 geskeduleer was, word hieronder uiteengesit, saam met die werklike getalle wat gelewer is.

Kategorie	Geteiken	Werklike getal
Nuwe skole	9	7
Vervangingskole (insluitend ASIDI)	21	16
Graad R-klaskamers	54 klaskamers	37(van die 54). 101 in totaal, wat projekte in vorige jare insluit.
Opgradering en aanbouing	Geen teiken gestel nie	0
Uitbreidingsklaskamers	Geen teiken gestel nie	0 klaskamers
Mobiele klaskamers	Geen teiken gestel nie	100 klaskamers

Veranderinge aan beplande teikens

(a) Nuwe skole

Twee nuwe skole wat vir voltooiing teen 31 Maart 2015 beplan was en nie voltooi is nie, is Masakhane Laerskool en Vuyiseka Hoërskool. Hierdie twee skole het vertraging ervaar as gevolg van die onderprestasie van kontrakteurs en probleme met diestrukturele integriteit van die geboue. Albei hierdie projekte is in aanbou en sal in 2016 voltooi wees.

(b) Vervangingskole

Teen die einde van die 2015/16-boekjaar was vyf vervangingskole wat aanvanklik vir voltooiing gedurende die 2015/16-boekjaar geskeduleer was in verskillende stadiums van aanbou. Vertraging is ook ervaar as gevolg van die onderprestasie van kontrakteurs en probleme met diestrukturele integriteit van die geboue.

(c) Graad R-klaskamers

Uit die 54 klaskamers wat as teikens vir Graad R gestel is, is slegs 37 klaskamers in die 2015/16-boekjaar voltooi. Die res is in aanbou en behoort in die 2016/17-boekjaar voltooi te word. Redes vir die vertraging sluit onderprestasie deur kontrakteurs en oponthoude by nuwe skole in, wat by die teiken ingesluit was.

Strategiese doelwitte:

Program 6					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
Getal klaskamers in openbare gewone skole gebou	253	264	661	397	Die syfer sluit 191 klaskamers by nuwe skole en 370 klaskamers by vervangingskole in. 101 nuwe mobiele klaskamers is gedurende 2015/6 by verskeie skole geplaas.

Prestasie-aanwysers

Program 6					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM 601: Getal openbare gewone skole wat van watertoevoer voorsien is	-	-	-		
PPM 602: Getal openbare gewone skole wat van elektrisiteitstoevoer voorsien is	-	-	-		
PPM 603: Getal openbare gewone skole wat van sanitasiegeriewe voorsien is	-	-	-		
PPM 604: Getal klaskamers in openbare gewone skole gebou	253	264	661	397	Die syfer sluit 191 klaskamers by nuwe skole en 370 klaskamers by vervangingskole in. 101 nuwe mobiele klaskamers is gedurende 2015/6 by verskeie skole geplaas.
PPM 605: Getal spesialiskamers in openbare gewone skole gebou	12	40	96	56	Sluit 34 spesialiskamers by nuwe skole en 62 spesialiskamers by vervangingskole in
PPM 606: Getal nuwe skole voltooi en gereed vir okkupasie (sluit vervanging-skole in)	Nuut	29	23	-6	Sluit 7 nuwe skole en 16 vervangingskole in
PPM 607: Getal nuwe skole wat tans gebou word (sluit vervangingskole in)	Nuut	15	28	13	Sluit 10 nuwe skole en 18 vervangingskole in
PPM 608: Getal Graad R-klaskamers gebou	Nuut	82	101	19	17 Graad R-klaskamers by nuwe skole, 47 Graad R-klaskamers by vervangingskole en 37 Graad R-klaskamers by bestaande skole. Dit sluit 20 van die 2015/16 uitrol en 17 van die 2014/15 uitrol in.
PPM 609: Getal koshuise gebou	Nuut	-	-		

Program 6					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM 610: Getal skole wat geskeduleerde instandhouding ondergaan	Nuut	85	107	22	40 van die 85 geskeduleerde instandhoudingsprojekte vir 2015/16 plus 67 geskeduleerde instandhoudingsprojekte van 2014/15 is voltooi. Die 45 oorblywende projekte vir 2015/16 is eerder gekanselleer of na 2016/17 verskuif.
Let wel dat geen teikens vir PPM 601, 602 en 603 gestel is nie aangesien alle bestaande skole reeds beskik oor die drie basiese dienste.					

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Wys meer fondse aan vir instandhouding
- Gefokusde benadering tot instandhouding deur verskeie vennootskap-opsies, bv. gepaste befondsing
- Hanteer onverkrygbaarheid van terreine d.m.v. samewerking tussen die WKOD, die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) en plaaslike regeringsektore.
- Fasiliteer oplossings oor soneringsaansoeke en verwante sake deur kommunikasie tussen die WKOD, DVOW (eiendomsbestuur) en die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning (DOOB).

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes aangegaan in Program 6 het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Uitbreiding, verbetering en instandhouding van infrastruktuur by openbare gewone skole, spesiale skole en Graad R in openbare gewone skole.

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onder-besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
6.1 Administrasie	10,112	10,112	-	10,338	10,338	-
6.2 Openbare gewone skole	1,455,743	1,455,743	-	1,399,827	1,385,886	13,941
6.3 Spesiale skole	35,657	35,657	-	8,200	8,200	-
6.4 Vroeëkindontwikkeling	48,447	48,447	-	35,067	35,067	-
Totaal	1,549,959	1,549,959	-	1,453,432	1,439,491	13,941

4.7. Program 7: Eksamen- en Onderwysverwante Dienste

Doel

Om onderwysinstellings as 'n geheel van eksamen- en onderwysverwante dienste te voorsien.

Die Eksamen- en Onderwysverwante Dienste-program bestaan uit die volgende subprogramme:

Subprogram 7.1: Betalings aan SETA

Om ingevolge die Wet op Vaardigheidsontwikkeling MHO aan werknemers te voorsien.

Subprogram 7.2: Professionele dienste

Om departementeel-bestuurde steundienste aan opvoeders en leerders in skole te bied.

Subprogram 7.3: Eksterne eksamens

Om vir departementeel-bestuurde eksamendienste voorsiening te maak.

Subprogram 7.4: Spesiale Projekte

Om voorsiening te maak vir spesiale departementeel-bestuurde ingrypingsprojekte in die onderwysstelsel as 'n geheel.

Subprogram 7.5: Voorwaardelike Toelaes

Voorwaardelike toelae

Om voorsiening te maak vir Departement van Onderwys-gespesifiseerde projekte wat op meer as een program van toepassing is en deur voorwaardelike toelae befonds word.

Strategiese doelwit¹⁶

Program 7: Strategiese doelwit	
Strategiese doelwit 7.1	Om toegang tot alle eksterne eksamens te voorsien; die geloofwaardigheid van die eksamen- en assesseringsprosesse te verseker; te verseker dat alle skole eksamens en skoolgebaseerde assesserings doeltreffend bestuur; en om leer te ondersteun
Doelwitverklaring	<ol style="list-style-type: none">1. Om te verseker dat skole en eksamensentrums die nodige eksamen- en assesseringsbeleid korrek en konsekwent toepas ten einde die geloofwaardigheid van die algehele eksaminering- en assesseringstelsel te versterk.2. Hersien die assesseringsprosedures en rekordhouding van en verslagdoening oor assesseringstake3. Om te verseker dat skoolgebaseerde assesseringspunte geldig en betroubaar is.4. Om leerderprestasie in alle skole te ondersteun deur kwantitatiewe en kwalitatiewe data deur middel van verslae oor eksamens en ander assesserings te verskaf, asook deur geïdentifiseerde skole, leersentrums vir volwassenes en hul leerders vir hul prestasie te beloon.

Strategiese doelwitte, prestasie-aanwysers, beplande teikens en werklike prestasie

Eksamens

Die WKOD het in 2015 vyf belangrike eksamens in ooreenstemming met die toepaslike beleide en regulasies geadministreer. Hierdie eksamens is:

- Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens (Oktober/November 2015)
- Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende eksamens (Februarie/Maart 2016)
- Senior Sertifikaat-eksamens (Mei/Junie 2015);
- BOOV Vlak 1-4-eksamens (Mei/Junie 2015)
- BOOV Vlak 1-4-eksamens (Oktober/November 2015)

¹⁶ Die strategiese doelwitte aangedui in die Strategiese Plan vir 2015-2019 word volledig hier aangegee

Eksamen	Getal geregistreer	Getal wat geskryf het	Getal sentrums
Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (Oktober/November)	56 562	53 721	442
Nasionale Senior Sertifikaat Aanvullende eksamens (Februarie/Maart 2016)	8 478	6 138	158
Senior Sertifikaat-eksamen (Mei/Junie 2015)	20 078	9 676	103
VOO Vlak 4-eksamen (Mei/Junie 2015)	1008	537	56
VOO Vlak 4-eksamen (Oktober/November 2015)	4 449	3 460	104

Die Jaarlikse Nasionale Asseserings van taal en wiskunde is nie eenvormig in 2015 geskryf nie as gevolg van 'n protes deur onderwysersvakbonde met betrekking tot 'n aantal bekommernisse oor die model van assessering. Die DBO het gevolglik toestemming gevra dat die uitslae van die JNA-toetse nie by die jaarverslag ingesluit word nie. Die gewone standaardiseringsprosesse is nie uitgevoer nie en skole het slegs op 'n matige vlak deelgeneem.

Sekuriteit van eksamens is 'n belangrike prioriteit. Alle eksamenprosesse en -prosedures word bestuur ingevolge die nasionale beleid met betrekking tot die afneem, administrasie en bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen wat in Staatskennisgewing Nr. 564 in Staatskoerant Nr. 30048 van 6 Julie 2007 uitgevaardig en gewysig is as: Staatskennisgewing 372 en 373 in Staatskoerant, Vol. 587, Nr. 37652 gedateer 16 Mei 2014.

Die WKOD het 2 116 persone tydens 18 sessies in 2015 opgelei om die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamenproses op skoolvlak te bestuur. Die toesighouding oor die afneem van die Nasionale Senior Sertifikaat- en BOOV Vlak 4-eksamens is deur 'n kombinasie van onderwysers en eksterne opsieners uitgevoer. Die skoolhoof was die hoofeksamenbeampte en is deur die ekstern aangestelde senior opsiener ondersteun.

Ten einde die gehalte van NSS-nasiening te verbeter, is bevoegdheidstoetse gedurende April tot Augustus 2015 vir nasieners in elf vakke uitgevoer.

Skoolgebaseerde assesseringspunte (SBA-punte) vorm deel van die finale punt, asook verskeie praktiese take na gelang van die reëls vir elke vak. Om te verseker dat die punte geldig en betroubaar was, moes onderwysers die assesseringstake by die vakhoof op skoolvlak vir moderering indien. Vakadviseurs het deurlopende moderering van SBA by skole onderneem. Moderering van SGA is ook op provinsiale vlak gedoen, voordat die moderering deur die Departement van Basiese Onderwys en Umalusi gedoen is.

Skole en leerders wat goed in die NSS-eksamens presteer het, het erkenning by die jaarlikse toekenningsfunksie ontvang wat in Januarie 2016 gehou is. Skooltoekennings het erkenning gegee aan diegene met die grootste verbetering in die slaagsyfer, in B-graad-slaagsyfers en in individuele vakke.

Kriteria vir algehele skooluitnemendheid was konsekwentheid in die aantal Graad 12-kandidate oor die driejaartydperk van 2013 tot 2015, 'n algehele slaagsyfer van minstens 95% in 2015, persentasie van kandidate met toegang tot B-graadstudie en persentasie van kandidate wat wiskunde met 60% en hoër slaag.

Toekennings is ook gemaak aan leerders met uitstekende prestasie in algehele vakrekords en in 'n aantal individuele vakke.

Die Senior Sertifikaat-eksamen vir volwasse leerders is nou op die KABV-kurrikulum gegrond.

Die getal eksamensentrums het oor die jare afgeneem as deel van 'n rasionaliserings-oefening wat verseker dat die hoogste standaard van toegang en beheer gehandhaaf word en dat dit finansiële meer doeltreffend is. Alle eksamensentrums word geaudit om te verseker dat hulle aan die vereistes vir die afneem en administrasie van die eksamens voldoen.

Strategiese doelwitte

Program 7					
Strategiese doelwitte	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
Persentasie leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) geslaag het	82.2%	83.5%	84.7%	1.2%	Hierdie teiken is oorskry as gevolg van goeie voorbereiding van die kandidate.

Prestasie-aanwysers

Program 7					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM 701: Persentasie leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) geslaag het	82.2	83.5	84.7	1.2	Hierdie teiken is oorskry as gevolg van goeie voorbereiding van die kandidate.
PPM 702: Persentasie Graad 12-leerders wat op B-vlak slaag	38.8	40	41.7	1.7	Hierdie teiken is oorskry as gevolg van goeie voorbereiding van die kandidate.
PPM 703: Persentasie Graad 12-leerders wat 50% of meer in wiskunde behaal	Nuut	43	42.2	-0.8	Die geteikende verbetering was buite die kandidate se bereik.
PPM 704: Persentasie Graad 12-leerders wat 50% of meer in natuurwetenskappe behaal	Nuut	38	40.2	2.2	Hierdie teiken is oorskry as gevolg van goeie voorbereiding van die kandidate.
PPM 705: Persentasie Graad 3-leerders wat 50% en hoër in huistaal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) behaal	Nuut	70	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.
PPM 706: Persentasie Graad 3-leerders wat 50% en hoër in wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) behaal	Nuut	75	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.
PPM 707: Persentasie Graad 6-leerders wat 50% en hoër in huistaal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) behaal	Nuut	83	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.

Program 7					
Programprestasiemaatstaf	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPM 708: Persentasie Graad 6-leerders wat 50% en hoër in wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) behaal	Nuut	53	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.
PPM 709: Persentasie Graad 9-leerders wat 50% en hoër in huistaal in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) behaal	Nuut	50	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.
PPM 710: Persentasie Graad 9-leerders wat 50% en hoër in wiskunde in die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) behaal	Nuut	7	N.v.t.	N.v.t.	Vir 2015-16 sal aanwysers m.b.t. JNA nie deur provinsies gerapporteer word nie want die eksamen is nie soos beoog by skole afgelê nie.

Program 7					
Programprestasie-aanwyser	Werklike prestasie 2014/2015	Beplande teiken 2015/2016	Werklike prestasie 2015/2016	Afwyking van beplande teiken teenoor werklike prestasie vir 2015/2016	Kommentaar oor afwykings
PPA 7.1 Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in taal* behaal	42.4	44	42.4	-1.6	Die leerders het nie die teiken bereik wat vir verbetering gestel is nie, maar het die telling van die vorige jaar gehandhaaf.
PPA 7.2. Persentasie leerders in Graad 3 wat aanvaarbare uitkomst in wiskunde* behaal	54	56	57.6	1.6	Die Wiskunde-ondersteunings-program het resultate opgelewer.
PPA 7.3. % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in taal behaal*	37.9	40	36.8	- 3.2	Hierdie groep leerders het versuim om 'n beter telling te behaal.
PPA 7.4. % van leerders in Graad 6 wat aanvaarbare uitkomst in wiskunde behaal*	30.4	32	37.7	5.7	Die Wiskunde-ondersteunings-program het resultate opgelewer.
PPA 7.5. % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in taal behaal het *	47.6	49	53	4	Die Taal-ontwikkelingsprogram het resultate opgelewer
PPA 7.6. % van leerders in Graad 9 wat aanvaarbare uitkomst in wiskunde behaal*	14.9	17	22.2	5.2	Die Wiskunde-ondersteunings-program het resultate opgelewer.

*Hierdie telling is in WKOD-toetse behaal

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

- Konsekvente en behoeftegebaseerde ingrypings oor alle grade om leerderprestasie te verbeter
- Voortgesette gebruik van data om ingrypings te ondersteun
- Opleiding van skoolhoofde in nuwe assesseringsvereistes
- Verbeterings aan die nasien van skrifte
- Gaan voort met die administrasie van bevoegdheidstoetse vir nasieners en brei dit uit.

Veranderinge aan beplande teikens

Geen

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die uitgawes aangegaan in Program 7 het bygedra tot die bereiking van die volgende belangrike uitsette vir die WKOD:

- Aanstelling van eksamennasieners
- Verkryging en toerusting van sentrums vir eksamennasiening
- Die druk en verspreiding van eksamenvraestelle

Subprogramuitgawes

Naam van subprogram	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/Onderbesteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
7.1 Betalings aan SETA	6,450	6,450	-	6,096	6,096	-
7.2 Professionele Dienste	29,404	29,404	-	533,921	530,087	3,834
7.3 Eksterne eksamens	189,558	189,558	-	172,851	172,851	-
7.4 Spesiale projekte	33,147	24,735	8,412	29,146	29,146	-
7.5 Voorwaardelike toelaes	19,631	19,631	-	17,731	17,690	41
Totaal	278,190	269,778	8,412	759,745	755,870	3,875

5. Oordragbetalings

5.1. Oordragbetalings aan openbare entiteite

Nie van toepassing nie.

5.2. Oordragbetalings aan alle organisasies buiten openbare entiteite

Oordragbetalings word aan opvoedkundige instellings gemaak ingevolge die wetgewing wat op elke sektor betrekking het. Oordragbetalings word byvoorbeeld aan openbare gewone skole vir norme en standaard-befondsing gemaak, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996). Bylae 1B van die finansiële jaarstate bied 'n meer breedvoerige verduideliking van elke soort entiteit: Openbare gewone skole, onafhanklike skole, skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte, VKO: Graad R openbare skole: VKO Graad R Gemeenskap, VKO: Leerderskappe.

Die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (WOFB) bepaal dat opvoedkundige instellings wat oordragbetalings ontvang, bewys moet lewer dat hulle die fondse vir die beoogde doel aanwend. Opvoedkundige instellings moet 'n verklaring aflê en sertifikaat onderteken voordat die volgende oordragbetalings gedoen word. Betalings word elke jaar in April en November gemaak. Hulle moet ook hul geouditeerde finansiële state teen die einde van Junie elke jaar aan die departement voorsien.

Opleiding en ondersteuning op skoolvlak is belangrik om nakoming ten opsigte van oordragbetalings te verseker. Finansiële ondersoeke van skole en VKO-terreine word uitgevoer deur die Skool- Korporatiewe Beambtes wat by distrikte gesetel is. Hulle gaan na of verklarings wat deur skole gemaak is, 'n ware weerspieëling is van uitgawes aangegaan. Distrikte monitor skole op grond van 'n kontrolerisiko-klassifikasie-indeks, d.w.s. lae tot hoë risiko. Skole word deur die distrikskantoor geëvalueer voordat Artikel 21-funksie toegewys word. Hulle toegekende status word op 'n gereelde basis hersien.

Die tabel hieronder toon die oordragbetalings wat vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016 gemaak is.

Naam van oordrag-ontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor fondse aangewend is	Het die departement artikel 38(1)(j) van die PFMA nagekom?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur entiteit bestee	Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie
Openbare Gewone Skole	Instellings sonder winsbejag	Infrastruktuur (instandhouding en opgraderings)	Ja	69,465	69,465	0
		Norme en standaard: Bykomende groei	Ja	5,640	5,640	0
		Koshuissubsidie	Ja	34,818	34,818	0
		Administratiewe steun	Ja	12,423	12,423	0
		Voorwaardelike toelae: Maatskaplike Sektor UOWP	Ja	1,627	1,627	0
		Norme en standaard	Ja	601,059	601,059	0
		Voorwaardelike toelae:	Ja	35,946	35,946	0

Jaarverslag vir die 2015/16-boekjaar
 Begrotingspos 5: Onderwysdepartement
 Provinsie van die Wes-Kaap

Naam van oordrag-ontvanger	Tipe organisasie	Doel waarvoor fondse aangewend is	Het die departement artikel 38(1)(j) van die PFMA nagekom?	Bedrag oorgedra (R'000)	Bedrag deur entiteit bestee	Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie
		NSVP				
		Gr 12 toekennings	Ja	621	621	0
		Vergoeding vir gratis vrystelling	Ja	43,650	43,650	0
		Jeugfokus	Ja	20,559	20,559	0
		Leerdervoer	Ja	46,643	46,643	0
		Toekennings vir wiskunde en taal	Ja	332	332	0
		Private vervoersubsidie	Ja	3,957	3,957	0
		Internetkonneksie	Ja	15,866	15,866	0
		Tegniese vakke	Ja	1,303	1,303	0
		Matriekeksamen-sentrums	Ja	6,200	6,200	0
		Veilige skole-sekuriteit	Ja	23,041	23,041	0
		E-onderwys-telematika	Ja	649	649	0
		Voorwaardelike toelae: Wiskunde, Wetenskappe en Tegnologie	Ja	99	99	0
		SBL-lidmaatskap en opleiding	Ja	444	444	0
		Nasionale Onderwystoekennings en NKV VOO-/AOO-opleiding	Ja	2,142	2,142	0
		Opknapping van koshuise	Ja	1,542	1,542	0
Subsidies vir Onafhanklike Skole	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	Ja	95,384	95,384	0
Openbare Spesiale Skoolonderwys	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	Ja	134,099	134,099	0
Vroeëkindontwikkelingsentrums	Instellings sonder winsbejag	Subsidie	Ja	298,366	298,366	0
		Leerdervoer	Ja	191	191	0
		Voorwaardelike toelae: Maatskaplike Sektor UOWP	Ja	2,823	2,823	0
		Voor-Graad R-stipendiums	Ja	67,049	67,049	0

Alle betalings wat vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016 begroot is, is oorgedra.

6. Voorwaardelike Toelaes

6.1. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse betaal

Nie van toepassing nie.

6.2. Voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang

Al die vereistes ingevolge die Wet op die Verdeling van Inkomste, 2015 ten opsigte van voorwaardelike toelaes aan die WKOD is nagekom:

- Alle oordragte ontvang is in die departement se bankrekening gedeponeer;
- Fondse is volgens die sakeplanne bestee;
- Voorwaardes van die voorwaardelike toelaes, soos in die goedgekeurde sakeplanne uiteengesit, is nagekom.

Die algehele prestasie met Voorwaardelike Toelaes in 2015/16 het aansienlik op besteding in die vorige jaar verbeter. In 2015/16 is 99.99% van fondse bestee in vergelyking met die 99.21% wat in 2014/15 bestee is.

Monitering

Monitering van elke toelae het deur middel van maandelikse verslagdoening, kontroles en terreinbesoeke deur die betrokke amptenare plaasgevind. Kontroles en verbeterings is op 'n deurlopende grondslag toegepas. Die verkrygingsprosesse vir die Voorwaardelike Toelae vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie (WWT) is gesentraliseer, met toenemende monitering om te verseker dat alle voorwaardes nagekom is en dat daar geen verkwistende uitgawes was nie.

Die tabelle hieronder toon die voorwaardelike toelaes en geormerkte fondse ontvang vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016.

Voorwaardelike toelae: Wiskunde, Wetenskappe en Tegnologie	
Departement wat die toelaag oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelaag	Om ondersteuning en hulpbronne te voorsien aan skole, onderwysers en leerders vir die verbetering van onderrig en leer in wiskunde, wetenskap en tegnologie by geselekteerde openbare skole.
Verwagte uitsette van die toelaag	<p>Verbeterde toegang tot en gelykheid, doeltreffendheid en gehalte van onderrig in wiskunde, wetenskap en tegnologie in die land</p> <p>Doen 'n behoeftebepaling by elke WWT-skool en verskaf, waar daar 'n gebrek is:</p> <ul style="list-style-type: none"> - Apparaat en verbruiksgoedere aan skole met 'n gebrek aan funksionele wetenskaplaboratoriums, meerkundestelle en sakrekenaars. - Inligting- en Kommunikasietegnologie (IKT) hardeware en sagteware (HeyMath en HeySciences). - Inhoud, didaktiese en pedagogiese programme om die doeltreffendheid van onderwysers te verbeter - Bestuursopleiding en/of mentorskap vir skoolhoofde en skoolbestuurspanne - Mede-kurrikulêre, bykomende voorbereiding van Graad 8-12 leerders vir beter prestasie en deelname aan olimpiades en toenemende toegang tot wetenskap-klubs, wetenskap-feeste en kompetisies - Opknapping of herontwerp van bestaande werkwinkels. - Verskaffing van toerusting, gereedskap en masjinerie vir werkwinkels.
Werklike uitsette behaal	Alle uitsette is bereik volgens die 2015/16 WWT-sakeplan
Bedrag per gewysigde DORA	R26.535 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R26.535 miljoen

Jaarverslag vir die 2015/16-boekjaar
 Begrotingspos 5: Onderwysdepartement
 Provinsie van die Wes-Kaap

Voorwaardelike toelae: Wiskunde, Wetenskappe en Tegnologie	
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	N.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R26.535 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	Die begroting vir die 2015/16-boekjaar is ten volle bestee.
Redes vir afwyking van prestasie	N.v.t.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Alle rekwisies vir 2015/16 is by VKB vir verkryging ingedien. 100% uitgawes van die 2015/16 begroting
Moniteringsmeganisme van ontvangende departement	Alle uitsette is bereik volgens die 2015/16-sakeplan vir Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie. Weeklikse vergaderings met personeel van voorsieningskanaal-bestuur om te verseker dat tenders op dreef is. Monitering is gedoen en weeklikse verslae is voorgelê

Toelae: Beroepspesifieke bedeling vir terapeute in die onderwyssektor	
Departement wat die toelaag oorgedra het	Basiese Onderwys
Doel van die toelaag	Om die basislyn-vergoedingsbegroting van die provinsiale onderwys-departemente aan te vul ten einde aan die ELRC se Kollektiewe Ooreenkoms 1 van 2012 te voldoen.
Verwagte uitsette van die toelaag	Provinsies voldoen aan die verpligting van betaling aan opvoeders gedek deur die ELRC Kollektiewe Ooreenkoms 1 van 2012.
Werklike uitsette behaal	Die WKOD die volle BSB-toekenning vir die 2015/16-boekjaar benut vir die oorplasing van kantoor- en inrigtingsgebaseerde opvoeders, wat ingevolge die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1998 aangestel is en vir die oorplasing na die BSB vir Terapeute/Beraders/Sielkundiges gekwalifiseer het.
Bedrag per gewysigde DORA	R15.852 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R15.852 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	N.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R15.852 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	N.v.t.
Redes vir prestasie-afwyking	N.v.t.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	N.v.t.
Moniteringsmeganisme van ontvangende departement	N.v.t.

Voorwaardelike toelae: Toelaag vir Onderwysinfrastruktuur (OIT)	
Departement wat die toelaag oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelaag	Instandhouding, opknapping, uitbreiding van infrastruktuur en skepping van nuwe infrastruktuur.
Verwagte uitsette van die toelaag	Verseker dat bestaande infrastruktuur in stand gehou word, soos deur die PFMA voorgeskryf, of skep addisionele kapasiteit by opvoedkundige instellings, soos goedgekeur
Werklike uitsette behaal	Instandhouding van fasiliteite en opknapping/uitbreiding/aanbouing van verskeie eenhede/fasiliteite
Bedrag per gewysigde DORA	R1,094 992 miljard
Bedrag ontvang (R'000)	R1,094 992 miljard
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	N.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R1,094 992 miljard
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	N.v.t.

Voorwaardelike toelae: Toelaag vir Onderwysinfrastruktuur (OIT)	
Redes vir afwyking van prestasie	Geen
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Maandelikse interdepartementele vergaderings met die Departement van Vervoer en Openbare Werke
Moniteringsmeganisme van ontvangende departement	Infrastruktuur-verslagdoeningsmodel (IVM) en monitering van maandelikse vorderingsverslae van DVOW

Voorwaardelike toelae: Toelae vir MIV en Vigs (Onderrig in Lewensvaardighede)	
Departement wat die toelaag oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys
Doel van die toelaag	<ul style="list-style-type: none"> Om Suid-Afrika se MIV- en Vigs-voorkomingstrategie te ondersteun deur die kennis en gepaste besluitneming oor seksuele en reprodutiewe gesondheid onder leerders en opvoeders te verbeter. Om die impak van MIV/Vigs te versag deur 'n sorgsame, ondersteunende en bemagtigende omgewing vir leerders en opvoeders te skep. Om die voorsiening van 'n veilige, regte-gebaseerde omgewing in skole te verseker wat vry is van diskriminasie, stigma en enige vorm van seksuele teistering of mishandeling. Om kinders se kwesbaarheid vir MIV-, TB- en SOS-besmetting te verminder, met 'n bepaalde fokus op weeskinders en kwesbare kinders.
Verwagte uitsette van die toelaag	<ul style="list-style-type: none"> Toenemende kennis van MIV, SOI's en TB onder leerders, opvoeders en amptenare Afname in riskante seksuele gedrag onder leerders, opvoeders en amptenare Verminder struikelblokke vir retensie in skole, veral vir kwesbare kinders. Afname in riskante seksuele gedrag onder leerders, opvoeders en amptenare Skole, distrikte en provinsies het alle MIV- en Vigs-Lewensvaardighede-onderwysprogramme by hulle evaluering- en verslagdoeningstelsels geïntegreer Bestuur, administrasie en ondersteuning aan distrikte en skole gelewer.
Werklike uitsette behaal	Alle uitsette is volgens die sakeplan bereik.
Bedrag per gewysigde DORA	R19,631 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R19,631 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	N.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R19,631 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	Die uitgawes van hierdie projek is op 100%
Redes vir afwyking van prestasie	Geen
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Alle rekwisies vir die 2015/16-boekjaar is vooruit by voorsieningskanaalbestuur ingedien.
Moniteringsmeganisme van ontvangende departement	Maandelikse en kwartaallikse verslae word aan WKOD-bestuur voorgelê vir monitering en aftekening.

Voorwaardelike toelae: UOWP Geïntegreerde Toelaag vir Provinsies – Onderwys	
Departement wat die toelaag oorgedra het	Openbare werke
Doel van die toelaag	<p>Om provinsiale departemente aan te spoor om sterker pogings vir werkskepping aan te wend deur die gebruik van arbeidsintensiewe leweringsmetodes in die volgende geïdentifiseerde fokusareas, ingevolge die riglyne van die UOWP:</p> <ul style="list-style-type: none"> padinstandhouding en die instandhouding van geboue paaië met 'n lae verkeersvolume en landelike paaië ander ekonomiese en maatskaplike infrastruktuur toerisme- en kultuurbedrywe volhoubare landgebaseerde lewensbestaan afvalbestuur
Verwagte uitsette van die toelaag	<p>Toenemende aantal mense wat vir die UOWP werk en 'n inkomste ontvang</p> <ul style="list-style-type: none"> Langer gemiddelde tydsduur van werkgeleenthede wat geskep word
Werklike uitsette behaal	Werkskeppingsprojekte met betrekking tot kleiner instandhouding by skole in die Metro. Sluit die instandhouding van vloere, teëls, deure, plafonne, loodgieters, omheining, verfwerk en hekke in, asook die verfraaiing van terreine.
Bedrag per gewysigde DORA	N.v.t.
Bedrag ontvang (R'000)	R2,818 miljoen

Jaarverslag vir die 2015/16-boekjaar
 Begrotingspos 5: Onderwysdepartement
 Provinsie van die Wes-Kaap

Voorwaardelike toelae: UOWP Geïntegreerde Toelaag vir Provinsies – Onderwys	
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	N.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R2,818 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	N.v.t.
Redes vir afwyking van prestasie	Sien hierbo.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Bied ondersteuning aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke om te verseker dat kontrakteurs betyds vir 2016/17 aangestel word.
Moniteringsmeganisme van ontvangende departement	Maandelikse en kwartaallike verslae

Voorwaardelike toelae: Toelae vir Nasionale Skoolvoedingsprogram	
Departement wat die toelaag oorgedra het	Departement van Basiese Onderwys (DBO)
Doel van die toelaag	Om voedsame maaltye aan geteikende leerders te voorsien
Verwagte uitsette van toelaag	Voedsame maaltye wat aan leerders bedien word
Werklike uitsette behaal	Voedsame maaltye aan leerders voorsien
Bedrag per gewysigde DORA	R299,435 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R299,435 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	N.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R299,400 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	N.v.t.
Redes vir afwyking van prestasie	N.v.t.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Diensverskaffers word versoek om eise op 'n weeklikse basis in te dien en dit het dienslewering verbeter
Moniteringsmeganisme van ontvangende departement	Die NSVP se provinsiale kantoor monitor uitgawes en distriksamptenare monitor die program op 'n daaglikse basis

Voorwaardelike toelae: UOWP Geïntegreerde Toelaag vir Provinsies – Onderwys	
Departement wat die toelaag oorgedra het	Departement van Vervoer en Openbare Werke
Doel van die toelaag	Om werkseleenthede vir die jeug, vroue en gestremdes in die VKO-sektor te skep.
Verwagte uitsette van die toelaag	Lei 420 VKO-praktisyns op die gebied van Vroeëkindontwikkeling op. Lei 22 voorheen-werklose matrikulante op om datavasleggers te wees.
Werklike uitsette behaal	350 VKO-praktisyns is na die 12-maande opleidingskursus as bevoegd verklaar. Elke praktisyn het 'n 12-maande VKO Vlak 1-kursus by een van die ses VOO-kolleges in die provinsie bygewoon. Elke VKO-praktisyn het ook opleiding in noodhulp ontvang. 22 datavasleggers het kursusse in kantoorbestuur, Microsoft Office, menslike hulpbronbestuur en projekbestuur voltooi.
Bedrag per gewysigde DORA	R4.747 miljoen
Bedrag ontvang (R'000)	R4.747 miljoen
Redes indien bedrag soos per DORA nie ontvang is nie	N.v.t.
Bedrag deur die departement bestee (R'000)	R4.746 miljoen
Redes waarom entiteit nie bedrag bestee het nie	N.v.t.
Redes vir afwyking van prestasie	N.v.t.
Maatreëls ingestel om prestasie te verbeter	Kolleges is weekliks van enige uitstaande fakture in kennis gestel.
Moniteringsmeganisme van die ontvangende departement	'n Eksterne diensverskaffer is gekontrakteer om die opleiding te monitor wat by kolleges aangebied word. 'n Moniteringsverslag is op lêer.

Besteding op die geormerkte en bepaalde fondse was soos volg:

Geormerkte befondsing	Bedrag ontvang R'000	Bedrag bestee R'000	Fondse onbestee R'000	Prestasie	Werklike uitsette behaal
Geormerkte fondse vir MOD-sentrums	59,594	48,409	11,185	81.2%	Voorsiening van skoolsale en sportvelde; fondse vir toerusting en instandhouding en vir gegradueerde tutors grootliks bereik.
Geormerkte fondse vir E-Onderwys	60,000	50,008	9,992	83.3%	Doelwitte van die projek ten volle bereik. 50 skole is ten volle voorsien. Versoek om die saldo van die onbestede fondse om te rol.
TOTAAL: Geormerkte en bepaalde fondse	119,594	98,417	21,177	82.3%	

7. Donateursfondse

7.1. Donateursfondse ontvang

Die departement het nie gedurende die oorsigtydperk enige donateursfondse ontvang nie.

8. Kapitale belegging

8.1. Kapitale belegging, instandhouding en batebestuursplan

Afwykinge ten opsigte van teikens word onder Program 6 met betrekking tot Programprestasie-maatstawwe bespreek. Sommige projekte is vertraag en alternatiewe reëlings moes vir akkommodasie getref word.

Kapitaalprojekte onder konstruksie

(c) Nuwe skole

Die permanente skole wat vir voltooiing teen 31 Maart 2015 beplan en nie voltooi is nie, is Masakhane Laerskool en Vuyiseka Hoërskool. Beide Masakhane Laerskool en Vuyiseka Hoërskool het vertraging ervaar as gevolg van die insolvensie en onderprestasie van kontrakteurs. Albei hierdie projekte is in aanbou en sal in 2016 voltooi wees.

(d) Vervangingskole

Die volgende vervangingskole wat aanvanklik vir voltooiing gedurende die 2015/16-boekjaar geskeduleer is, was op 31 Maart 2015 in verskillende stadiums van aanbou: ACJ Phakade Laerskool, Delft South Laerskool, Du Noon Laerskool, Garden Village Laerskool, Hawston Laerskool, Itsitsa Laerskool, Mount View Sekondêre Skool, Naliekamva Laerskool, Pineview Laerskool, Red River Laerskool, Scottsdene Sekondêre Skool, Silverstream Laerskool, Steynville Laerskool en Vooruitsig Laerskool.

Uitgawes stem ooreen met die norme van die industrie. Die Departement se Implementerings-agente (Departement van Vervoer en Openbare Werke en die Eenheid vir Projek-implementering) hanteer alle tenderprosesse vir nuwe geboue en projekte kragtens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander beheermaatreëls plaas.

Instandhouding

Geskeduleerde instandhoudingsprojekte wat gedurende die oorsigtydperk onderneem is:

Getal projekte	Begroting vir 2015/16 R'000	Beraamde finale koste (R'000)
107 (40 van 2015/16 en 67 van 2014/15)	260,390	244,790

'n Opsomming van die syfers vir die tekort in instandhouding word hieronder aangebied:

Tekort in instandhouding				
Boekjaar	Batewaarde	1,5% vir instandhouding benodig	Begroting verskaf	Tekort
2004	10,560,000	158,400	73,719	84,681
2005	12,000,000	180,000	76,174	103,826
2006	12,000,000	180,000	90,037	89,963
2007	15,052,800	225,792	37,192	188,600
2008	15,052,800	225,792	52,363	173,429
2009	15,052,800	225,792	73,719	152,073
2010	17,357,885	260,368	102,363	158,005
2011	18,225,779	273,387	108,413	164,974
2012	18,225,779	273,387	114,725	158,662
2013	19,683,841	295,257	168,673	126,584
2014	19,769,521	296,542	191,323	105,219
2015	19,969,521	296,542	32,8518	-31,976
Totale agterstand sedert 2004		2,891,259		

Daar was 'n impak op die agterstand in instandhouding in 2015/16, met die doel om die voorkoms van WKOD-skole op skaal volhoubaar te verbeter. Navorsing in baie dele van die wêreld toon dat daar 'n positiewe verband is tussen die fisiese omgewing waarin leerders onderrig word en die leeruitkomste wat bereik word.

Infrastruktuursprojekte	2015/16			2014/15		
	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ Onder- besteding	Finale begroting	Werklike uitgawes	(Oor-)/ Onder- besteding
	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000	R'000
Nuwe en vervangingsbates	903,726	903,726	-	1,011,205	998,391	12,814
Bestaande infrastruktuurbates	576,768	576,768	-	410,573	409,446	1,127
Opgradering en aanbouings	168,986	168,986	-	159,603	159,603	-
Vernuwing, opknapping en herstelwerk	-	-	-	-	-	-
Instandhouding en herstelwerk	407,782	407,782	-	250,970	249,843	1,127
Infrastruktuur-oordrag	69,465	69,465	-	31,654	31,654	-
- Lopend	4,627	4,627	-	62	62	-
- Kapitaal	64,838	64,838	-	31,592	31,592	-
Totaal	1,549,959	1,549,959	-	1,453,432	1,439,491	13,941

Batebestuur

Onroerende bates

Die WKOD gebruik die Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS) en die Skole se Register van Behoefte-inligtingstelsel (SRBIS) om onroerende bates te bestuur.

Belangrike roerende bates:

Die WKOD het 'n batebestuurseenheid wat deel vorm van die voorsieningskanaaleenheid en vir roerende bates verantwoordelik is.

Alle meubels en toerusting wat deur Hoofkantoor en die onderwysdistrikskantore benodig word, word sentraal aangekoop en op 'n inventaris van roerende bates vasgelê volgens die vereistes wat deur Nasionale Tesourie voorgeskryf word.

Die volgende maatreëls is in 2015/16 ingestel om 'n bygewerkte bateregister te verseker en rekeningkundige standaarde te handhaaf, asook om 'n doeltreffende, doelmatige en akkurate rekonsiliasie van inligting te verseker:

- Jaarlikse voorraadopname deur die departement, soos voorgeskryf in die Tesourieregulasies.
- Aftekening van inventarisse deur die verantwoordelike amptenare en sertifisering deur Verantwoordingsbestuurders.
- Uitreiking van omsendbriewe en instruksies in lyn met Tesourie-instruksies.
- Uitreiking van standaardbedryfsprosedures om batebestuursaktiwiteite te standaardiseer.
- Bywerking van die beleid oor gebruikersrekeningbestuur op die logistieke inligtingstelsel (LOGIS).
- Aankopeprosedures vir bates in die Rekenpligtige Beampte se Stelsel.
- Maandelikse rekonsiliasie van aankope op LOGIS en uitgawes op BAS.
- Handhawing van 'n bateregister met al die inligting wat deur die Tesourieregulasies vereis word.

Die meganisme wat in werking gestel is om 'n doeltreffende stelsel van identifikasie, beveiliging, monitering en rekordhouding van roerende bates te verseker, is soos volg:

- Alle bates het staafkodes ontvang, is "RSA" gemerk en in inventarisse opgeteken.
- Bates is in die register vir roerende bates in alle batekategorieë aangeteken en unieke nommers is daarvoor toegeken (strepieskodes).
- Verantwoordingsbestuurders word vir die beveiliging van bates verantwoordelik gehou.
- Roerende bates is op 'n inventaris per kostesentrum en ligging opgeteken. Inventarisse is deur die kostesentumbestuurders as korrek gesertifiseer en word by elke ligging bygehou.

Skole

Die WKOD het meubels en arbeidsbesparende items vir skole aangekoop. Hierdie items vorm egter nie deel van die WKOD se bateregister nie. Ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), word dit as voorraaditems van skole beskou. Skole moet dus oor hierdie voorraaditems in hulle jaarlikse finansiële state verslag doen. Die WKOD se bateregister weerspieël slegs die voorraad van hoofkantoor en die onderwysdistrikte en hul onderskeie dienspunte.

Planne oor roerende bates, byvoorbeeld motorvoertuie

Die provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke (Staatsmotorvervoer) bestuur die verskaffing, onttrekking en vervanging van ou en/of beskadigde motorvoertuie van die staatsmotorhuis(GG). Hulle formuleer ook provinsiale beleid oor die gebruik van GG-voertuie en handhaaf 'n bateregister op die Fleetman-stelsel. Die WKOD is verantwoordelik vir die lisenasiering, instandhouding en voortdurende voorsiening van brandstof vir voertuie.

Die WKOD maak seker dat die provinsiale beleid toegepas word. Daar word ook 'n register gehou van voertuie wat deur die WKOD gebruik word en voertuiggebruik word deur middel van logboeke gemonitor. Die huidige vloot voldoen tans aan die behoeftes van die WKOD.



Deel C
Beheer

1. Inleiding

Die hoogste standaard van korporatiewe beheer vorm die grondslag vir die bestuur van openbare finansies en hulpbronne. Staatsdepartemente moet goeie beheerstrukture in plek hê om die staat se hulpbronne effektief, doeltreffend en ekonomies te benut.

Lede van die Onderwysouditkomitee is onafhanklik en word deur die Rekenpligtige Beampte in oorleg met die Uitvoerende Gesag aangestel. Die Ouditkomitee funksioneer ingevolge 'n goedgekeurde 'verwysingsraamwerk' en vergader kwartaalliks om uitvoering te gee aan hul verantwoordelikhede te gee. Die Ouditkomitee vergader ook met die Uitvoerende Gesag en Rekenpligtige Beampte om sake van belang te bespreek.

Interne Ouditdienste word onafhanklik deur die gedeelde interne ouditfunksie van die Korporatiewe Dienstesentrum in die Departement van die Premier aangebied. In ooreenstemming met die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999) (WOFB) en King III, bied die interne ouditfunksie aan die Ouditkomitee en WKOD-bestuur die gerusstelling dat die interne kontroles met betrekking tot korporatiewe beheer, risikobestuur en beheerprosesse voldoende en doeltreffend is. 'n Risikogebaseerde 3-jaar Rollende Strategiese Plan en Jaarlikse Operasionele Interne Ouditplan is in 2014 deur die Ouditkomitee goedgekeur. Die Ouditkomitee het die uitvoering van die operasionele plan en bestuur se implementering van regstellende stappe gemonitor.

Die Interne Kontrole-eenheid van die WKOD verskaf leiding, raad en strategiese bestuur ten opsigte van interne kontrolepraktyke.

Elemente daarvan behels:

- *Verseker behoorlike beheer.* Dit behels die koördinerende en handhawende van 'n toepaslike raamwerk vir delegasie en korporatiewe beheer. Die elemente behels onder meer versekering van die implementering van regstellende kontroles; versekering van die implementering en handhawende van 'n geïntegreerde verliesbeheerstelsel; kwartaallikse en jaarlikse verslagdoening oor die status van die reaksie op die verslae van die Forensiese Ondersoekendeheid.
- *Lewer 'n gerusstellingsdiens.* Dit behels verslagdoening oor aangeleenthede aan die Ouditkomitee; fasiliterende van die eksterne en interne oudit, en bestuur van die post-ouditprosesse.
- *Verskaf regulatoriese, beleids- en beheerraamwerke en taktiese raad.* Dit behels die ontwikkeling van instrumente en tegnieke en die lewering van advies oor strategie en beleidsdokumente.

Die gekombineerde gerusstellingsbenadering sal steeds toegepas word om beperkte interne oudithulpbronne op die mees toepaslike risikogebiede te fokus. Dit sluit noue samewerking tussen die Interne Kontrole-eenheid en Interne Oudit in.

Alle amptenare word deur middel van posbeskrywings en prestasie-ooreenkomste aanspreeklik gehou. Amptenare by hoofkantoor word vir tydige en deskundige ondersteuning aan distrikte verantwoordelik gehou. Skole en distrikte word vir ondersteuning aan skole en die prestasie van leerders aanspreeklik gehou.

Aanspreeklikheid op skoolvlak is vanaf 2011 versterk deur die Wes-Kaapse Wysigingswet op Provinsiale Skoolonderwys (Wet 7 van 2010), wat in Januarie 2011 in werking getree het.

Aanspreeklikheid is uitgebrei met die oorsigtelike rol wat deur Provinsiale en Nasionale Tesourie vervul word ten opsigte van die verpligte elemente van die beplanning- en verslagdoeningsiklusse wat finansiële én niefinansiële aangeleenthede dek. Verslagdoening vind op 'n maandelikse (bv. finansiële), kwartaallikse of jaarlikse grondslag plaas. Alle afdelings van die WKOD het ooreenstemmende afdelings in die Departement van Basiese Onderwys of die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, waardeur verslagdoening, prestasie-ontleding en vooruitskattings op 'n volgehoue grondslag gekanaliseer word. Die Departement van die Premier speel 'n oorsigtelike rol in belangrike WKOD-projekte. Voorts word beheer deur interne én eksterne auditprosesse op kontroles uitgeoefen, wat daartoe bydra dat funksionaliteit en omsigtige bestuur verseker word.

Wesentlike aanspreeklikheid berus in die formele verhouding tussen die WKOD en UMALUSI, die nasionale gehalteversekeringsliggaam vir leeruitkomste. Die verhouding is gegrond op die interne moderering van assesseringsprosesse en die voorsiening van 'n aanvaarbare eksamenproses.

Net soos alle staatsdepartemente landwyd, het die WKOD aan 'n moniteringsinnovasie van die Presidensie deelgeneem, naamlik die assesseringshulpmiddel vir bestuursprestasie (MPAT) wat die vier gebiede van korporatiewe beheer bestudeer: strategiese beplanning, MH, korporatiewe beheer en aanspreeklikheid en finansiële bestuur. Die oefening was 'n waardevolle een.

Heelskoolevaluering verskaf steeds insigte, nie slegs oor die ondersteuningsbehoefte van individuele skole nie, maar ook oor sistemiese kwessies. Korter besoeke is afgelê by klein skole of dié skole wat optimaal funksioneer. Differensiering in die lengte van besoeke het daarvoor gesorg dat bykomende skole besoek kon word. Die bevindinge is in tendensverslae bekendgestel, benewens die uitgebreide verslae wat aan die betrokke skole voorsien is.

Alle skole het aanlyn-skoolverbeteringsplanne (SVP'e) met teikens vir drie jaar voltooi – vir akademiese prestasie; bestuursdoeltreffendheid (soos leerder- en onderwyserafwesigheid en akademiese beplanning); hulpbronne en instandhouding. Die aanwysers stem ooreen met die nasionale teikens en is in lyn met die nege fokusgebiede van heelskoolevaluering. Die waarde van 'n verbeteringsplan soos hierdie, is dat alle skole daarop gefokus is om belangrike ingrypings vir verbetering te dryf. Die SVP vorm ook deel van die aanspreeklikheidstelsel, aangesien die ondertekenaars van die plan die skoolhoof, die SBL en die WKOD insluit. Skole het ook aksieplanne ingedien om die stappe te spesifiseer wat hulle sal instel om die gestelde teikens te bereik.

Kwartaallikse skoolverbeteringsmonitering is in 2015/16 uitgevoer om die kernaspekte van verkryging en skoolfunksionaliteit, bv. SBL-verkiesings en gereedheid vir die nuwe jaar te monitor. Aangesien die verslae aanlyn vasgelê is, kon die data ontgin en gebruik word om ondersteuning te verbeter. Die data het die WKOD byvoorbeeld in staat gestel om op hoogte van die aflewering van werkboeke te bly.

2. Risikobestuur

Die Rekenpligtige Beampte (RB) vir die Wes-Kaap Onderwysdepartement neem verantwoordelikheid vir die implementering van Ondernemingsrisikobestuur (ORB) ingevolge die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Raamwerk vir Risikobestuur (OSRRB) en die Direkoraat Ondernemingsrisikobestuur (D:ORB) in die Departement van die Premier lewer 'n gesentraliseerde strategiese ondersteuningsdiens aan die departement.

Ter nakoming van die Nasionale Tesourie Openbare Sektor Raamwerk vir Risikobestuur (OSRRB) en om risikobestuur verder in die departement te verstewig, het die Wes-Kaapse Regering (WKR) 'n ORB-beleidsverklaring aanvaar waarin die WKR se oorhoofse doel met betrekking tot ORB uiteengesit word. Die departement het 'n ORB-beleid 2015/16 – 2016/17 aanvaar wat op 28 April 2015 deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is; en 'n ORB-strategie en -implementeringsplan vir 2015/16 wat op 28 April 2015 deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is. Die ORB-implementeringsplan gee uitvoering aan die departementele ORB-beleid en -strategie en skets die rolle en verantwoordelikhede van bestuur en werknemers in die versterking van risikobestuur in die departement.

Die departement het op 'n kwartaallikse basis beduidende risiko's wat 'n impak op die bereiking van sy doelwitte kan hê, strategies en op programvlak geëvalueer. Risiko's is geprioritiseer op grond van waarskynlikheid en impak (inherent en residueel) en bykomende versagtings is ooreengekom om risiko's tot aanvaarbare vlakke te verminder. Nuwe/ontluikende risiko's is tydens die kwartaallikse hersieningsprosesse geïdentifiseer.

Die departement het 'n Komitee oor Ondernemingsrisikobestuur (KORB) ingestel om die Rekenpligtige Beampte behulpsaam te wees met die uitvoering van haar verantwoordelikhede met betrekking tot risikobestuur. Die komitee het volgens 'n verwysingsraamwerk wat op 30 April 2015 deur die Rekenpligtige Beampte goedgekeur is, gefunksioneer. KORB het grotendeels die doeltreffendheid van die versagterende strategieë wat geïmplementeer is om die risiko's van die departement aan te spreek, geëvalueer en verdere optrede aanbeveel, waar van toepassing.

Die Ouditkomitee het die onafhanklike toesig oor die departement se stelsel van risikobestuur verskaf. Die Ouditkomitee is voorsien van kwartaallikse ORB-vorderingsverslae en departementele risikoprofile en -registers ten einde hul onafhanklike toesighoudende rol te vervul. Die Ouditkomitee se evaluering van die risikobestuurproses hou verband met die vordering van die implementering van die ORB-implementeringsplan en risiko's waarvoor die departement te staan kom en toepaslike strategieë vir die reaksie op/hantering van risiko's.

Uitwerking op institusionele prestasie

Volgens die riglyn oor jaarverslae wat deur Nasionale Tesourie uitgereik is, moet kommentaar gelewer word oor die feit of die departement/instelling vordering in die bestuur van risiko's toon, of dit tot die verbetering van die departement se prestasie gelei het en, indien nie, wat daar beplan word te doen om hierdie probleem aan te spreek. Departemente word versoek om dit te oorweeg en kort kommentaar te lewer, indien nodig.

3. Bedrog en korrupsie

Die Wes-Kaapse Regering (WKR) het 'n Anti-Korrupsiestrategie aanvaar, wat 'n bevestiging is van die provinsie se houding van zero toleransie teenoor bedrog en korrupsie. Die departement het 'n Bedrogvoorkomingsplan en 'n Implementeringsplan vir Bedrogvoorkoming goedgekeur, wat uitvoering gee aan die Bedrogvoorkomingsplan.

Verskeie kanale bestaan vir die aanmelding van bewerings van bedrog en korrupsie en dit word volledig in die Provinsiale Anti-Korrupsie Strategie en die Departementele Bedrogvoorkomingsplan beskryf. Elke bewering wat deur die Provinsiale Forensiese Dienste-eenheid (PFD) ontvang word, word in 'n gevallebestuurstelsel opgeteken en dit word gebruik as 'n bestuursinstrument om verslag te lewer oor vordering wat gemaak is met gevalle wat op die departement betrekking het en om statistiek vir die provinsie en die departement te voorsien.

Werknemers wat die fluitjie oor vermoedelike bedrog, korrupsie en diefstal blaas, word beskerm op voorwaarde dat die bekendmaking 'n beskermde bekendmaking is (d.w.s. voldoen aan statutêre vereistes, bv. ter goeder trou gedoen). In hierdie verband is 'n transversale Beleid oor Fluitjieblasers op 24 Februarie 2016 goedgekeur om riglyne aan werknemers te gee oor hoe om bekommernisse aan te meld by die geskikte lynbestuur, bepaalde aangewese persone in die WKR of eksterne instellings, waar hulle redelike gronde het om te glo dat oortredings of ongerymdhede binne die WKR gepleeg is of gepleeg word. Die geleentheid om anoniem te bly word gebied aan enige persoon wat dade van bedrog, diefstal en korrupsie wil aanmeld en indien hulle dit in persoon wil doen, word hulle identiteit vertroulik gehou deur die persoon by wie hulle dit aanmeld.

Sodra bedrog of korrupsie na afloop van 'n ondersoek bevestig word, word die betrokke werknemer wat aan hierdie dade deelgeneem het aan 'n dissiplinêre verhoor onderwerp. In alle sodanige gevalle word daar van die WKR-vertegenwoordiger wat die dissiplinêre verrigtinge inisieer, verwag om die ontslag van die betrokke werknemer aan te beveel. Waar *prima facie*-bewys van kriminele optrede bespeur word, word 'n strafregtelike saak by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld.

PFD het 'n Gevallebewegingsertifikaat uitgereik wat die volgende beweging van gevalle vir die departement gedurende hierdie boekjaar aandui:

Onafgehandelde gevalle soos op 1 April 2015	14
Nuwe gevalle aangemeld gedurende 2015/16	29
Afgehandelde gevalle (2015/16)	(17)
Verwysde gevalle (2015/16)	(15)
Geïnkorporeerde gevalle (2015/16)	(1)
Herklassifiseerde gevalle (2015/16) ¹⁷	1
Onafgehandelde gevalle soos op 31 Maart 2016	11

¹⁷ Hierdie saak is na die departement verwys wat ná 'n voorlopige ondersoek aangedui dat het 'n forensiese ondersoek nodig is.

Die volgende tabel ontleed verder die afgehandelde gevalle hierbo aangedui:

Uitkoms van geslote gevalle	
Uitkoms	Getal
Bewerings gestaaf	7
Slegs voorlopige ondersoek sonder bevindings	6
Slegs voorlopige ondersoek sonder bevindings maar met aanbevelings	4

4. Minimalisering van belangebotsing

Lede van senior bestuur moet jaarliks, of soos omstandighede verander, 'n verklaring van "Geen botsende belange" voltooi en indien. Daar word van alle lede van die bodkomitee en alle personeel in voorsieningskanaalbestuur verwag om klaringsondersoeke te ondergaan, benewens die vereiste verklarings van belangebotsing wat van hulle verwag word om te vermy dat enige amptenaar aan enige projek of funksie deelneem waarin daar 'n belangebotsing mag ontstaan. Die departement vereis dat alle bieërs potensiële verhoudings met die werkgewer of werknemers verklaar. Daar word ook van Ouditkomiteeledere vereis om 'n verklaring van 'Geen belangebotsing' in te dien. Daar was in die boekjaar onder oorsig geen sodanige belangebotsings nie.

5. Gedragskode

Die departement voldoen aan die Staatsdiens-gedragskode.

Die beleid oor die aanvaarding van geskenke deur kantoorgebaseerde amptenare van die Wes-Kaap Onderwysdepartement is toegepas. Die beleid handel onder meer oor algemene riglyne, die geskenkregister, prosedures vir die voltooiing van verklaringvorme, vrae wat gereeld gevra word en 'n templaar vir 'n geskenkregister.

6. Gesondheid-, veiligheid- en omgewingskwessies

Die veiligheid van leerders en opvoeders by skole stel 'n groot uitdaging en die departement het vennootskappe met ander betrokke provinsiale departemente aangegaan om die kwessie te hanteer. Gemeenskapsbetrokkenheid bly 'n belangrike aspek in die stryd teen geweld wat sommige hoë-risiko skole beïnvloed. Die departement het ook in sekere skole GKTV-kameras om skoolhoofde in staat te stel om aktiwiteite te monitor.

7. Portefeuljekomitees

Nie van toepassing nie.

8. SKOOR-besluite

Die verslag van die Staande Komitee oor Onderwys in die jaarverslag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir die jaar geëindig 31 Maart 2015, gedateer 25 November 2015, word hieronder opgesom.

Die komitee het kennis geneem van die Ouditeur-Generaal se ouditmening oor die departement se Finansiële Jaarstate vir die 2014/15-boekjaar, wat 'n skoon ouditmening behaal het. Dit ouditmening is 'n verbetering op die 2013/14-boekjaar toe die departement 'n ongekwalifiseerde ouditmening met bevindings oor wette en regulasies, 'n wesenlike wanvoorstelling in voorgelegde finansiële state en diensleweringsake ontvang het.

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het R17,001 miljard van 'n begroting van R17,026 miljard bestee, wat gelei het tot 'n algehele onderbesteding van R25,059 miljoen (0,15%), soos uiteengesit op bladsy 168 van die 2014/15 jaarverslag. Soos openbaargemaak in aantekening 24.3 tot die finansiële state, is vrugtelose en verkwistende uitgawes ten bedrae van R1,575 miljoen gedurende die 2014/15-boekjaar geïdentifiseer.

Die departement het ook departementele ontvangste van R34,689 miljoen wat bestaan uit inkomste gegenerer uit die volgende bronne:

- Verkoop van goedere en dienste buiten kapitale bates;
- Boetes, strafgeld en verbeurings;
- Rente, dividende en huur vir grond; en
- Transaksies in finansiële bates en laste.

Betreffende kontrole-areas vir verbetering, het die komitee die departement aangemoedig om te konsentreer op die belangrike areas vir verbetering wat geïdentifiseer is, soos:

- Die Veilige Skole-projek;
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) oordragbetalings;
- Voorsieningskanaalbestuur (VKB)-bedrywighede: Kontrakontwikkeling en -bestuur; en
- (VKB)-bedrywighede: Verkryging onder R30 000.

Die komitee het die departement aangemoedig om daarop te konsentreer om die voorgemelde areas vir verbetering aan te spreek. Indien nie, kan die departement agteruit gaan na 'n ongekwalifiseerde ouditmening met bevindings oor voorafbepaalde doelwitte.

Die komitee het die departement gelukkigwens dat die tydperk van skuldinvordering van 55,4 dae tot 2 dae verbeter het.

Die komitee het geen aanbevelings aan die departement gemaak nie.

Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het die volgende inligting aan die komitee verskaf, soos versoek:

- Die regsmenting in reaksie op die aangeleentheid oor die leerdervoerskema, insluitend die ondersoekverslag oor die saak, soos aangedui op bladsy 123 van die jaarverslag 2014/15.
- Alle aksieplanne wat verband hou met die gerusstellingsaanstellings wat in die 2014/15 interne ouditplan goedgekeur is, insluitend Veilige Skole, Vroeëkindontwikkeling-oordragprogramme en bedrywighede van voorsieningskanaalbestuur, soos aangedui op bladsy 123 van die jaarverslag.
- 'n Lys van alle konsultante aangestel deur die VKB-proses, soos aangedui op bladsy 208 van die jaarverslag 2014/15.

9. Vorige wysigings aan ouditverslae

Die departement berei 'n finansiële bestuursverbeteringsplan (FMIP) voor wat fokus op die kwessies van nienakoming wat deur die Ouditeur-Generaal geopper is. Die plan word gehalte-verseker en die Ouditeur-Generaal word in hierdie verband geraadpleeg. Gereelde verslagdoening word aan die departementele ouditkomitee oor vordering gedoen.

Aard van kwalifikasie, vrywaring, ongunstige mening en gevalle van nienakoming	Boekjaar van ontstaan	Vordering met die uitklaring/oplossing van die saak
Ontbytpap/-graan wat nie by skole bedien is nie	2013/14	Die departement het Minuut 0001/2015 aan alle skole uitgereik ten einde die genoemde kwessies aan te spreek.
Maaltye is nie ooreenkomstig die aanbevole voedselspesifikasies en goedgekeurde spyskaart voorberei nie	2014/15	Die departement het die DBO genader om die stap goed te keur wat in die laaste week van die kwartaal geneem is om vermorsing te spaar. Eksamenprotokol is ontwikkel as riglyn vir die bestuur van die NSVP tydens die aflê van eksamens/toetse.
Skoolleerders is nie op alle skooldae gevoed nie	2014/15	Om nakoming by skole te verseker deur hulle te teiken vir monitering en evaluering teen bestaande omsendbriewe met betrekking tot voeding as 'n remediërende maatreël.
Onreëlmatige uitgawes verkeerdelik geklassifiseer en openbaar gemaak	2014/15	Die eenheid Verliesbeheer het weer gekyk na alle inskrywings in die register oor onreëlmatige uitgawes en 'n nuwe aantekening oor onreëlmatige uitgawes is saamgestel vir openbaarmaking in die finansiële state.
Openbaarmakingsaantekening oor onreëlmatige uitgawes	2014/15	Die Nasionale Tesourie se riglyn oor onreëlmatige uitgawes bepaal: "Die templaet vir finansiële jaarstate moet gebruik word om die GKS aan te vul en voorsiening maak vir 'n formaat waarin die openbaarmakingsvereistes van onreëlmatige uitgawes in die finansiële jaarstate en verwante aantekeninge aangebied moet word". Die wanvoorstelling was te wyte aan 'n versperde sel in die templaet wat deur die Nasionale Tesourie voorsien is. Die departement kon nie die syfers op die insette opdeel nie, maar die individuele bedrae is wel beskikbaar. Die Word-dokument is reggestel om die syfer by die korrekte beskrywing aan te dui.
Openbaarmaking oor vrugtelose en verkwiste uitgawes nie akkuraat nie	2014/15	Die nuwe Verliesbeheerregister is tesame met Provinsiale Tesourie deur Ce-I ontwikkel en verskaf inligting soos daar in Nasionale Tesourie se voorgeskrewe register vereis word. Rekeningkundige en verslagdoeningsprosedures vind ingevolge nasionale voorskrifte plaas. Die eenheid Verliesbeheer sal al die gevalle in die register hersien en die aantekeninge tot die finansiële state sal heraangegee word, waar nodig.
Onakkurate skedule van verpligtinge	2014/15	Die departement sal die status van alle kontrakte hersien. Die aantekening tot die finansiële state is heraangegee. Die departement het kwartaallike evalueringe uitgevoer om te verseker dat alle kapitaalverpligtinge wat geopenbaar is, geldig, akkuraat en voltooi is.
Oordrag van onroerende bates	2014/15	Die aantekening is gewysig en die oordrag het in die 2015/16-boekjaar plaasgevind.
Uitgawes op Leerdervoorskema (LVS) – Vrugtelos en Verkwistend onderaangegee	2013/14	Die huidige verpligting van distrikskantore om roetes ten tye van aansoek te verifieer, geld steeds en word noukeurig gemonitor. Die LVS-aansoekvorm is gewysig om van distrikte te vereis dat twee persone (in plaas van een) roete-afstande meet en verifieer.
Verskille in finansiële state	2013/14	Die departement sal voortgaan om die korrektheid van die inligting in die finansiële state deur middel van sy interne kontroleprosesse te monitor.
Openbaarmaking oor sleutelbestuurspersoneel –geen rekeningkundige beleid nie	2013/14	Die rekeningkundige beleid is geneem uit die generiese templaet van Nasionale Tesourie en sleutelbestuurspersoneel was nie daarby ingesluit nie. Die finansiële jaarstate is bygewerk om die beleid vir sleutelbestuurspersoneel in te sluit.

10. Interne kontrole-eenheid

Die direktoraat Interne Kontrole het die volgende funksies onderneem:

1. 'n Proses ter ondersteuning van behoorlike beheer is geïmplementeer
2. Die geïntegreerde interne kontrolestelsel ondersteun: 'n databasis van regsraamwerke is gehandhaaf en bygehou en die behoorlike implementering van delegasie van raamwerke is gemonitor
3. Die register oor forensiese ondersoeke is bygehou: Departementele opleiding in bedrogbewustheid gekoördineer: vorderingsverslae oor FOE-gevalle aan hoofkantoor en distrikte voorsien en die bygewerkte departementele FOE-register aan die Departement van die Premier voorgelê.
4. Beleide, prosedures en prosesse met betrekking tot die direktoraat Interne Kontrole is ontwikkel.
5. Nakoming volgens voorskrifte gemonitor: 'n werkende instrument vir nakoming bestuur en ontwikkel; die instrument in lyn met huidige wetgewing bygewerk, interne kontroleprosedures getoets ten einde tendense op te spoor om swakhede in die interne kontrolestelsel te bepaal.
6. Die doeltreffendheid en implementering van finansiële voorskrifte is geëvalueer: ondersoeke in die departement is voltooi; prestasie van VKB-kampvegters is gemonitor.
7. Die departementele risikoregisters geëvalueer: 'n rekord van risikoverslae gehandhaaf; met ORB-eenheid en interne oudit oor die departementele risiko's geskakel.
8. Fasilitering van gerusstelingsdienste – Die interne en eksterne oudits gefasiliteer: vordering met aanbevelings in die bestuursverslag en interne ouditverslae gemonitor; die reaksies van bestuur ontleed en implementering daarvan verseker; insette en advies gelewer.
9. Verslag oor aangeleenthede aan die ouditkomitee gedoen: kommentaar aan die ouditkomitee oor die status van finansiële bestuursverbeteringsplan gelewer.

Implementering van regstellende kontroles is verseker: Ondersoeke is voltooi en verslae en registers oor onreëlmatige, vrugtelose en verkwiste uitgawes en ongemagtigde uitgawes is verskaf; die post-ouditproses ten opsigte van betalingsbewyse is voltooi; die verifiëring van die MPAT-dokumentasie is voltooi.

11. Interne audit en Ouditkomitees

Interne Oudit voorsien bestuur van onafhanklike, objektiewe gerusstellings- en raadgewende dienste wat bedoel is om waarde toe te voeg en om die bedrywighede van die departement voortdurend te verbeter. Dit behoort die departement by te staan met die bereiking van sy doelwitte deur 'n sistematiese, gedissiplineerde benadering te voorsien om die doeltreffendheid van bestuurs-, risikobestuurs- en beheerprosesse te evalueer en te verbeter. Die volgende belangrike aktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Evalueer en maak gepaste aanbevelings vir die verbetering van die bestuursprosesse ter bereiking van die departement se doelwitte;
- Evalueer die geskiktheid en doeltreffendheid van en dra by tot die verbetering van die risikobestuursproses;
- Lewer bystand aan die Rekenpligtige Beampte met die handhawing van doeltreffende en effektiewe beheer deur die evaluering van maatreëls om die effektiwiteit en doeltreffendheid daarvan te bepaal en maak aanbevelings vir verbetering of versterking.

Interne auditwerk wat gedurende die oorsigjaar vir die departement voltooi is, het vyf gerusstellingsaanstellings en een raadplegende aanstelling ingesluit. Die besonderhede van hierdie interaksies word by die verslag van die ouditkomitee ingesluit.

Die Ouditkomitee is as 'n toesighoudende liggaam ingestel en voorsien onafhanklike toesig oor die beheer-, risikobestuurs- en kontroleprosesse in die departement, wat toesig en hersiening van die volgende insluit:

- Interne auditfunksie;
- Eksterne auditfunksie (die Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika - OGSA);
- Departementele rekeningkunde en verslagdoening;
- Departementele rekeningkundige beleid;
- OGSA bestuurs- en auditverslag;
- Departementele in-jaar monitering;
- Departementele risikobestuur;
- Interne kontrole;
- Voorafbepaalde doelwitte;
- Etiek en forensiese ondersoek.

Die tabel hieronder verskaf toepaslike inligting oor lede van die Ouditkomitee:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in die departement (nie van toepassing nie)	Datum aangestel	Datum bedank	Getal vergaderings bygewoon
Mnr Ronnie Kingwill	GR(SA); CTA; BCom	Ekstern		01 Januarie 2014 (2 ^{de} termyn)	N.v.t.	8
Prof Estian Calitz	DCom (Ekonomie); BCom (Honneurs) (Ekonomie); MCom (Ekonomie); BCom (Honneurs) (Ekonomie); BCom	Ekstern		01 Januarie 2013 (2 ^{de} termyn)	2 ^{de} termyn het op 31 Desember 2015 verstryk	5
Me Zulpha Abrams	GR(SA) & FIIA SA, CIA	Ekstern		07 April 2014 (2 ^{de} kwartaal)	N.v.t.	7
Mnr Linda Nene	CCSA; CRMA; CCP; FIIA SA; Nagraadse Diploma in Bestuur – Korporatief; Beheer; BComm (Rek)	Ekstern		01 April 2014 (2 ^{de} kwartaal)	N.v.t.	6
Me Rozan Jafftha	GR(SA) & FIIA SA; CIA	Ekstern		01 Oktober 2014	N.v.t.	8

12. Verslag van die Ouditkomitee

Ons bied met genoeg ons verslag aan vir die boekjaar wat op 31 Maart 2016 geëindig het.

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee doen verslag dat al sy verantwoordelikhede nagekom is, soos vereis deur **artikel 38(1)(a)(ii)** van die **Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB)** en **Nasionale Tesourieregulasie 3.1**. Die Ouditkomitee doen ook verslag dat 'n toepaslike, formele verwysingsraamwerk goedgekeur is, sy aangeleenthede ter nakoming van hierdie voorwaardes gereguleer is en alle verantwoordelikhede wat daarin vervat is, uitgevoer is.

Die doeltreffendheid van interne kontrole

In lyn met die PFMA en die King III-verslag oor vereistes vir Korporatiewe Beheer, verskaf Interne Oudit aan die Ouditkomitee en bestuur redelike gerusstelling dat die interne kontroles voldoende en doeltreffend is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde, risikogebaseerde interne auditplan, Interne Oudit wat evalueer of kontroles wat die risiko's mitigeer, geskik is en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende stappe monitor.

Die volgende interne ouditfunksies is gedurende die oorsigjaar voltooi:

Gerusstellingsaanstellings:

- Oordragbetalings – Onafhanklike Skole
- Leerderondersteuning
- MH-register
- Kliëntediens (Inloopsentrum)
- Voorwaardelike toelae (Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie)

Konsulerende aanstellings:

- Leerdervoerskemas (konsulerende aanstelling)

Die interne ouditplan vir die jaar is voltooi. Die areas vir verbetering soos deur Interne Oudit uitgewys gedurende hul werkverrigting, is deur bestuur aanvaar. Die Ouditkomitee monitor hierdie aksies op 'n deurlopende basis, met besondere fokus op die monitering van herhalende bevindings. Die goedgekeurde, gekombineerde gerusstellingsbenadering sal steeds toegepas word om beperkte interne oudithulpbronne op die mees toepaslike risikogebiede te fokus.

In-jaar bestuurs- en maandelikse/kwartaallikse verslae

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse in-jaar bestuurs- en prestasieverlae wat gedurende die oorsigjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die departement ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste uitgereik is.

Evaluering van finansiële state

Die Ouditkomitee het:

- die geouditeerde finansiële jaarstate wat by die jaarlikse verslag ingesluit moet word, met die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika (OGSA) en die Rekenpligtige Beampte hersien en bespreek;
- die OGSA se Bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop hersien;
- veranderinge aan rekeningkundige beleide en praktyke hersien, soos in die finansiële jaarstate aangeteken;
- wesenlike wysigings voortspruitend uit die oudit van die departement hersien.

Nakoming

Die Ouditkomitee het die departement se prosesse vir nakoming van wetgewende en regulatoriese bepalings hersien.


Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte, soos in die jaarverslag aangeteken, hersien.

Verslag van die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika

Ons het die departement se implementeringsplan vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is, op 'n kwartaallikse grondslag hersien. Die Ouditkomitee het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese verslag voortspruit nie. Regstellende stappe oor die gedetailleerde bevindings wat deur die OGSA geopper is, word op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem ooreen met en aanvaar die Ouditeur-Generaal se mening oor die finansiële jaarstate en doen aan die hand dat hierdie geouditeerde finansiële jaarstate aanvaar word en met hulle verslag saamgelees word.



Ronnie Kingwill

Voorsitter van die Onderwysouditkomitee

Datum: 2016:08:08

1. Wetgewing wat Menslike Hulpbronnebestuur bepaal

Die inligting wat in hierdie deel verskaf word, word deur die Staatsdiensregulasies (hoofstuk 1, deel III J.3 en J.4) voorgeskryf.

Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 (Wet 75 van 1997)

Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)

Wet op Billike Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

Wet op Beroepsgesondheid en -Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993)

Wet op die Vergoeding vir Beroepsiektes en -beserings, 1993 (Wet 130 van 1993)

Wet op Staatsamptenaarpensioenfonds, 1996 (Proklamasie 21 van 1996)

Die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994)

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996)

Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998 (Wet 97 van 1998)

Wet op die Bevordering van Gelykheid en die Voorkoming van Onbillike Diskriminasie, 2000 (Wet 4 van 2000)

Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000 (Wet 2 van 2000)

Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000)

2. Inleiding

Oorsig van die departement se mensebestuursaangeleenthede

Die bestuur van die departement se bekostigbare mandjie van opvoederposte is van kritieke belang vir die opvoedkundige sukses van skole. Die WKOD het altesaam 32 039 poste vir die 2016-skooljaar toegeken. Weens finansiële beperkings vir die 2015/2016 en 2016/2017 MTUR, kon die WKOD die bekostigbare mandjie van poste slegs van 32 033 na 32 039 verhoog. Stappe is gedoen om 'n opvoeder-leerder-verhouding van 1: 37 in laerskole en 1:33 in hoërskole te verseker.

Die departement het ook sy aantal permanente onderwysers verhoog wat groter stabiliteit vir die stelsel bied. Die departement het 'n beplande oefening uitgevoer om botallige opvoeders te ontplooi, wat in die 2015/16-boekjaar gelei het tot die vermindering van botallige opvoeders met 136 (84 + 52). Dit het dus verseker dat meer poste geskep kon word om onderwysers te voorsien aan skole wat die grootste behoefte ervaar het. Die departement het in die 2015-skooljaar drie vakaturelyste vir opvoeders verskaf, asook drie (3) spesiale vakaturelyste op aanvraag vir die poste van skoolhoof en adjunk-skoolhoof.

Mensebestuursprioriteite vir die jaar onder oorsig en die impak van daardie prioriteite

1. Skoolleierskap en bestuur:

Spesiale aandag is in 2015 aan die advertering en vulling van skoolhoof- en adjunk-skoolhoofposte geskenk. Hierdie poste is in elk van die vakaturelyste en in spesiale vakaturelyste geadverteer en geprioritiseer om die spoedige verwerking van aansoeke te verseker. Hierdie stap het die tydperke van opvoeders in waarnemende poste verminder en tot stabiliteit in skole bygedra.

Aanstellingsvereistes en keuringsprosesse vir skoolhoofde, adjunk-skoolhoofde en departementshoofde is versterk. Instrumente vir bevoegdheidsgebaseerde assessering (BGA) is aan 94 kandidate gebied om te help met werwing vir bevorderingsposte in 2015/16. Terugvoer aan individue het bygedra tot die ontwikkeling van ingeligte Individuele Ontwikkelingsplanne vir nuutaangestelde skoolhoofde, adjunk-skoolhoofde en departementshoofde.

2. Vermindering in getal tydelike onderwysers:

Die departement met ingang van 1 Januarie 2016 altesaam 1 128 posvlak 1-onderwysers in 'n permanente hoedanigheid aangestel.

3. Afname in die getal werknemers op verlengde verloftydperke:

Dit is geprioritiseer om die finansiële las op die departement te verlig en te verseker dat leerders baat vind by optimale omstandighede vir onderrig en leer. Die WKOD bestuur die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede weens Swak Gesondheid (PILIR) deur te verseker dat diegene wat geregtig is op tydelike ongeskiktheidsverlof met betaling dit ontvang, en dat daar geen onnodige vertraging is om hulle geregtigheid op verlof of oorbetalings vir diegene wat nie op sodanige verlof geregtig is te bepaal nie. Spoedige verwerking van hierdie gevalle het ook daartoe bygedra dat die stabiliteit aan skole herstel en dat die gehalte van leer verbeter is.

Werkmagbeplanning en sleutelstrategieë om 'n vaardige en bekwame werkmag te lok en te werf

Die departement het gebruik gemaak van die dienste en beskikbaarheid van die gegradueerdes van die Funza Lushaka-beursskema wat deur die nasionale Departement van Basiese Onderwys geadministreer word. Gedurende die tydperk 1 April 2015 tot 31 Desember 2015 is 623 (76.1%) van die 819 Funza Lushaka-beurshouers van 2014 suksesvol geplaas. Gedurende die tydperk 1 Januarie 2016 tot 31 Maart 2016 is 304 (45%) Funza Lushaka-beurshouers van 2015 in opvoederposte geplaas. Ander nuwe toetreders het die geleentheid gekry om permanent in 'n opvoederspos aangestel te word.

Die departement het met die vul van senior bestuursposte klem gelê op die uitslae van die voorgeskrewe bevoegdheid-gebaseerde assesserings wat voltooi is deur kandidate wat die meeste punte behaal het.

Raamwerk vir werknemerprestasiestuur

Die departement het die voorgeskrewe beleid ten opsigte van prestasiestuur aanvaar en onderskryf en het verseker dat alle personeel, sowel opvoeders as staatsdienspersoneel, goed ingelig is oor die verwagtinge van die werkgewer. Terwyl toppresterders met prestasiebonusse beloon is, was swak presteerders verplig om by persoonlike verbeteringsprogramme aan te sluit.

Werknemerwelstandsprogramme

'n Enkele eksterne diensverskaffer het 'n diens ten opsigte van die Wes-Kaapse provinsiale regering gelewer. Die program bied voortgesette ondersteuning ten opsigte van die sielkundige, emosionele en leefstylbehoefte van werknemers. Die program fokus op onder meer MIV en Vigs, stres, finansiële bestuur, verhoudings, regsaspekte, familiesake, middelmisbruik en trauma-ontlonting. Die program behandel ook werknemers se gesondheid- en welstandskwessies deur middel van werknemergesondheid- en welstandbewustheidsdae. Die doel van hierdie bewusmakingsdae is om 'n gesonde leefstyl te bevorder en die dienste wat die WKOD aan sy werknemers bied te bevorder. Daarbenewens vind Bewusmaking oor Gesondheids-bevordering plaas volgens die dae aangeteken in die Departement Gesondheid se gesondheidskalender. Die WKOD het gedurende die oorsigtydperk 31 gesondheid- en welstandbewustheidsdae aangebied, bewustheid geskep deur 25 voorspraaksessies te hou oor die werknemerwelstandsprogram wat aan WKOD-werknemers gebied word, en ondersteuning gebied aan 793 werknemers tydens 24 trauma-ontlontingsessies.

Prestasies en uitdagings

Die departement het voor die einde van Augustus 2015 die 2016-skooldiensstate beskikbaar gestel. Dit het skole in staat gestel om tydig met hul beplanning vir 2016 te begin en het ook voldoende geleentheid geskep vir skole om 'n beroep op meer poste te doen, waar nodig. Skooldiensstate vir 2016 is gegrond op geverifieerde leerdergetalle soos op 31 Julie 2015.

Die aanlyn e-Werwingstelsel ('werwing van die beste') is vanaf Januarie 2013 geïmplementeer. Die stelsel stel alle opvoeders, insluitend nuut gegradueerdes, in staat om hul persoonlike profiel op die stelsel te voltooi en die platform te gebruik om aanlyn om geadverteerde poste aansoek te doen. Hierdie stelsel het groter doeltreffendheid in die bestuur van aansoeke meegebring. Alle opvoedervakatures in 2015/16 is via die aanlyn-stelsel geadverteer.

Die WKOD gebruik sedert 2013 die Pensioene e-Kanaliseringsstelsel. Dit maak voorsiening vir die elektroniese verwerking van pensioenonttrekking vir begunstigdes en het die omkeertyd vir die betaling van voordele aansienlik verminder.

Die WKOD het kommunikasie opgeskerp om te verseker dat alle werknemers wat vergoeding vir werk buite die staatsdiens ontvang, om goedkeuring aansoek doen. Die departement het met behulp van interne audit 'n belanghebbende-raamwerk ontwikkel om die werksverhouding met eksterne belanghebbendes soos vakbonde, prinsipale-forum en skoolbeheerliggame te verbeter.

Toekomstige planne/doelwitte vir mensebestuur

1. Bekendstelling en uitrol van fase II van die E-Werwing-stelsel, outomatisering van die SBL-proses in terme van die opstel van 'n kortlys, puntetoekenning en nominasies.
2. Uitrol van die e-Werwing-stelsel om kantoorgebaseerde opvoederposte asook dié van staatsdiensposte te dek.
3. Elektroniese voorsiening van aanlyn aansoeke vir inrigtingsgebaseerde opvoederposte aan skole.
4. Profielsamestelling van alle onderwysers in terme van spesialisasie in vak en fase, en vak- of fase-onderrig ten einde behoorlike personeelbeplanning vir toekomstige behoeftes te dek.

3. Oorsig van menslike hulpbronstatistiek

3.1 Personeelverwante uitgawes

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die finale geouditeerde Personeelverwante uitgawes per program en per salarisband. 'n Aanduiding van die volgende word in die besonder verskaf:

- bedrag bestee aan personeel
- bedrag bestee aan salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese fonds.

Program	Naam van program
Program 1	Administrasie
Program 2	Openbare Gewone Skoolonderwys
Program 3	Subsidies vir Onafhanklike Skole
Program 4	Openbare Spesiale Skoolonderwys
Program 5	Vroeëkindontwikkeling
Program 6	Infrastruktuurontwikkeling
Program 7	Eksamen- en Onderwysverwante Dienste

Tabel 3.1.1 Personeeluitgawes per program vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016

Program	Totale uitgawes (R'000)	Personeeluitgawes (R'000)	Opleidings-uitgawes (R'000)	Professionele en spesiale dienste-uitgawes (R'000)	Personeel-uitgawes as 'n % van totale uitgawes	Gemiddelde personeel-koste per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Program 1*	1 230 688	797 635	1 173	0	4.52	425	1 878
Program 2	12 959 597	11 222 285	24 191	0	63.62	318	35 246
Program 3	95 383	0	0	0	0.00	0	0
Program 4	1 049 773	875 574	0	0	4.96	310	2 826
Program 5	482 163	61 027	0	0	0.35	407	150
Program 6**	1 549 959	6 395	0	0	0.04	213	30
Program 7	269 779	***78 208	0	0	0.44	447	175
		****76 120	0	0	0.43	0	0
Totaal	17 637 342	13 117 244	25 364	0	74.36	325	40 305

Aantekeninge:

* Distriksgebaseerde werknemers is van Program 9 na Program 1 verskuif, vandaar die toename in die getal werknemers.

** Program 6 sluit Beroepsesifieke Bedeling-poste (BSB) in, wat grootliks deur DORA-poste befonds word.

***Die personeeluitgawes ten opsigte van Program 7 (Eksamen- en Onderwysverwante Dienste) ten bedrae van R78 208m is ten opsigte van die werknemers in permanente diens. Die aangeduide gemiddelde personeelkoste is dus slegs ten opsigte van die voltydse werknemers.

****Die bedrag van R76120m reflekteer die bedrag ten opsigte van die uitgawes vir eksaminatore/moderatore/nasieners en tydelike administratiewe ondersteuningspersoneel (vir die 2015-Matriekksamens) asook MIV/Vigs-ondersteuningspersoneel.

Tabel 3.1.2 Personeelkoste per salarisband vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016

Salarisband	Personeel-uitgawes (R'000)	% van totale personeelkoste	Gemiddelde personeelkoste per werknemer (R'000)	Getal werknemers
Laer geskool (Vlak 1-2)	344 116	2.62	110	3 122
Geskoold (Vlak 3-5)	832 188	6.33	166	5 003
Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	7 486 250	56.93	321	23 289
Hoogs geskoold toesighouding (vlak 9-12)	4 433 786	33.72	501	8 844
Senior en topbestuur (Vlak 13-16)	53 228	0.40	1 132	47
Totaal	13 149 567*	100.00	326	40 305**

Aantekeninge:
 *Die totale personeeluitgawes in tabel 3.1.1 en 3.1.2 verskil omdat sommige transaksies direk op BAS plaasvind
 **Die totale getal werknemers aangedui in tabel 3.1.1 en 3.1.2 hierbo sluit sowel staatsdienspersoneel as opvoeders in.

Die volgende tabelle verskaf 'n opsomming per program (Tabel 3.1.3) en salarisbande (Tabel 3.1.4) van uitgawes aangegaan as gevolg van salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand. Die tabel verskaf in elke geval 'n aanduiding van die persentasie van die personeelbegroting wat vir hierdie items aangewend is.

Tabel 3.1.3 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand per program vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016

Program	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese fonds	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as % van personeelkoste	Bedrag (R'000)	Oortyd as % van personeelkoste	Bedrag (R'000)	HET as % van personeelkoste	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as % van personeelkoste
Program 1	530 014	4.03	4 753	0.04	16 672	0.13	30 834	0.23
Program 2	8 450 343	64.26	25	0.00	259 256	1.97	511 887	3.89
Program 3	0	0.00	0	0.00	0	0.00	0	0.00
Program 4	616 046	4.68	90	0.00	21 121	0.16	39 480	0.30
Program 5	45 794	0.35	0	0.00	981	0.01	2 457	0.02
Program 6	8 515	0.06	0	0.00	84	0.00	202	0.00
Program 7	127 029	0.97	2 386	0.02	3 025	0.02	6 400	0.05
Totaal	9 777 741	74.36	7 254	0.06	301 139	2.29	591 260	4.50

Tabel 3.1.4 Salarisse, oortyd, huiseienaarstoelae en mediese bystand per salarisband vir die tydperk 1 April 2015 tot 31 Maart 2016

Salarisband	Salarisse		Oortyd		Huiseienaarstoelae		Mediese fonds	
	Bedrag (R'000)	Salarisse as % van personeelkoste	Bedrag (R'000)	Oortyd as % van personeelkoste	Bedrag (R'000)	HET as % van personeelkoste	Bedrag (R'000)	Mediese bystand as % van personeelkoste
Geskoold (Vlak 1-2)	244 782	1.86	50	0.00	17 580	0.13	17 388	0.13
Geskoold (Vlak 3-5)	591 196	4.50	2 033	0.02	36 617	0.28	53 998	0.41
Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	5 572 741	42.38	4 076	0.03	169 230	1.29	347 900	2.65
Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12)	3 333 802	25.35	1 095	0.01	77 573	0.59	171 287	1.30
Senior bestuur (Vlak 13-16)	35 220	0.27	0	0.00	139	0.00	687	0.01
Totaal	9 777 741	74.36	7 254	0.06	301 139	2.29	591 260	4.50

3.2 Indiensneming en vakatures

Die tabelle in hierdie afdeling is 'n opsomming van die posisie ten opsigte van indiensneming en vakatures.

Die volgende tabelle is 'n opsomming van die getal poste op die diensstaat, die getal werknemers, die persentasie poste vakant en of daar enige personeel bykomend tot die diensstaat is.

Hierdie inligting word ten opsigte van twee belangrike veranderlikes aangebied:

- program (Tabel 3.2.1) en
- salarisband (Tabel 3.2.2).

Tabel 3.2.1 Indiensneming en vakatures per program soos op 31 Maart 2016

Personeelgroep	Program	Getal befondsde poste	Onbefondsde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Totale getal werknemers
Alle personeel	Program 1	2 101	51	1 843	12.28	35	1 878
	Program 2	35 048	13	34 987	0.17	259	35 246
	Program 4	2 925	18	2 800	4.27	26	2 826
	Program 5	15	0	150	0.00	0	150
	Program 6	53	0	26	50.94	4	30
	Program 7	184	0	169	8.15	6	175
	Totaal	40 326	88	39 975	0.87	330	40 305
Opvoeders	Program 1	703	7	647	7.97	20	667
	Program 2	28 860	0	28 885	0.00	174	29 059
	Program 4	1 839	0	1 824	0.82	16	1 840
	Program 5	15	0	150**	0.00	0	150
	Program 6	6	0	2	66.67	0	2
	Program 7	49	0	56	0.00	6	62
	Totaal	31 472	7	31 564	0.00	216*	31 780
Staatsdienspersoneel	Program 1	1 398	44	1 196	14.45	15	1 211
	Program 2	6 188	13	6 102	1.39	85	6 187
	Program 4	1 086	18	976	10.13	10	986
	Program 5	0	0	0	0.00	0	0
	Program 6	47	0	24	48.94	4	28
	Program 7	135	6	113	16.30	0	113
	Totaal	8 854	81	8 411	5.00	114	8 525

Aantekeninge:

*In die geval van opvoeders bykomend tot die diensstaat, word slegs die syfers aangedui van daardie opvoeders wat behoorlik as bykomend ingevolge die kollektiewe ooreenkomste geïdentifiseer is.

**Program 5: Poste van opvoeder: preprimêr word afgeskaf soos hulle vakant raak. Die WKOD het 'n beleid aanvaar waarvolgens die fondse gekoppel aan ontruimde poste deur 'n subsidiebetaling vervang word in 'n poging om meer leerterreine vir preprimêre leerders te skep (Vroeëkindontwikkeling). 150 opvoeders in program 7 is preprimêre personeel. Hierdie personeel word in bykomende poste gedra.

Wat opvoedkundige instellings betref, beteken die getal vakatures ten opsigte van opvoeders nie dat die instelling minder opvoeders het as die getal opvoeders waarop hulle geregtig is nie. Dit dui bloot aan dat die opvoederposte nie in 'n permanente hoedanigheid gevul is nie. Waar die pos nie permanent gevul word nie, word 'n kontrakaanstelling gemaak om te verseker dat alle opvoedkundige instellings voldoende kapasiteit het.

Tabel 3.2.2 Indiensneming en vakatures per salarisband soos op 31 Maart 2016

Personeelgroep	Salarisband	Getal befondsde poste	Onbefondsde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %	Getal persone bykomend tot die diensstaat	Totale getal werknemers
Alle personeel	Laer geskoold (Vlak 1-2)	3 261	31	3 339	0.00	23	3 362
	Geskoold (Vlak 3-5)	4 567	16	4 796	0.00	54	4 850
	Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	28 353	28	28 222	0.46	201	28 423
	Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12)	4 099	13	3 573	12.83	50	3 623
	Senior bestuur (Vlak 13-16)	46	0	45	2.17	2	47
	Totaal	40 326	88	39 975	0.87	330	40 305
Opvoeders	Laer geskoold (Vlak 1-2)	0	0	0	0.00	0	0
	Geskoold (Vlak 3-5)	441	0	1 024	0.00	1	1 025**
	Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	27 197	0	27 178	0.07	171	27 349
	Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12)	3 834	7	3 362	12.31	44	3 406
	Senior bestuur (Vlak 13-16)	0	0	0	0.00	0	0
	Totaal	31 472	7	31 564	0.00	216	31 780
Staatsdienspersoneel	Laer geskoold (Vlak 1-2)	3 261	31	3 339	0.00	23	3 362
	Geskoold (Vlak 3-5)	4 126	16	3 772	8.58	53	3 825
	Hoogs geskoold produksie (Vlak 6-8)	1 156	28	1 044	9.69	30	1 074
	Hoogs geskoold toesighouding (Vlak 9-12)	265	6	211	20.38	6	217
	Senior bestuur (Vlak 13-16)	46	0	45	2.17	2	47
	Totaal	8 854	81	8 411	5.00	114	8 525

Aantekeninge:

*Wat opvoedkundige instellings betref, beteken die getal vakatures ten opsigte van opvoeders nie dat die instelling minder opvoeders het as die getal opvoeders waarop hulle geregtig is nie. Dit dui bloot aan dat die opvoederposte nie in 'n permanente hoedanigheid gevul is nie. Waar die pos nie permanent gevul word nie, word 'n kontrakaanstelling gemaak om te verseker dat alle opvoedkundige instellings die getal opvoeders het waarop hulle geregtig is.

**Alle opvoederposte word geskep vir die aanstelling van professioneel, ten volle gekwalifiseerde opvoeders (minstens Matriek plus 3 jaar opleiding) op die minimum van salarisvlak 6-7. Die WKOD het 'n paar ondergekwalfiseerde opvoeders in die stelsel. Hulle is die 1025 opvoeders wat op salarisvlak 3-5 vergoed word, aangesien hulle nie aan die minimum posvereistes voldoen om op salarisvlak 6-7 betaal te word nie. Hierdie opvoeders is almal in goedgekeurde poste aangestel wat op hierdie tabel in salarisband 6-8 aangetoon word.

Tabel 3.2.3 Indiensneming en vakatures per kritieke beroep soos op 31 Maart 2016

Kritieke beroep	Getal poste op goedgekeurde diensstaat	Getal poste gevul	Vakaturekoers	Getal werknemers bykomend tot die diensstaat
N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.
Totaal	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.	N.v.t.

Aantekeninge:

